# DIE ADMINISTRASIE VAN DIE KAAP ONDER GOEWERNEUR VAN PLETTENBERG 1771 - 1785.

deur

CONSTANT VICTOR ERIC WAHL.

University of Cape Town

'N TESIS VOORGELÊ VIR DIE GRAAD M.A. IN DIE DEPARTEMENT GESKIEDENIS VAN DIE UNIVERSITEIT VAN KAAPSTAD.

1950.

The copyright of this thesis is held by the University of Cape Town.
Reproduction of the whole or any part may be made for study purposes only, and not for publication.

The copyright of this thesis vests in the author. No quotation from it or information derived from it is to be published without full acknowledgement of the source. The thesis is to be used for private study or non-commercial research purposes only.

Published by the University of Cape Town (UCT) in terms of the non-exclusive license granted to UCT by the author.

University of Cape Town

# I N L E I D I N G.

Baron Joachim van Plettenberg se tydperk as Gesaghebber en Goewerneur van die Kolonie het gestrek vanaf 1771 tot 1785. Dit was gedurende sy regering dat die twee emigrasiestrome, die blankes uit die Kolonie wat ooswaarts en die Bantoe wat weswaarts getrek het, mekaar in die buurt van die Visrivier ontmoet het.

Die Oosgrensmoeilikhede gedurende Goewerneur van Plettenberg se tydperk, is reeds baie deeglik deur verskillende navorsers ondersoek. In sy boek, „Die Trekboer in die Geskiedenis van die Kaapkolonie 1657-1842", behandel dr. P.J. van der Merwe die oorsake en verloop van die eerste en tweede Kafferoorloë baie deeglik in hoofstuk VII, pp.259-317.

Dr. J. S. Marais behandel die ontstaan van die eerste moeilikhede tussen die Boere en die Kaffers in die eerste hoofstuk, pp. 1-15, van sy boek „Maynier and the First Boer Republic". Dr. Marais verklaar egter, dat hy wat hierdie tydperk betref, tevrede was om te steun op die werk van dr. P. J. van der Merwe, „Die Trekboer in die Geskiedenis van die Kaapkolonie".

Die Oosgrensmoeilikhede gedurende hierdie jare word ook kortliks behandel deur professor W. M. Macmillan in sy boek, „Bantu, Boer and Briton", in hoofstuk III, pp. 21-34.

Gedurende die sewentigerjare het die boere in die omgewing van die Roggeveld en Sneeuberge nog baie las ondervind van die sogenaamde „Bosjesmans-Hottentotten". Hierdie moeilikhede word baie noukeurig behandel deur dr. P. J. van der Merwe in sy boek „Die Noordwaartse Beweging van die

University of Cape Town

Boere voor die Groot Trek (1770-1842)", hoofstukke I en II, pp. 1-65.

Van groot belang is ook die gisting en woelinge van die Kaapse burgers gedurende hierdie tyd. In 1779 het die burger-afgevaardigdes persoonlik 'n lywige Burgerpetisie voor die Here XVII en State-Generaal van Holland voorgelê. Die aard en omvang van die woelinge onder die burgers, wat die naam Patriotte gedra het, en die oorsprong van hierdie ontevredenheid onder die Kaapse burgery, word baie deeglik deur dr. Coenraad Beyers in sy boek, „Die Kaapse Patriotte, 1779-1791" behandel.

Met hierdie belangrike aspekte van die administrasie van Goewerneur van Plettenberg reeds gedek, het ek my in hierdie verhandeling uitsluitlik bepaal by die militêre en ekonomiese aspekte van sy administrasie aan die Kaap, dit wil sê, die streek wat vandag algemeen bekend is as die Westelike Provinsie.

In die behandeling van die militêre aangeleenthede van die Kolonie gedurende Van Plettenberg se tydperk, is die doel om lig te werp op die militêre onvoorbereidheid van so 'n strategiese besitting soos die Kaap. Ook word die verdediging van die Kaap deur die Franse besettingstroepe, die gehuurde regimente en die koloniste bespreek.

Wat die ekonomiese sy van die administrasie betref, word die algemene ekonomiese toestand en die ekonomiese vraagstukke van die Kolonie ondersoek, en word die oplossings wat die Kompanjie, goewerneur en koloniste aangebied het, bespreek.

Universiteit van Kaapstad,
Oktober 1950.

C. V. E. WAHL.

University of Cape Town

# I N H O U D S O P G A W E.


Bladsy.

HOOFSTUK I: 'N NUWE GOEWERNEUR 1771-1785. 3-8.

1. Ekonomiese toestand van die vyftiger- tot die sewentigerjare .................. 3
2. Wrywing in die Ooste tussen Frankryk en Brittanje ............................ 4
3. Swak verdediging van die Kaap............ 5
4. Toestand van die Kompanjie .............. 5
5. Omstandighede wat gelei het tot Joachim van Plettenberg se aanstelling tot Goewerneur ................................ 6
6. Ekonomiese en militêre probleme waarvoor Van Plettenberg te staan gekom het ...... 8

HOOFSTUK II: DIE TOESTAND VAN DIE KOLONIE SE VERDEDIGING 1771-1779. 9-20

1. Strategiese belangrikheid van die Kaap... 9
2. Ryk Tulbagh oor die Kolonie se swak verdediging ............................. 10
3. Here XVII se antwoord ................... 11
4. Rapport van Van Prehn ................... 12
5. Here XVII se antwoord ...................13
6. Sterkte van garnisoen ................... 14
7. Geld aan verdedigingswerke bestee ....... 15
8. Stuur van Majoor Gilquin ................ 16
9. Sy rapport oor die Kolonie se verdediging ............................. 17
10. Redes vir die swak toestand van die Kolonie se verdediging .................. 19

HOOFSTUK III: DIE KAAP EN DIE OORLOG 1781-1784 20-38

1. Maatreëls van die Goewerneur na ontvangs van die oorlogstyding .................. 21
2. Britse en Franse voorbereidings om die Kaap te beset ............................ 24
3. Aankoms van Franse vloot ................ 25
4. Verskyning van Britse Vloot ............. 26
5. Afdanking van Burgerpiquetwag ........... 27
6. Here XVII se ongerustheid oor groot aantal vreemde troepe ................... 28
7. Moeilikheid oor huisvesting vir picquetwagte ............................ 29
8. Die dros van 'n aantal picquetwagte ..... 31
9. Versoekskrif van Drakensteinse burgers... 33
10. Kansellering van jaarlikse wapenskou .... 34
11. Ontvangs van vredesgerugte .............. 35
12. Verskyning van Britse vloot ............. 35
13. Ontvangs van vredesberig ................ 36
14. Optrede van Goewerneur Van Plettenberg gedurende die oorlog ................... 37


University of Cape Town

Bladsy.


HOOFSTUK IV: DIE ONTWIKKELING VAN DIE UITVOERHANDEL MET NEDERLAND 1771-1780 ..... 39-52.

1. Uitbreiding van handel met Nederland - Redes ..... 39
2. Groter uitvoer van koring ..... 40
3. Aanbod kom op ongeleë tydstip ..... 40
4. Here XVII tevrede met gehalte van die eerste besending ..... 42
5. Groter uitvoer van 1773-1776 ..... 43
6. Klagtes oor gehalte van produkte ..... 44
7. Poging om wyn op die boere se eie rekening uit te voer ..... 45
8. Rapport van Pieter Hacker oor Kolonie.se wyn-opbrengs ..... 46
9. Swak uitvoer 1777-1778 - Redes ..... 47
10. Oorlog beëindig handel ..... 49
11. Faktore wat bygedra het om die handel tussen Nederland en die Kaap wisselvallig te maak ..... 50

HOOFSTUK V: DIE EKONOMIESE TOESTAND VAN DIE KAAP-KOLONIE 1771-1779 ..... 53-72

1. Ekonomiese stelsel van die Kompanjie ..... 53
2. Vermeerderde uitvoer gedurende 1771-9 ..... 54
3. Toestand van die koringboere ..... 57
4. Toestand van die wynboere ..... 59
5. Redes vir swak afset van Kaapse wyn ..... 61
6. Geringe verbetering in die ekonomiese toestand van die Kolonie ..... 63
7. Van Plettenberg se oplossing ..... 64
8. Besluit van die Kompanjie ..... 71

HOOFSTUK VI: DIE INVLOED VAN DIE OORLOG OP DIE EKONOMIESE LEWE VAN DIE KAAP ..... 73-92

1. Groter aankoms van vreemde skepe ..... 73
2. Groot voorspoed heers aan die Kaap ..... 73
3. Hoë lewenskoste ..... 74
4. Prysvasstelling ..... 74
5. Versoekskrif van wynboere ..... 76
6. Klagtes oor hoë pryse van lewensmiddele ..... 76
7. Tekorte aan wyn, koring en vleis ..... 77
8. Ernstige tekort aan kontantgeld ..... 82
9. Uitgee van papiergeld ..... 83
10. Klagtes oor die uitwerking van papiergeld ..... 84
11. Ontvangs van silwergeld ..... 87
12. Versoekskrif van invloedryke burgers ..... 87
13. Finale besluit van die Here XVII ..... 89
14. Konserwatisme van die H.O.I.K. ..... 91
15. Uiteindelike gevolg daarvan ..... 92


University of Cape Town

Hoofstuk VII..........

Bladsy.

HOOFSTUK VII: BESLUIT -- JOACHIM VAN PLETTENBERG AS GOEWERNEUR. 93-101

1. Samevatting van die kolonie se militêre en ekonomiese sake 1770-85..... 93
2. Houding van Kompanjie .................. 95
3. Aandeel van Van Plettenberg in die oplossing van die Kolonie se vraagstukke 96
4. Van Plettenberg se houding teenoor sy „Heeren Meesters" ...................... 97
5. Van Plettenberg se houding teenoor die Kaapse burgers ........................ 97
6. Van Plettenberg se administrasie ....... 98
7. Sy vertrek ............................ 100

LITERATUUR- EN BRONNELYS ..................... 102

University of Cape Town

# HOOFSTUK I.

## 'N NUWE GOEWERNEUR 1771-1785.

Die agtiende eeu, veral die eerste sestig jaar, was vir die Kaapkolonie 'n periode van rustige arbeid en stille uitbreiding.[1] Gedurende vredestyd het die koloniste soms met hulle produkte opgeskeep gesit, maar dit was nie so ernstig soos in later jare nie. Die oorlog van 1740-1748 het weer tydelik heelwat voorspoed aan hulle besorg. Die Kompanjie het probeer om in sy eie skepe 'n uitvoerhandel in graan na Indië en wyn na Europa en Indië te open, maar veral die uitvoer van wyn het nooit groot hoogtes bereik nie.[2]

Gedurende die vyftigerjare het die ekonomiese toestand vir die koloniste, en veral die wynboere, aanmerklik versleg. In 1757 is 'n baie goeie graan- en wynoes gemaak. Weens die geringe aanvraag daal die prys van koring tot 8 rds. die 10 mud, en die wyn tot 8 rds. die lêer „zoo dat men toen wel een ryken overvloed had, dog wezentlyk arm was, door dien men dezelve niet kon gebruiken."[3]

Ook Goewerneur Joachim van Plettenberg maak later melding van hierdie periode in sy verantwoording. Hy skryf:

> „1757 eene epoque van welke in de Memorie mentie wordt gemaakt, wanneer de verkooping van den eenen insolventen boedel op den anderen volgde, het geen meer en meer toenam en jammerlyk voort duurde tot het jaar 1759, toen een talryk Fransch esquader van oorlog, nevens verscheyde andere scheepen dier natie, aan allerley provisie gebrek hebbende........., de harten der ingezeetenen met blydschap vervulden, en de overvloedige producten tegens ongelooflyk toeneemende prysen consumeerden en uitvoerden".[4]

1) S.F.N. Gie: Geskiedenis van Suid-Afrika, Hoofstuk III, passim.
2) Gie: op. cit., pp. 160-162.
3) Van Reenen: Memorie, 1779, pp. 2-3.
4) C744 Kaapsche Geschillen, pp. 15-18.

University of Cape Town

Dit was die Sewejarige Oorlog van 1756-1763 wat weer groot voorspoed aan die Kolonie besorg het. Sodra die oorlog verby was, het die depressie met al sy aaklige gevolge, weer op die Kolonie neergesak.

Die jare 1765, 1766, 1767 en 1768 was weer maer jare van die koloniste, „zoo dat men een geruimen tyd met de grootste overvloed in een beklagelijke armoede was,..."[5]

Terwyl die ekonomiese toestand teen 1770 alhoemeer begin versleg het, het daar op die gesigseinder ook donker oorlogswolke begin saampak.

Na die Vrede van Aken 1748, het die Brits-Franse stryd om die opperheerskappy voortgeduur. Stelselmatig het Dupleix die Engelse by die Indiese vorste verdring. Vanaf 1751 het die Engelse begin terugslaan en onder leiding van Clive het die Engelse roemryke suksesse behaal.[6]

Hierdie onoffisiële oorlog tussen Frankryk en Brittanje in die Ooste, het vir die Kaapkolonie groot gevare ingehou. Die oorlogsvlote van Brittanje en Frankryk het almal hulle ankers in Tafelbaai gewerp, elkeen bewus van die strategiese waarde van die Kaap indien oorlog weer tussen Brittanje en Frankryk sou uitbreek.

Omstreeks 1770 het Goewerneur Ryk Tulbagh berigte ontvang van 'n moontlike skeuring tussen Brittanje, Frankryk en Spanje. Omdat hy bevrees was dat aanvalle op die skepe van die Kompanjie gemaak kon word, het hy ses retoerskepe gekombineerd na Nederland laat seil. In 1771 skryf die Here XVII dat hierdie voorsorgsmaatreël nie meer nodig sou wees nie omdat „de ontstaane verschillen, welke de ruptuure scheenen te zullen veroorsaaken, zijn zeedert in der minne vereffent, en, naar het ons voorkomt is er voor als nog geen reeden om een aanstaanden oorlog tusschen die Mogentheden te verwagten."[7]

5) C316 Memoriën en Rapporten 1784, pp. 55-63.
6) Gie: op. cit., pp. 178-179.
7) C486 Ink.Secr.Br. Here XVII, 14.9.1771, p.163.

University of Cape Town

Dit wys vir ons dat die Kaap nie onverskillig kon staan in 'n volgende Europese oorlog nie. Dat die Goewerneur Ryk Tulbagh bevrees was vir 'n vyandelike aanval, blyk baie duidelik uit 'n brief wat hy aan die Here XVII geskryf het kort voor sy dood. Hy het die Here XVII daarop gewys dat die Kaap so te sê weerloos sou wees teen enige vyandelike aanval weens die swak garnisoen en gebrek aan swaargeskut.[8)]

Terwyl die Kaapkolonie in 'n swak ekonomiese en militêre posisie verkeer het, was die Hollandse Oos-Indiese Kompanjie self op die afdraand. Walker skryf:

„The great Dutch East India Company entered on the last stage of its decline in the 'seventies of the eighteenth century."[9)]

Die Kompanjie het nog groot aansien gehad. Vanaf 1722 - 1770 is jaarliks 'n dividend van 15% tot 25% uitbetaal.[10)] Twintigduisend Nederlanders het nog werk gevind in die Kompanjie se diens.[11)]

Hierdie syfers is geen bewys van 'n gesonde finansiele toestand nie. By die Kompanjie het reeds die gevaarlike neiging ontstaan om met geleende geld dividende te betaal. Korrupsie het geweldig toegeneem.[12)] Walker skryf:

"........but deep-seated official corruption sapped its vitality; expensive wars drained its resources; the English Company, ........went from strength to strength in Indian waters and took away the China trade, trade in tea....... Bankruptcy crept on; Van Imhoff uttered a warning, shrewd old Stavorinus repeated it thirty years later, and in due time the Company was faced with a deficit of £150,000 on all its stations taken together."[13)]

Die dood van Goewerneur Ryk Tulbagh op 11 Augustus 1771, het meegebring dat die pligte van die Goewerneur tydelik geval

---

8) C579 Uitg. Secr. Br: Ryk Tulbagh, 20.4.1771, pp.493-497.
9) Walker: History of South Africa, pp. 104-105.
10) Gie: op.cit., p.153.
11) Walker: op.cit., pp. 104-105.
12) Gie: op.cit., p.153.
13) Walker: op.cit., pp. 104-105.

University of Cape Town

het op die skouers van Baron Joachim van Plettenberg, onafhanklike fiskaal en waarnemende secunde.[14]

Joachim van Plettenberg is in 1739 gebore.[15] Volgens sy eie getuienis het hy „reeds van zyne vroegste jeugd af eene bysondere zugt gehad om de Oostersche Gewesten te gaan opsoeken, ....." As 'n jongman van 25 jaar oud is hy in 1764 na Batavia gestuur as lid van die Raad van Justisie. Op 31 Desember 1764 het hy dan ook vir die eerste keer sitting geneem op hierdie Raad.[16]

In 1767 is hy getroud met Cornelia Charlotte Feith.[17] Dieselfde jaar is hy benoem tot die belangrike betrekking van „Independent Fiscaal" van die Kaapkolonie.[18]

Na die dood van die secunde Mr. van Cloppenburg op 30 Mei 1770, het die Politieke Raad vir Van Plettenberg aangestel om voorlopig die betrekking te vul.[19] Tydens die vorige sowel as die laaste siekte van Ryk Tulbagh, het Van Plettenberg ook as waarnemende Goewerneur opgetree.[20] Op die jeugdige ouderdom van slegs 32 jaar, beklee Van Plettenberg dus die hoogste pos in die Kolonie.

Lede van die Politieke Raad het die hoop uitgespreek dat die Here XVII genoeë sal neem om vir Van Plettenberg permanent as Goewerneur aan te stel. 'n Brief in dier voege is dan ook aan die Here XVII gestuur.[21]

Voordat die Here XVII die berig van Ryk Tulbagh se dood ontvang het, is Pieter van Rheede van Oudshoorn as secunde aangestel in die plek van Jan Willem van Cloppenburg. Van Oudshoorn het reeds tevore hierdie betrekking beklee.[22]

---

14) C63 Resolutien, 12.8.1771, pp. 224-233.
15) Mr. Staring: Damiaan Hugo Staring, pp. 33-34.
16) C744 Kaapsche Geschillen, pp. 86-88.
17) Staring: op.cit. pp. 33-34.
18) C744 Kaapsche Geschillen, pp. 86-88.
19) Theal: History of South Africa, 1652-1795, pp. 104-105.
20) C63 Resolutien, 12.8.1771, pp. 224-233.
21) C556 Uitg.Br.: Kaapse Regering, 14.9.1771, p.826.
22) C463 Ink. Br.: Here XVII, 18.10.1771, pp. 187-188.

University of Cape Town

Die Here XVII het die ontvangs van die briewe waarin die dood van Ryk Tulbagh bekend gemaak is, ontvang voor Van Oudshoorn se vertrek na die Kaap. Hulle het die Politieke Raad se wense oor die hoof gesien en Van Oudshoorn as Goewerneur van die Kaap aangestel. Joachim van Plettenberg is as secunde aangestel. In sy plek as onafhanklike fiskaal is Mr. Adrianus Albertus van Lawick Pabst aangestel.[23)]

Die nuutaangestelde Goewerneur het op see siek geword en is na neëntien dae oorlede.[23a)] Die nuwe fiskaal en sy vrou is ook op reis oorlede.[23b)]

Met die dood van Van Oudshoorn, was die Kaap weer sonder Goewerneur en Van Plettenberg het nog as Gesaghebber aangebly. Opnuut is vertoë aan die Here XVII gerig om die huidige lede van die Politieke Raad in aanmerking te neem met die vul van die vakante poste in die Raad.[24)]

Hierdie keer het die Politieke Raad se versoek nie op dowe ore geval nie. Die Prins van Oranje het op aanbeveling van die Here XVII vir Mr. Joachim van Plettenberg aangestel as Goewerneur. As secunde is Otto Luder Hemmy, lid van die Politieke Raad, aangestel, en as „Independent Fiscaal" 'n advokaat van Den Haag, Mr. Willem Cornelis Boers.[25)]

Die voorstelling van die nuwe Goewerneur het met 'n indrukwekkende seremonie plaasgevind op 18 Mei 1774.[26)] Na 'n verblyf van slegs sewe jaar aan die Kaap, is Van Plettenberg op die nog jeugdige ouderdom van 35 jaar, in die hoogste amp van die Kaapkolonie aangestel. As persoon was hy baie innemend, vriendelik en intelligent. George Foster skryf as volg in sy boek, „A Voyage Round the World":

---

23) C463 Ink. Br.: Here XVII, 23.4.1772, pp. 555-556.
23a) Theal: op.cit., pp. 139-140.
23b) C558 Uitg. Br.: Kaapse Regering, 19.4.1773, p.514.
24) C558 Uitg. Br.: Kaapse Regering, 7.5.1773, pp. 634-635.
25) C464 Ink. Br.: Here XVII, 20.10.1773, p.159.
26) C642 Dagregister, 18.5.1774, pp. 101-104.

University of Cape Town

"...........baron Joachim van Plettenberg, a man of liberal education, and extensive knowledge, whose politeness and affability immediately gave us a good opinion of him." 27)

Op die jeugdige skouers van Joachim van Plettenberg het 'n groot taak gerus. Sedert die einde van die Sewejarige Oorlog was die Kolonie stadig besig om terug te gly in die wurggreep van 'n depressie. Die boere het weer opgeskeep gesit met groot surplusse wat die pryse baie laag gehou het.

Op militêre gebied was die Kolonie se verdediging in 'n treurige toestand. Die vestingwerke was swak en in 'n vervalle toestand. Die garnisoen was in 'n hopeloos verswakte toestand. Dringend noodsaaklik was dit om die Kaapse verdediging so spoedig moontlik op te knap en in die gewenste toestand te bring.

In sy pogings om hierdie vraagstukke aan te pak, sou Van Plettenberg te doen kry met 'n Kompanjie wat reeds diep in die skuld en as gevolg daarvan byna magteloos was om 'n reddende hand uit te steek om die Kolonie se ekonomiese en militêre probleme op te los.

University of Cape Town

---

27) George Foster: A Voyage Round the World, p.58.

# HOOFSTUK II.

## DIE TOESTAND VAN DIE KAAPKOLONIE SE VERDEDIGING 1771-1779.

Op die seeroete na die Ooste, het die Kaap 'n buitengewone strategiese posisie beklee. Die Kaap was van buitengewone belang vir enige moondheid wat groot besittings in die Ooste gehad het.

Die militêre belangrikheid het daarin gelê dat die moondheid wat in beheer was van die Kaap, die skeepvaart van 'n ander moondheid, indien dit 'n vyand was, baie kon belemmer en skade berokken. Daar was geen alternatiewe roete na die Ooste nie. Alle skepe moes om die Kaap seil. Goewerneur Van de Graaff, die opvolger van Goewerneur Joachim van Plettenberg, stel die belangrikheid van die Kaap in die volgende woorde:

> „Alle degeenen, welke de omstandigheeden en het locaal van die onderscheiden possessien der mogeheden met relatie tot het voeren van een oorlog in de Oost kennen, zijn volkomen overtuygt, dat geene mogenheid, buyten de Engelsche of dengeene, die in possessie van de Caap de Goede Hoop, of den geallieerden van den besitter van dit Gouvernement is, de oorlog met een gegronde hoop van goed succes in de Oost-Indien voeren kan." 1)

Vir die Hollandse Oos-Indiese Kompanjie, met sy uitgestrekte besittings in die Ooste, was die Kaap 'n baie waardevolle besitting. Dit was die enigste besitting van die Kompanjie halfpad tussen die Ooste en Europa waar die uitkomende en retoervlote van die maatskappy vars voedsel vir die skepe kon inneem, en waar die siek matrose en soldate gelaat kon word om te herstel. Oor die belangrikheid van hierdie besitting van die Kompanjie, laat Ary Huysers hom as volg uit:

---

1) Van de Graaff: Memorien, p.185.

University of Cape Town

> " De aangeleegenheid van deeze Colonie voor die belangen van de Oost-Indische Compagnie is zo algemeen bekend, dat het byna een spreekwoord geworden is, dat de Oost-Indiën zonder de Kaap niet zou kunnen bestaan." 2)

Namate die stryd tussen Brittanje en Frankryk hewiger geword het om die besit van Indië, het hierdie twee moondhede alhoemeer onder die besef gekom van die strategiese belangrikheid van die Kaap. Gedurende die Sewejarige Oorlog 1756-1763 het verskeie groot Franse en Engelse vlote by die Kaap aangekom. 3) Die Franse en Engelse moes wel deeglik onder die besef gekom het watter gevare die Kaap vir hulle ingehou het indien dit in vyandige hande sou val.

Dit was dus vir die Kompanjie van die uiterste belang dat die Kaap in 'n goeie toestand van verdediging sou wees, veral nadat sake tussen Brittanje en Frankryk weer 'n onheilspellende wending in die Ooste geneem het. Hoe magteloos die Kaap egter was indien dit aangeval sou word, blyk uit 'n geheime brief wat Ryk Tulbagh aan die Here XVII geskryf het kort voor sy siekte.

Hy skryf dat op 15 April 1771 'n Franse eskader op pad na Mauritius in Tafelbaai anker gewerp het. Op die skepe was 'n groot aantal (2,600) troepe. Hierdie troepe moes aansluit by die troepe op Mauritius. Volgens berig wat die Goewerneur ontvang het, was daar reeds 4,500 soldate op die eiland. Hy is van mening dat hierdie troepe teen die Engelse besittings gebruik sou word. Dat Goewerneur Tulbagh verontrus was oor die nabyheid van soveel vreemde troepe, spreek baie duidelik uit sy brief. Hy skryf:

> "........vinden wy ons oversulx grotelijx bekommerd voor de nadeelige gevolgen dier 'er uijt het voorsz. sterk armament in die nabyheid deeses Gouvernements voor hetselve souden kunnen resulteeren; te meer nadien wij tot ons leedweesen seggen moeten, genoegsaam buyten staat te zyn, een vijandelijke attacque van belang te kunnen wederstaan; ..........."

---

2) Ary Huysers: Beknopte Beschrijving der Oost-Indische Etablissementen, p. 121.
3) Gie: Geskiedenis van Suid-Afrika I, pp. 186-187.

University of Cape Town

Die garnisoen was te klein, die kanonne te swak en lig en die artilleriste te min om enigsins die Kolonie suksesvol te verdedig teen enige vyandelike aanslag.[4)]

Dit was die toestand toe Joachim van Plettenberg die teuels van Tulbagh oorneem. Op sy skouers het die taak gerus om die Here XVII ten volle in te lig omtrent die toestand, die nodige aanbevelings te doen en te sorg dat die verdediging van die Kaap op 'n gesonde grondslag geplaas word.

'n Paar maande nadat Van Plettenberg hoof van die Kaapse regering geword het, ontvang hy die Here XVII se antwoord op Tulbagh se brief. Hieruit blyk dit dat die Here XVII reeds besluit het om die Kaapse garnisoen te versterk. Voordat die Here XVII enige swaargeskut na die Kaap stuur, moet die Goewerneur eers 'n opgawe maak van die getal, kaliber en kwaliteit van die kanonne aan die Kaap; hoeveel kanonne en van watter kaliber nodig is en tot watter doel hulle gebruik sou word.[5)]

Daar word na so 'n opgawe gevra omdat na die mening van "luijden in de krygskunde ervaaren", dit te betwyfel is of dit raadsaam sou wees om baie swaar geskut na die Kaap te stuur, en wel om die volgende redes.

Ten eerste, dat na bestudering van "de plans en bouchten" van die ligging van die Kaap en die Kasteel, blyk dit duidelik dat 'n vyand op verskeie plekke kon land sonder dat die batterye van die kasteel of die strand hulle sou kon belet.

Ten tweede, sou die vyand met genoeg troepe, maklik die hoogte wat die kasteel beheer, kon baasraak, sonder dat die kanonne van die kasteel en die ander batterye iets daaromtrent sou kon doen. Om dan nie alles te verloor nie, sal die troepe

---

4) C579 Uitg. Secr. Br.: Ryk Tulbagh, 20.4.1771, pp. 493-497.
5) C486 Ink. Secr. Br.: Van die Gecommitteerde Bewindhebberen en Gemagtigden van de Vergadering van 17ne tot Secreete Zaaken No.24, 7.11.1771, pp. 169-173.

University of Cape Town

genoodsaak wees om terug te trek na die berge. Hierdeur sal al die swaargeskut in die hande van die vyand gelaat word.[6]

Die Goewerneur is versoek om volledig hierop te antwoord.

Van Plettenberg het dit aan Majoor van Prehn, hoof van die garnisoen, opgedra om volledig te antwoord op die versoek van die Here XVII.

Blykens die verslag van Van Prehn, was daar altesaam 122 kanonne aan die Kaap. Hulle was geplaas op die vyf bastions van die Kasteel en op sewe ander batterye wat die strand beheer het.

Van hierdie getal was agtien kanonne „ten eenemaal onbruykbaar". 'n Verdere sewentien kanonne was „alle met gallen beset, en die dus in tyd van nood, niet alleen van geen dienst, maar selfs gevaarlijk te gebruijken sijn". 'n Verdere een-en-twintig was ook onbruikbaar. Dus uit 'n totaal van 122 kanonne was ses-en-veertig onbruikbaar.

Majoor van Prehn was van mening dat dertig kanonne nodig sou wees. Hulle sou geplaas word op die bastions van die Kasteel wat die hawe beheer, op die couvre face Imhoff en die ander batterye langs die strand.[7]

Majoor van Prehn antwoord ook volledig op die bewering van die Here XVII, as sou die kanonne nie 'n vyandelike landing kon verhoed nie deurdat vyandelike troepe buitekant die bereik van die kanonne sou kon land.

Van Prehn ag so 'n landing baie onwaarskynlik omdat die kusstrook van Paardeneiland tot by die „overwal"[8] seer oneffen en huuvelig" is en die pad „meerendeels uyt mullig sand" bestaan wat die saamsleep van kanonne baie sou bemoeilik. Hy is baie seker dat 'n direkte aanval op die Kasteel en die strand gemaak sou word, en dit dus dringend noodsaaklik is dat die Kolonie van die nodige swaargeskut voorsien word.

---

6) Ibid.
7) C580 Uitg. Secr. Br.: Joachim van Plettenberg, 7.5.1773, pp. 144-156.
8) „Overwal": Dit is die oorkantse kus van Tafelbaai nl. Bloubergstrand.

University of Cape Town

Van Prehn het aanbeveel dat naby die drosdy van Stellenbosch en onder die oog en sorg van die Landdros, 20,000 pond buskruijt, vier kanonne en nog 200-300 snaphane bewaar word, „ons daar meede soo veel der bij onse ingeseetenen dienende Hottentotten, onder dewelke experte schutters werden gevonden, te wapenen, ......."

Van Plettenberg het bygevoeg aan hierdie rapport dat die korps van artilleriste vermeerder en die garnisoen verstork behoort te word.[9)]

In hierdie rapport word nie voorsiening gemaak ingeval 'n vyand in Valsbaai sou land nie. Dit was egter juis in hierdie tyd dat die Politieke Raad 'n kommissie benoem het, bestaande uit Hendrik van Prehn, hoof van die garnisoen, Carel David Wentzel, en Onder-Koopman en „Posthouder" van Valsbaai Jan Frederik Kirsten, wat die wenslikheid moes ondersoek van die oprigting van 'n battery in Valsbaai.

Die kommissie het bevind dat hierdie battery nie van groot diens sou wees nie omdat die vyandelike troepe maklik buite bereik van die kanonne sou land. Indien die battery naby die woning van die „Posthouder" geplaas sou word, kon dit die geboue van die Kompanjie beskerm.

Die Politieke Raad het besluit om hierdie rapport na die Here XVII te stuur.[10)]

Die Here XVII het in 1774 geantwoord op bogenoemde rapporte. Daar sal ses-en-dertig swaargeskut in 1776 gestuur word vir die nuwe battery tussen 's Heeren Hendriks Kinderen en die couvre face Imhoff.

Toestemming is ook verleen om op Stellenbosch soveel geskut, snaphane en buskruit aan te hou as wat nodig sou wees by 'n vyandelike aanval.

---

9) C580 Uitg. Secr. Br.: Joachim van Plettenberg, 7.5.1773, pp. 144-156.
10) C64 Resolusies, 10.3.1772, pp. 149-165.

University of Cape Town

Wat die oprigting van die batterye in Valsbaai betref, is die Here XVII van mening dat aangesien vyandelike troepe buite bereik van die batterye kon land, hierdie plan heeltemal laat vaar moet word.

Die hoop word uitgespreek dat na die ontvangs van die kanonne die Kaap volkome voorsien sal wees van al die geskut wat nodig is vir die suksesvolle verdediging van die Kolonie. Die Here XVII verseker die Kaapse regering dat alles gedoen sal word vir die behoud "van dat aangeleege establissement.[11]

Aangesien die Here XVII die bou van 'n magasyn om kruit en snaphane in te bêre, goedgekeur het, is Boers en Van Schoor afgevaardig om met die landdros te onderhandel om 'n geskikte perseel te kry vir die gebou.[12] Die gebou is deur private persone opgerig en op 9 Mei 1777 kon die Goewerneur die Politieke Raad meedeel dat hy van die Landdros berig ontvang het dat die gebou voltooi is.[13]

Dit is duidelik dat behalwe vir die stuur van 'n aantal kanonne en die bou van die kruithuis, weinig konstruktiefs gedoen is om die Kaap se verdediging op te knap. Wanneer 'n mens dan ook die opgawes nagaan wat verdedigingsake betref, kan jy ook nie tot 'n ander gevolgtrekking kom nie.

Blykens die opgawes vir die getalsterkte van die garnisoen vir die jare 1771-1779, is dit baie duidelik dat geen versterking plaasgevind het nie. In 1771 was die garnisoen 469 man sterk en vir die jare 1773, 1775, 1777 en 1779 was die garnisoen respektiewelik 464, 471, 477 en 464 soldate sterk.[14] Wanneer hierby

---

11) C485 Ink.Secr.Br.: Van die Gecommitteerde Bewindhebberen en Gemagtigden van de Vergadering van 17ne tot Secreete Zaaken No. 57, 2.9.1774, pp. 413-419.
12) C704 Memorien en Instructien 1775-1782, 3.10.1775, pp.87-88. C67 Resolutien, 3.10.1775, pp. 388-390.
13) C310 Memorien en Rapporten, Landdros van Stellenbosch, 5.5.1777, p.433. Hierdie kruithuis staan vandag nog op die Braak by Stellenbosch en is reeds tot historiese monument verklaar.
14) C556 Uitg.Br.: Kaapse Regering, 22.10.1771, pp. 902-910.
C558 " " " " 20.9.1773, pp.941-949.
C560 " " " " 6.9.1775, pp. 772-780.
C562 " " " " 4.10.1777, pp. 681-689.
C564 " " " " 2.10.1779, pp. 829-837

in aanmerking geneem word dat baie van hierdie soldate onder die boere as knegte verhuur is, besef 'n mens hoe swak die garnisoen in werklikheid moes gewees het.

Die Here XVII het ook nie 'n vinger verroer om die artilleriste te versterk nie. Tulbagh het reeds voor sy dood aan die Here XVII geskryf oor die noodsaaklikheid dat die korps van artilleriste vermeerder moet word.[15] Vir die jare 1771, 1773, 1775, 1777, 1779 het die korps artilleriste uit 30, 31, 31 en 31 manskappe respektiewelik bestaan.[16]

Te oordeel na die klein somme geld wat jaarliks aan die fortifikasies bestee is, is daar bepaald nie veel gedoen om die fortifikasies in 'n goeie toestand te hou nie. In die jare 1772, 1773, 1775, 1777 en 1779 is respektiewelik f1,118. 6. 8, f892. 2. 8, f13,088.12.0, en f6,355. 17. 8 aan die fortifikasies bestee.[17]

Die swakheid van die Kaap se verdediging was selfs vir die vyand baie duidelik. Munro, 'n kaptein wat op een van admiraal Hughes se skepe was toe 'n Britse vloot op pad na die Ooste in 1779 in Tafelbaai anker gewerp het, skryf as volg:

> „At the North end of the town is erected a small mud fort, and all along the sea beach breastworks and heavy battery are also constructed at proper distances. These, however, are only formidable in name, for the Dutch have very few troops to defend the settlement, 500 regulars being the whole establishment; and as for the militia, they are not only contemptible soldiers, but so scattered over the country as to be incapable of ever rendering effectual service. There is no doubt that this place, it its present state of defence, might become an easy acquisition to a

---

15) Vide Supra, p.3.
16) Ibid.
17) C64 Resolutien, 24.11.1772, pp. 426-433.
C65 Resolutien, 7.12.1773, pp. 389-394.
C67 Resolutien, 12.12.1775, pp. 401-409.
C69 Resolutien, 18.11.1777, pp. 341-351.
C71 Resolutien, 7.12.1779, pp. 460-464.

University of Cape Town

> very inconsiderable force. Even the troops in our squadron could have put it, at the time we were there, into possession of Great Britain with little or no loss, ....."[18]

Toe Frankryk teen Brittanje in 1778 oorlog verklaar en die gevaar vir 'n aanval op die Kolonie des te groter word, stuur die Here XVII in 1778 vir Philippus Hermanus Gilquin as „Directeur van 's Compagnies Fortificatien en Cheff d'Arthille ry aan Cabo de Goede Hoop".[19]

In sy instruksies aan die Kaapse regering aangaande die pligte en opdragte van Gilquin, skryf die Here XVII dat Gilquin „zal gehouden zyn den staat en geleegenheid van 's Compagnies fortificatien, mitsgaders het artillerie weesen aan Cabo voornoemd nauwkeurig op te geven, en van het geen hy zoude moogen oordeelen tot eene behoorlyke defensie van de Caab te ontbreeken, de nodige memorien te formeeren, als meede de plans tot voorsieninge en verbeteringe, waar hy teffens gevoegt zal moeten zyn eene beraming zoo na mooglyk van de kosten, die tot het een en ander zouden worden vereyscht,..."[20]

Vir die eerste maal sedert Van Plettenberg Goewerneur geword het, sal daar nou 'n deurtastende ondersoek ingestel word na die verdediging van die Kolonie, 'n ondersoek wat reeds in 1770 moes plaasgevind het indien die Here XVII gehoor gegee het aan Ryk Tulbagh se waarskuwing.

Gilquin het spoedig na sy aankoms aan die Goewerneur te kenne gegee dat hy meer arbeidsvolk nodig sou hê vir die herstelwerk aan die ou werke en die nuwe werke aan die verdedigingslinie. Hierdie versoek is deur die Politieke Raad toegestaan en 30 slawe is van hulle eienaars gehuur.[21]

Majoor Gilquin se eerste rapport oor die toestand van die verdedigingswerke, het 'n skokkende toestand van sake aan die lig gebring.

---

18) Captain Innes Munro: A Narrative of the Military Operations on the Coromandel Coast, pp. 7-8.
19) C466 Ink.Br. No.19: Here XVII, 29.12.1778, pp.509-510.
C466 Ink.Br. No.23: Here XVII, 9.10.1778, p. 537.
20) C180 Bylagen tot de Resolutien, pp. 143-149.
21) C71 Resolutien, 4.5.1779, p.229

University of Cape Town

Nadat hy al die verdedigingswerke ondersoek het, het hy gevind dat hulle almal oor die algemeen in 'n baie swak toestand verkeer het. Die swaargeskut het grotendeels uit ou ysterstukke bestaan waarmee dit gevaarlik sou wees om te skiet, laat staan nog 'n vyandelike aanval met hulle probeer afweer. Die kanonne langs die strand is so verroes en afgeskilfer, „dat de ondergeteekende (d.w.s. Gilquin) sig niet herinnert ooijt iets diergelijks in 't Vaderland gesien te hebben, ......"

Na ondersoek van die „affuyten"[22] van die kanonne, het dit geblyk dat sommige van hulle wat skaars tien of twaalf jaar gelede beslaan is, se ysterbeslag reeds bros was.

Om seker te maak dat al die ou ysterkanonne nog bruikbaar was, het hy besluit om hulle in sy teenwoordigheid te toets. Toe hy die kanonne van die de Chavonnes-battery toets, het nie minder as ses uit die sewe gebars nie. Die sewende een was ook in so 'n swak toestand dat dit alleen by die uiterste noodsaaklikheid gebruik kon word.

Gilquin was van mening dat geen nuwe ysterkanonne in die toekoms na die Kolonie gestuur moes word nie omdat die kanonne te maklik roes.

Gilquin verklaar dat as hy so moes voortgaan om die kanonne te toets, daar binnekort 'n merkbare vermindering sou wees. Daarom beveel hy aan dat die Here XVII veertig metaalkanonne moes stuur en 20,000 kanonkoeëls, omdat die koeëls wat hier in voorraad was „dermaten door de roest verteerd zyn bevonden dat dezelve haar calieber niet meer houden en dus onbruykbaar geworden zyn."[23]

Gilquin se rapport oor die artilleriste is net so verontrustend. Hy verklaar dat as 'n mens die uitgestrektheid

---

22) Affuyt: Die onderstel van 'n kanon.
23) C581: Uitg.Secr.Br. No.30: Joachim van Plettenberg, 22.5.1779, pp. 211-212.

van die strand wat deur kanonne verdedig moes word, in aanmerking neem, die aantal artilleriste wat die kanonne moes hanteer, hopeloos te min was.[24] Die bestaande aantal artilleriste was nie eens genoeg om in vredestyd die nodige werk tot die instandhouding van die fortifikasies te verrig nie, „dewijle hy alles wat tot artillerie behoord, in eenen seer gedelabreerden of vervallen toestand gevonden heeft, ....." Al sou hy al die artilleriste gebruik om die groot Chavonnes-battery wat uit sestien stukke bestaan, te beman, sou hulle nog nie in staat wees om die battery te hanteer nie.

Hy stel dus voor dat die korps artilleriste tot 217 vermeerder word. Hy sê minder kan hy nie voorstel nie sonder om hom „aan een onverschoonbaar pligt versuym schuldig te maken, en zyne Heeren en Meesters eene gevaarlyke securiteit te inspireeren, ......"

Hy beveel ook aan dat twee bekwame ingenieurs van Holland gestuur moet word sodat dit moontlik sal wees om gedurig 'n oog oor die fortifikasies te hou en reparasies sonder vertraging uitgevoer kan word. Hierdie ingenieurs sal dan ook kan help met die opleiding van ander ingenieurs wat van tyd tot tyd met veel nut in die Kolonie of in die Ooste deur die Kompanjie gebruik sal kan word „waar door men dus alhier een soort van Kweek-School van Ingenieurs zoude bekoomen....."[25]

Gilquin se rapport toon baie duidelik aan dat die Kolonie se verdediging in 'n baglike toestand verkeer het op die vooraand van 'n stryd tussen Brittanje en Nederland. Dit is byna onbegryplik dat die verdediging van so 'n

---

24) Vide supra, p. 3.
25) C581 Uitg.Secr.Br. No.33:Joachim van Plettenberg.

University of Cape Town

strategiese besitting soos die Kaap, in so 'n verwaarloosde toestand kon verval. Wie moet die skuld daarvoor dra? Kan Goewerneur Van Plettenberg aangekla word van skromelike pligsversuim? Of moet die Here XVII die blaam daarvoor dra?

Daar was die faktor van die klimaat. Gilquin het melding gemaak van die feit dat die ysterkanonne en ysterbeslag buitengewoon gou roes.[26] Om dit te verhoed, sou dit nodig gewees het om gereeld die vestingwerke na te gaan en die kanonne in goeie toestand te hou. Hiervoor was 'n groot aantal fortifikasiewerkers nodig. Die aantal was nooit meer as 58 nie.[27] Dit was bepaald glad te min om al die vestingwerke in 'n goeie toestand te hou.

Van Plettenberg het ook reeds in 1773 aan die Here XVII geskryf dat 46 uit die 122 kanonne onbruikbaar was.[28] Hy het ook daarop gewys dat die getal artilleriste onvoldoende was. Alhoewel Goewerneur Van Plettenberg miskien die saak ernstiger kon gestel het, was dit egter eweneens duidelik vir die Here XVII dat 'n deurtastende ondersoek van die Kolonie se verdediging dringend noodsaaklik was. Die treurige toestand waarin Gilquin die kanonkoeëls en ander toerusting van die artillerie gekry het, getuig wel van verwaarlosing aan die kant van die Goewerneur. Die grootste blaam moet egter deur die Here XVII gedra word.

Beide Ryk Tulbagh en Van Prehn het die Kompanjie omtrent die toestand ingelig, en tog was dit nie voor 1778 dat die Here XVII 'n persoon gestuur het om die verdedigingswerke op te knap nie.

In antwoord op Tulbagh se rapport oor die swakheid van die garnisoen, het die Here XVII geantwoord dat hulle besluit het om jaarliks 'n aantal troepe na die Kaap te stuur, maar het daaraan bygevoeg dat hierdie troepe ook gebruik moes word om die uitkomende en retoerskepe van die nodige manskappe te voorsien.[29]

---

26) Vide Supra, P. 12.
27) C558 Uitg.Br.:Kaapse Regering, 20.9.1773, pp. 941-949.
28) Vide Supra, p. 5.
29) C486 Ink.Secr.Br. No.24: Here XVII, 7.11.1771, pp.164-173.

University of Cape Town

Dit het in die praktyk daartoe gelei dat geen versterking van die garnisoen plaasgevind het nie, soos die opgawes dan ook bewys.[30)]

Die vernaamste rede waarom die Kompanjie die Kaapse verdediging nie in die vereiste toestand gebring het nie, was omdat die Kompanjie byna bankrot was. Walker haal vir Stavorinus aan, wat beweer dat die Kompanjie in hierdie jare 'n jaarlikse verlies van £150,000 gely het.[31)] Die Here XVII wou dus enige onkoste wat nie dringend nodig was nie, uitskakel en het daardeur toegelaat dat die verdedigingswerke aan die Kaap so verval het.

University of Cape Town

---

30) Vide Supra, p.8.
31) E.A. Walker: A History of South Africa, p. 104-105.

# HOOFSTUK III.

## DIE KAAP EN DIE OORLOG: 1781 - 1784.

Onvoorbereid het die naderende storm die Kaapkolonie getref. Op Saterdagoggend, 31 Maart 1781, seil die Franse skip „La Silphide" Tafelbaai binne. Hierdie skip is spesiaal na Mauritius gestuur en het 'n brief van die Nederlandse ambassadeur aan die Franse hof, aan boord gehad. Die brief moes aan die Goewerneur van die Kaap afgelewer word.[1)]

Die Goewerneur het onmiddellik na die ontvangs van die brief die Politieke Raad byeengeroep. Hieruit blyk dit dat „den 20sten dezer maand (Desember 1780) een declaratie van oorlog der Engelssen teegens de Republicq, tot London is gepubliceerd geworden." Weens die moontlikheid „dat de vyandelijke operatien de Caap de Goede Hoop, ......zouden kunnen treffen," word die Goewerneur gevra om die nodige maatreëls te tref vir die verdediging van die Kaap.[2)]

Die Goewerneur het onmiddellik opgetree. In Tafelbaai het 'n skip gereed gelê om na Nederland te seil. Die Goewerneur het egter die skip dadelik na Batavia gestuur om die tyding oor te bring.[3)]

---

1) C646 Dagregister 1778-1781, 31.3.1781 -
2) C467 Ink.Br. 1780-1781: Van Berkenrode, 29.12.1780, p.111, No. 20. Die briewe waarin die Goewerneur deur die Here XVII in kennis gestel is dat daar oorlog tussen Nederland en Brittanje uitgebreek het, het die Goewerneur eers 'n maand later ontvang. C73 Resolutien 30.5.1781, pp.356-363. C467 Ink.Br. No. 71: Here XVII, 12.1.1781, pp. -- C490 Ink.Secr.Br. No. 10: Guill. Titsingh, 14.1.1781, pp. --.
3) C73 Resolutien 31.3.1781, pp. 198-210.

University of Cape Town

Die Goewerneur se eerste en vernaamste taak was om die Kolonie se verdediging in die vereiste toestand te bring. Met die uitbreek van die oorlog was die garnisoen slegs 400 manskappe sterk.[4] Omdat baie soldate gedurende vredestyd aan die boere as knegte verhuur is, besluit die Politieke Raad om hulle terug te roep.[5] Aan alle burgers en dienaars van die Kompanjie wat nog nie by die burgermag ingeskryf was nie, is opdrag gegee om dit dadelik te doen.[6]

Die Landdros van Stellenbosch, die „Posthouder" van Valsbaai en die „Posthouder" van Saldanhabaai is beveel om die inwoners van Hottentots-Holland, Vals- en Saldanhabaai aan te sê om sodra daar enige skepe verskyn, watter vlag hulle ook al mag vertoon, „momentelijk met al hun vee, te weeten paarden, beesten, schaapen en varkens, landwaards in zullen moeten trecken, als meede alle de op haare plaatsen gevonden werdende eetbaare waaren van daar te voeren....." Indien hierdie bevele nie uitgevoer word nie, sou die oortreders met die dood gestraf word.[7]

Om die garnisoen verder te versterk, is op voorstel van die Goewerneur besluit om aan die landdroste van Stellenbosch en Swellendam te skryf, om met alle moontlike spoed, uit die burgermag van Stellenbosch en Drakenstein 100 dragonders te perd en ten volle gewapen en uit die distrik van Swellendam 50 gewapende manne te stuur. Daarby moet in elke distrik dieselfde getal manskappe gereed gehou word om op bevel dadelik na die Kaap te vertrek.[8]

'n Hottentot regiment sal ook opgerig word, omdat onder hulle, „veele werden gevonden die expert met het schietgeweer weeten om te gaan......"[9]

---

4) C73 Resolutien, 4.4.1781, pp. 236-237.
5) C 685 Origineel Placcaat Boek, 23 April 1781, p. 112.
6) C685 Origineel Placcaat Boek, 7.4.1781, p. 98.
7) C73 Resolutien, 2.4.1781, pp. 198-210.
8) C566A Uitg.Br.No.56: Kaapse Regering, 2.4.1781, pp.380-381.
C566A Uitg.Br.No.57; Kaapse Regering, 2.4.1781, pp.381-382.
9) C73 Resolutien, 2.4.1781, pp. 224-225.
C704 Memorien en Instructien, 1.5.1781, p.297.

University of Cape Town

Die Politieke Raad het ook uitgebreide magte aan die Goewerneur toegestaan. Hy het aan die Raad verklaar dat daar daagliks sake sal voorkom wat onmiddellike beslissing en optrede sal vereis, sonder dat daar nog tyd sal woes om die Politieke Raad byeen te roep. Die Politieke Raad gee toe die Goewerneur die nodige verlof om in sulke gevalle op te tree en dan later aan die Raad verslag te doen.[10)]

Die landdroste van Stellenbosch en Swellendam het spoedig geantwoord op die versoek van die Goewerneur dat elke distrik 'n afdeling van die burgermag na die Kaap moet stuur.[11)] Die landdros van Stellenbosch het laat weet dat 80 gewapende manne gestuur sou word,[12)] terwyl die landdros van Swellendam laat weet het dat 50 gewapende manne gestuur sou word. Van Swellendam kon nie te veel hulp verwag word nie, weens die aanwesigheid van kaffers, Hottentotte en slawe.[13)]

Hierdie instelling van die piquetwag, het ontevredenheid onder die burgers van Stellenbosch en Drakenstein gewek. Die Goewerneur het 'n versoekskrif van Petrus Villiers ontvang wat deur sewentig boere geteken is. Hulle is ontevrede dat die boere sonder enige diskresie opgeroep is terwyl hulle vrouens en kinders moet agterbly „onder een grote menigte van onbeschaafde heydenen......"[14)]

Die Goewerneur het sy bes gedoen om die nodige maatreëls te tref sodat die Kaap so goed as moontlik teen 'n vyandige aanval verdedig kon word. Le Valliant skryf dat „de regeering zig egter niet in slaap laaten wiegen omtrent het gevaar waarmede de volkplanting bedreigd wierd".[15)] In die begin het selfs die Kaapse inwoners geesdriftig gehelp met die bou van vestingwerke en skanse, alhoewel die geesdrif maar kort van duur was.[16)]

---

10) C73 Resolutien, 2.4.1781, pp. 227-228.
11) Vide Supra, p.28.
12) C73 Resolutien, 20.4.1781, pp. 289-291.
13) CC467 Ink.Br.No.29, 1780-81:D v.Rijneveld, 7.4.1781,pp.126-7.
14) C73 Resolutien, 1.5.1781, pp. 309-318.
15) Le Valliant: Reize III, 1780-84, pp. XIII-XX.
16) Ibid.

University of Cape Town

Nieteenstaande al hierdie koorsagtige voorbereidings om die Kaap se verdediging op te knap, was daar weinig hoop vir 'n suksesvolle verdediging van die Kaap. Toe die oorlog uitbreek, was daar maar nog min van die gevraagde ammunisie en swaargeskut gestuur. Die garnisoen was ook maar swak. Die burgermag sou nie veel gehelp het nie aangesien hulle ver oor die binneland versprei was, en daar op die Oosgrens reeds moeilikhede met die kaffers was. Indien 'n sterk vyandelike vloot opgedaag het, sou die Kaap spoedig in vyandelike hande geval het.

Terwyl Nederland neutraal was, het beide Franse en Engelse vlote by die Kaap aangegaan. Toe Brittanje egter oorlog verklaar teen Nederland en die Hollanders nog boonop 'n bondgenoot van Frankryk word, was dit vir die Britte van die grootste belang om die Kaap te probeer verower, anders sou die Franse die Britse skeepvaart en die Britte se posisie in die Ooste ernstig kon benadeel. Vir die Franse was dit weer van die grootste belang dat die Kaap in Nederland se hande bly.

Sodra die Britte teen Nederland oorlog verklaar het, het ~~die Britte~~ hulle onmiddellik begin om 'n ekspedisie uit te rus om die Kaapkolonie te verower. Die hele plan is egter deur 'n spioen De la Motte aan die Franse bekendgemaak. Gedurende hierdie tyd was die Franse ook besig om 'n vloot toe te rus om teen Sir Edward Hughes in die Ooste op te tree. Toe die Franse van die Britse plan verneem, het hulle 'n paar transportskepe bygevoeg om troepe na die Kaap te vervoer. Theal sê:

> "It was seen to be a trial for speed, in which the possession of the Cape was to be the prize of the winner." [17]

Die Goewerneur het eers op 20 Mei van hierdie nuwe verwikkelinge verneem.[18] In 'n brief aan die Goewerneur skryf

---

17) Theal: History of South Africa Vol.II, p.177.
18) C646 Dagregister 1778-1781, 20.5.1781.

University of Cape Town

Christoffel Brand, "Posthouder" van Valsbaai dat op dieselfde aand 'n Franse oorlogskip „La Serapis" onder bevel van Monsr. Chev. Roche daar aangekom het. Die Chevalier het verklaar dat 'n offensiewe-defensiewe verbond tussen Frankryk en die Nederlande gesluit is. Oor 'n paar maande sou 'n Franse vloot met 3,000 soldate aan boord, na die Kaap vertrek om die Kolonie teen die Engelse te beskerm.[19)]

Op 23 Mei het die heer Percheron by die Kaap aangekom met 'n brief van die Franse minister Marquis de Castries.[20)] In die brief word die Goewerneur versoek om die nodige reëlings saam met die Intendant van die Isle de France te tref. vir die ontvangs van die Franse troepe aan die Kaap.[21)]

Die Kaap het in groot spanning verkeer oor watter vloot die Kaap die eerste sou bereik. Op 20 Junie, die oggend om tienuur, is sewe seinskote van Leeukop afgeskiet, een skoot vir elke aankomende skip. Aangesien die mense bang was dat dit miskien 'n vyandelike vloot kon wees, „raakte in deese plaatse alles in rep en roer."[22)] Op 21 Junie 1781 het die Franse vloot Valsbaai binnegeseil.[23)] Na die aankoms van die groot aantal Franse troepe, was die Kaap nou veilig teen 'n vyandelike aanval.

Die Britse aanval was egter nog enige tyd te wagte. Daarom kon die Kaapse Regering dit nog nie waag om sy maatreëls te verslap nie. Op 3 Julie 1781 het die Politieke Raad 'n plakkaat uitgevaardig waarin alle vrye burgers en boereknegte aangesê word om sodra die alarmseine gegee word, „opstonds en zonder het allerminste jytstel" ten volle gewapen na die Kaap te kom.[24)]

In hierdie tyd het daar verskeie Deense skepe in Valsbaai gelê. De Suffren, die Franse admiraal, was bang dat die skepe

---

19) C467 Ink.Br.No.45: Christoffel Brand, 20.5.1781, pp. --
20) C646 Dagregister 1778-1781, 23.5.1781.
21) C73 Resolutien, 24.5.1781, pp.335-341.
22) C646 Dagregister, 20 Junie 1781.
23) C645 Dagregister, 21.6.1781.
24) C685 Origineel Placcaat Boek, 3 Julie 1781, pp.118-124.

University of Cape Town

kon vertrek en dan aan die Engelse bekend maak die sterkte van die Franse mag. Om dit te verhoed, is van elke skip 'n paar belangrike seile geneem.[25)]

Op Sondag, 22 Julie 1781, ontvang Goewerneur Van Plettenberg 'n brief van die „Posthouder" van Saldanhabaai waarin die Goewerneur verwittig word van die aankoms van die Britse vloot. Volgens die brief het 13 skepe voor die ingang van die baai gelê terwyl 16 of 17 skepe dieper in die see gelê het.[26)] Met die ontvangs van hierdie berig, is die nodige bevele gegee dat vroeg Maandagoggend die seinkanonne afgevuur moes word om alle burgers op te kommandeer.[27)]

Op 26 Julie ontvang die Goewerneur berig dat van die vyf groot skepe wat in Saldanhabaai gelê het, een verbrand is en die ander verdwyn het. Die Britse vloot het ook reeds die baai verlaat.[28)] Daar het egter nog daagliks verskillende gerugte rondgegaan oor die aanwesigheid van Britse skepe in Saldanhabaai. Ten einde sekerheid hieromtrent te kry, het die Goewerneur 'n aantal vrywilligers onder bevel van Gysbert van Reenen na Saldanhabaai gestuur. Hulle kon egter geen teken van die Britse vloot sien nie.[29)]

---

25) C467 Ink.Br.No.66: C.Brand, 4.7.1781, pp. --
26) C73 Resolutien, 23.7.1781, pp. 435-438.
C646 Dagregister, 22.7.1781.
27) C646 Dagregister, 22.7.1781.
28) C73 Resolutien, 26.7.1781, pp. 440-442. Met die uitbreek van die oorlog, was daar vyf swaarbelaaide skepe in Tafelbaai op pad van die Ooste na Nederland. 'n Deel van hulle vrag is afgehaal en die Goew. het die skepe na Saldanhabaai gestuur, met instruksies om hulle so goed as moontlik te verdedig indien hulle aangeval word. As die vyand hulle sou oorrompel, moes die skepe aan die brand gesteek word. Slegs een skip het uitgebrand. Die ander is deur die Britte buitgemaak.
29) C646 Dagregister, 25.7.1781.

University of Cape Town

Teen 3 Augustus 1781 was die Politieke Raad seker dat die Britse vloot nie meer naby die Kaap was nie, maar reeds vertrek het. Die Raad besluit dat die piquetwagte nie meer nodig is nie.[30] Op 10 Augustus 1781 het die hele burgermag voor die Burgerwaghuis byeengekom. Dit het bestaan uit twee Burger-kavallerie kompanjies, vier Stellenbosche dragonder kompanjies en een Stellenbosche dragonder infanterie kompanjie. Goewerneur Van Plettenberg het hulle persoonlik afgedank. Hy het egter aan hulle gesê om hulle gereed te hou om vanaf November weer te kom picquètwag hou.[31]

Om die Kaap verder te versterk, het die Here XVII daartoe oorgegaan om troepe te huur. So is met die Chevalier de Luxembourg 'n kontrak aangegaan om sy regiment, bestaande uit 1,150 manskappe, aan die Kompanjie te verhuur.[32] Nog meer gehuurde troepe is na die Kaap gestuur. Op 27 Januarie en 2 Februarie 1783 het twee skepe met die Switserse regiment Meuron in Tafelbaai aangekom.[33] Ook is die Waldense regiment na die Kaap gestuur en het hier op 3 Februarie en 7 Februarie 1783 aangekom.[34]

Die verantwoordelikheid wat op Van Plettenberg se skouers gerus het gedurende die oorlog, was buitengewoon groot. Die Goewerneur moes belangrike besluite op sy eie verantwoordelikheid neem sonder dat hy eers die Here XVII kon raadpleeg. Die korrespondensie met die Here XVII was daarvoor te ongereeld.

---

30) C73 Resolutien, 3.8.1781, pp.444-445.
31) C646 Dagregister, 10.8.1781.
32) C74 Resolutien, 2.4.1782, pp. 401-405.
33) C567 Uitg.Br.No.21: Kaapse Regering, 13.2.1783, pp. --
C567 Uitg.Br.No.13: Kaapse Regering, 27.1.1783, pp.100-101.
34) C647 Dagregister, 3.2.1783, pp. 23-24.
C647 Dagregister, 7.2.1783, pp. 26-28.
Die regimente van Waldenser en Meuron is egter weer teen die einde van 1783 na die Ooste gestuur. Waarskynlik omdat 'n aanval op die Kaap nie meer verwag was nie en die troepe dringend nodig was in die Ooste.

University of Cape Town

So kry die Goewerneur 'n brief van die Here XVII wat op 11 Maart 1781 geskryf is, eers teen die einde van 1782.[35]

Een van die grootste verantwoordelikhede op die skouers van die Goewerneur was die groot aantal vreemde troepe aan die Kaap. Hierdie troepe was onmisbaar vir die verdediging aan die Kaap. 'n Mens moet egter die feit in die gedagte hou dat Frankryk net soveel belang in die Kaap gehad het as Brittanje. Dus alhoewel hulle in hierdie tyd bondgenote van Nederland was, kon dit miskien in die toekoms gebeur dat hulle die Kaap met geweld sou probeer vat. Daarby moet onthou word dat die Nederlandse garnisoen slegs 400 man sterk was terwyl daar 3,000 Franse troepe was.

Die Here XVII was ook ongerus oor hierdie groot aantal vreemde troepe. Dit blyk baie duidelik uit 'n „secreete" brief aan die Goewerneur. Die Here XVII skryf dat alhoewel die Kompanjie in die huidige omstandighede min keuse het oor die wyse waarop gehandel behoort te word om die Kolonie te verdedig, moet aan die ander kant „nimmer uit het oog mag worden verlooren, dat een getal van vreemde troepen zo ongeleik grooter, dan compagnies gewoone krygsmagt voor haar ten uytersten zorgelyk is en dat mids dien hier in op alle mooglijke wijzen behoort te worden voorzien."

Die Kompanjie beveel die Goewerneur dat as dit moontlik is, hy sommige van die vreemde troepe na die Ooste moet stuur nadat hy die hoof van die garnisoen en die direkteur van die fortifikasies geraadpleeg het.[36] Wat die Goewerneur nou ook al besluit, moet hy die volgende in gedagte hou:

> „Het zij nu het meergemelde regiment aan Uw Gouvernement blijve, het zij het zelve geheel of gedeeltelijk naar elder verzonden worde, zal het

---

35) C490 Ink.Secr.Br.: Here XVII, 11.3.1781, pp. --

36) In hierdie tyd is die regiment van Luxemburg Kaap toe gestuur. As hierdie troepe nie nodig was nie, moes hulle na die Ooste gestuur word.

> in allen geval van de uiterste noodzaaklijkheid weezen, dat de voorzeide vreemde troepen op zodanig een wijze geinkwartierd, als meede in het doen van wagten en togten geëmploieerd worden, dat Compagnies gewoone bezetting altijd meester blijve van het kasteel en de verdere voornaamste posten van defensie, als ook van de ammunitie, kruid magazijnen en wapenkamer." 37)

Daar het soms ook groot moeilikheid voortgespruit uit die maatreëls wat deur die Goewerneur en die Politieke Raad geneem is.

Daar was die kwessie van huisvesting van die burger-picquetwagte. Deurdat die vreemde troepe alle beskikbare huisvesting van die Kompanjie in beslag geneem het, was daar geen ander uitweg as om die boere by die Kaapse burgers in te kwartier nie. Hierdeur het baie moeilikheid ontstaan deurdat verskeie inwoners geweier het om die burgers huisvesting te verskaf. Die hele saak word toe in die hande van twee lede van die Politieke Raad geplaas, naamlik Boers en Van Schoor. Hulle moes 'n uitweg vind hoe dit die maklikste sou wees om die opkomende piquetwagte van huisvesting te voorsien, sodat alle inwoners elkeen volgens sy vermoë sy deel sal kan bydra. 38)

Op 9 Oktober 1781 lê die kommissie hulle verslag voor die Politieke Raad. Die kommissie stel voor dat die inwoners van die Kaap, sowel as die burgers wat duskant die Hottentot-Hollandse, Stellenbosch en Drakensteinse en Roodezandse gebergtes en aan die Vier-en-twintigriviere woon, elkeen na sy vermoë 'n klein belasting opgelê word wat elke vier maande ingevorder moet word. Die geld moet gebruik word om aan die piquetwagte 10 rds. per maand te gee vir losiesgeld, ook ingeval alle burgers opgeroep word. 39)

---

37) C490 Ink.Secr.Br.: Here XVII, 4.5.1781.
38) C73 Resolutien, 18.9.1781, pp. 507-526.
39) C313 Memorien en Rapporten No.44, 1781, pp. 493-499.

Die Politieke Raad keur die reëlings goed en spreek die hoop uit „dat voor 't vervolg zullen weezen weggenomen alle disordres, en zo meede de klagten en praetexten waarop deeze en geene perzoonen hebben gewijgerd, de bij hun gebilliëtteerde manschappen t' accepteeren......."[40)]

Toen hierdie voorgenome belasting het 104 Kaapse burgers heftig beswaar gemaak omdat elkeen belas is „tot het opbrengen van een sware somma gelds ieder..."[41)] Die Raad was verbaas oor hierdie klagte omdat die som wat elkeen moes betaal, in werklikheid maar baie gering was. Die Raad besluit toe om spesiaal 'n plakkaat uit te vaardig waarin die persone wie se name onderaan die rekwes kom, gepubliseer sal word met die som wat elkeen moet betaal daarnaas.[42)]

Die publikasie van hierdie plakkaat het 'n groot opskudding onder die ondertekenaars van die versoekskrif veroorsaak. 'n Paar vooraanstaande Kaapse burgers het hulle opwagting by die Goewerneur gemaak.[43)] Hulle het Van Plettenberg ernstig versoek om hierdie plakkaat, waarop die name van die ondertekenaars verskyn, terug te trek. Hulle het die Goewerneur verseker dat alle ondertekenaars sal betaal.[44)]

---

40) C73 Resolutien, 9.10.1781, pp. 507-526.
C685 Origineel Placcaat Boek, 9/12 Oktober 1781, pp.146-9.
41) C278 Requesten en Nominatien No.71, pp. 238-243.
42) C73 Resolutien, 30.10.1781, pp. 631-645.
C685 Origineel Placcaat Boek, 6/7 November 1781, pp.150-158. Die versoekskrif is deur sommige geteken wat glad nie hierdie belasting moes betaal nie. Hulle was dus heeltemal onkundig omtrent die inhoud. Dit het die Goewerneur en Politieke Raad laat vermoed dat die versoekskrif opgestel is deur „instigatie van andere qualijk geintentioneerde subjecten", wat dit doen om die„vuur van twist en tweedragt meer en meer aan te blaasen..." Dit sinspeel op die burgerwoelinge in hierdie tyd toe 'n deputasie na Nederland afgevaardig is om die burgers se griewe voor die Here XVII te lê.
43) Hulle was Hendrik Pieter Warneke, Oud-Kommissaris van Siviele en Huweliksake, Servaas van Breda en Jan Andries Grundling, albei Burgerluitenante.
44) C73 Resolutien, 16.11.1781, pp. 664-671.

University of Cape Town

Baie ernstiger was egter die moeilikheid wat die Goewerneur met sommige lede van die Stellenbosche picquetwag gehad het. Ons het reeds gesien dat nieteenstaande die Politieke Raad besluit het om die picquetwag af te skaf [45] die Goewerneur op die dag toe hy die burgers afgedank het, aan hulle gesê het om weer vanaf 1 November 1781 picquetwag te kom doen. [46] In die begin van 1782 het sommige lede van die Stellenbosche picquetwag ernstige moeilikheid veroorsaak.

Dit blyk dat twaalf persone onder leiding van Francois Roos, na hul kaptein Philip Wouter de Vos, gegaan het en aan hom verklaar het dat hulle die picquetwag as onnodig beskou. De Vos het hulle daarop gewys dat hy hulle nie die reg kon gee om huis toe te gaan nie, maar dat hulle toestemming van die Goewerneur moes kry. Hierop sou Roos gesê het:

> „Ik heb met den Heer Gouverneur niet van nooden, en maak uw maar bekend dat wy zullen wegryden."

Die Goewerneur verklaar aan die Raad dat die „roervinken" swaar gestraf moet word as „meyneedige en verstoorders der algemeene rust", om in die toekoms as 'n voorbeeld vir die ander te dien. Die Goewerneur sê dat hulle 'n swaar straf verdien, omdat hy „'t zedert de met en onder d' ingezeetenen alhier ontstane onlusten, alles op de zagste wyze getracteerd hebbende, zulks egter niet ander had g' effectueerd, dan dat dezelve al immer meer in alle tomeloosheyd en baldadigheyd waaren uytgespat......" [47]

---

45) Vide Supra, P.34.
46) C646 Dagregister, 10.8.1781.
47) Die Goewerneur verwys hier weer na die woelinge onder die burgers wat in verband staan met die Burgerpetisie. Die Goewerneur beskou die ongehoorsaamheid van Roos cum suis, as 'n uitvloeisel van die onrus en woelinge wat onder die burgers gaande was.

University of Cape Town

Die onafhanklike fiskaal, Mr. Willem Cornelis Boers, het egter gewaarsku teen die oplê van swaar strawwe vir Roos en sy volgelinge, en wel om die volgende redes:-

1. Die Goewerneur het op eie houtjie besluit om die hou van picquetwag weer in te stel, nadat die Politieke Raad eenparig besluit het om dit af te skaf. Daarby was die herinstelling daarvan oorbodig. Die Britse kroon sou geen tweede ekspedisie na die Kaap toe stuur voordat hulle nie eers verneem het of die eerste ekspedisie geslaag het nie.

2. Die Raad moet ook in aanmerking neem dat verskeie persone van die laaste twee picquette onder die kapteins Van As en Wium, weggebly het, terwyl sommige sonder toestemming van die kapteins of die Goewerneur, teruggery het na hulle plase toe. Dieselfde het ook gebeur met die afdeling onder kaptein Cloete. Nooit is daar enige klagte ingedien of enige straf toegepas nie.

Die Politieke Raad besluit toe om vir Roos en sy volgelinge te dagvaar om voor die Politieke Raad te verskyn sodat hulle verantwoording kon doen vir hulle doen en late.[48)]

Toe hulle voor die Raad verskyn het sommige skuld beken en ander het gesê dat hulle onkundig was, of weens siekte en boerderysake moes ~~terug~~ huis toe gaan. Die Politieke Raad besluit toe dat Roos cum suis in die Kaap moet bly totdat die Politieke Raad weer vergader sodat oor hulle straf besluit kon word.[49)] Toe die Raad na ag dae nog nie vergader het nie, is Roos cum suis terug na hulle plase.

---

48) C74 Resolutien, 3.1.1782, pp. 1-18.
C568B.Uitg.Br.No.2: O.M.Bergh, 3.1.1782, pp.127-130.
C468 Ink.Br.No.4: O.G.de Wet, 9.1.1782, pp.127-130.

49) C314 Memorien en Rapporten No.3: 1782, pp.17-38.
C74 Resolutien, 10.1.1782, pp.26-63. Aangesien die Goewerneur persoonlik betrokke by die saak was weens die uitlating van Roos, het hy nie die vergaderings bygewoon wanneer die saak van Roos en sy volgelinge onder bespreking was nie.

University of Cape Town

Hierdie openlike uittarting van die Politieke Raad se gesag het tot gevolg gehad dat daar besluit is om Roos en sy volgelinge swaar te straf. Aan die fiskaal Boers is opdrag gegee om Roos cum suis te vervolg omdat „meermelde Roos c.s. op een opiniatre wyze in dezelver begonne verregaande disobedientie blyven voortvaren....."[50)]

Toe hierdie voorneme van die regering bekend word, het die inwoners van Drakenstein en Stellenbosch 'n versoekskrif opgestel wat deur 79 burgers onderteken is. Die versoekskrif is deur vier offisiere van die Stellenbosche en Drakensteinse landmag aan die Goewerneur oorhandig.[51)]

In hierdie versoekskrif vra die Stellenbosche burgers die Goewerneur om die voorgestelde kriminele vervolging van Roos en sy volgelinge te herroep, en terselfdertyd skets hulle die agtergrond van die moeilikheid met die picquetwagte.

Daar word verklaar dat alle burgers gewilliglik picquetwag gedoen het voor die aankoms van die Franse hulptroepe. Na die aankoms van die troepe is gereken dat dit nie meer nodig sou wees nie. Vertoë is tot hulle kapteins gerig om met die Goewerneur te praat om die hou van picquette op te hef, maar dit was sonder sukses.

Daar moet ook onthou word dat die boer dwarsdeur die jaar besig is op sy plaas met die ploeg, saai en oes van die graan, en met die bewerking van sy wingerde en die pars van wyn. Deurdat die regering alle knegte herroep het, is die boer se teenwoordigheid des te meer noodsaaklik op sy plaas. Daarby is die boere se vroue en kinders blootgestel aan die „baloorigheid en moedwil" van hulle slawe.

Die regering moet ook in gedagte hou dat sommige jong beginners swaar rente moet betaal, en as hulle lank van hulle

---

50) C74 Resolutien, 18.1.1782, pp. 111-123.
51) Hierdie vier offisiere was Jan de Villiers Jn zn, kaptein, Philippus Albertus Meyburg, eerste luitenant, Hofman, „soos lieutenant", en Sameul Johannes Cats, kornet van die kompanjie dragonders van die Stellenbosche en Drakensteinse burgermag.

plase afwesig bly, sal hulle later nie in staat wees om hulle rente te betaal nie. Hulle verval dan in armoede.[52)]

Die Politieke Raad besluit dat weens die „decente" wyse waarop die burgers hulle saak voorgedra het en die feit dat hulle die billikheid van die regering se maatreëls besef, die Raad bereid is om hulle vorige besluit in hersiening te neem, „om aan de suplianten al weederom een overbodige blyk te geeven, hoo zeer men bereyd en geneegen is, haare klagten, by zo verre dezelve op billyke reedenen gegrond, mitsg:s op een betamelyke wyze werden voorgedragen aan te hooren, en, des mogelyk, te voorsien in die bezwaarnissen, die men zoude bevinden inderdaad plaats te hebben....."[53)]

Die Politieke Raad het ook reeds besluit dat in die toekoms slegs een manspersoon uit elke huis op 'n slag diens sal doen.[54)] Om die burgers verder tegemoet te kom, besluit die Politieke Raad dat as daar enige persone in die buitedistrikte is wat nog geen vaste huishouding het nie, of uit sy huishouding gemis kon word, sulke persone picquetwag kan hou totdat die oorlog eindig. Die doel was om persone wat dit besonder moeilik vind om die picquette by te woon, af te los.[55)]

Vanaf 1782-1784 is ook nie verder die jaarlikse wapenskou gehou nie. In 1782 het die Politieke Raad in aanmerking geneem die feit dat die Kaapse burgery kort-kort onder die wapen was, dit nie nodig sou wees om die jaarlikse militêre oefening te hou nie. Nog 'n belangrike feit was dat die Politieke Raad bevrees was dat met die aanwesigheid van soveel vreemde troepe, „dewelke als dan ook op het exercitie veld staan te zaamen te vloeijen, en de in wapenen zijnde burgers ligtelijk eenige disordres en moeijelijkheeden zouden kunnen komen t' ontstaan..."[56)]

---

52) C279 Requesten en Nominatien No.17,12.2.1782,pp.74-106.
53) C74 Resolutien, 13.2.1782, pp. 208-254.
54) C74 Resolutien, 18.1.1782, pp. 111-123.
55) C74 Resolutien, 13.2.1782, pp. 208-254.
56) C74 Resolutien, 13.8.1782, pp. 718-719.
C75 Resolutien, 2.9.1783, pp. 539-540.

University of Cape Town

Die wapenskou van die Stellenbosche, Drakensteinse en Swellendamse burgermagte is ook gekanselleer. Daar is in aanmerking geneem dat hierdie burgers lank picquetwag gedoen het. Hulle moet ook nog steeds sterk kommandos teen die„ Bosjesmans-Hottentotten" stuur. Dit was ook noodsaaklik dat die boerdery ernstig beoefen word.[57)]

Daar is reeds gewys op die gebrekkige kommunikasie met die Here XVII Hierdie gebrekkige kommunikasie het die Goewerneur veral baie hoofbrekens besorg teen die einde van die oorlog, toe gerugte van vrede die Kaap bereik, maar die Goewerneur geen amptelike bevestiging daarvan van die Here XVII ontvang nie.

Die eerste vredesgerug het die Kaap op 10 Mei 1783 bereik.[58)] Op 25 Mei en 23 Julie 1783 het verdere vredesgerugte die Kaap bereik. Volgens die een gerug is slegs voorlopige vrede gesluit, terwyl die ander gerug lui dat dit nie seker is of Nederland ook ingesluit is nie. Hierdie berigte was nie een offisieel nie, sodat dit die posisie van die Kaapse regering baie moeilik sou wees indien hier 'n groot Engelse vloot sou verskyn. Dit is dan ook presies wat gebeur het.

Op 9 Desember 1783 verskyn 'n Engelse vloot in Tafelbaai. Hierdie vloot was onder bevel van Richard King. Hy het 1,500 siekes aan boord gehad. Hy het die Goewerneur versoek dat toegelaat sal word dat die 1,500 siekes aan wal gesit en die nodige voedsel aan sy vloot verstrek sal word.[59)]

Die teenwoordigheid van hierdie Britse vloot, het die Kaapse Regering in 'n lastige posisie geplaas. Hulle het wel reeds van die Here XVII verneem dat op 20 Januarie 'n wapenstilstand tussen Brittanje en Nederland gereël is, maar of daar al werklik vrede was, het die Kaapse regering nog nie geweet nie.[60)]

---

57) C74 Resolutien, 13.8.1782, pp. 718-719.
58) C468 Ink.Br.: C.Brand, 10.5.1783, p.621.
59) C75 Resolutien, 9.12.1783, pp. 775-777.
60) C468 Ink.Br.: Here XVII, 24.3.1783, pp.862.

University of Cape Town

Die Politieke Raad het gehuiwer om so 'n groot getal siekes te laat land en het aangebied dat slegs hoofde toegelaat sou word om te land.[61] Die Britse bevelhebber wys dit van die hand en versoek die Goewerneur vir die tweede maal om sy siekes toe te laat om aan land te gaan.[62]

Die Politieke Raad besluit dat aangesien nog geen tyding ontvang is dat formeel vrede gesluit is nie, „het een onvoorschoonlijke onvoorsigtigheid soude sijn bij aldien men in het onseeker tijdsgewrigt, waarin men zig met betrecking tot d' Engelsse voor als nog komt te bevinden permitteerde, dat een aantal van ruijm 1500 zieken aan de wal wierde gebragte, dewelke weederom gesond geworden zijnde ons ten hoogsten zouden belemmeren wanneer onverhoopt de vreedesonderhandelingen niet aan onse verwagting quamen te beantwoorden en daar de vijligheid deeser colonie als het voornaamste onser pligsbetragtingen niet uijt het ooge konde werden gesteld". Om King tegemoet te kom, sal toegelaat word dat hy sy siekes op Robbeneiland plaas, mits hy die nodige maatreëls tref om die orde te handhaaf. Die offisiere en manskappe sou nog nie toegelaat word om te land nie.[63]

Teen die aand van 10 Desember 1783 verskyn daar egter 'n Engelse skip, „The Swallow", in Tafelbaai.[64] Die skip het op 7 Oktober uit Falmouth vertrek. Aan boord was 'n brief van die president en vise-president van die Engelse Oos-Indiese Kompanjie. Die brief, gedateer 10 September 1783, lui dat die skip spesiaal gestuur is om die „Praeliminairen Articulen" tussen Groot Brittanje en Nederland en die definitiewe tractaat van vrede tussen Brittanje, Frankryk en Spanje, na Indië oor te bring.

---

61) C568 Uitg.Br.: Kaapse Regering, 15,12.1783, pp.788-800.
62) C468 Ink.Br.: Richard King, 9.12.1783, pp.1061-1067.
63) C75 Resolutien, 10.12.1783, pp. 779-786.
C568 Uitg.Br.No.138: J.van Plettenberg, 10.12.1783, pp. 782-785.
64) C647 Dagregister, 11.12.1783, pp. 275-276.

University of Cape Town

Die Politieke Raad het in aanmerking geneem dat die brief van geaccrediteerde ministers kom, en die egtheid daarvan dus nie in twyfel getrek kan word nie. Ook is 'n Engelse koerant van 20 September 1783 aan die Goewerneur oorhandig waarin melding gemaak word van die „vredens praeliminairen". Daar is toe toegelaat dat die offisiere sowel as manskappe van King aan land kan kom.[65)]

Die Goewerneur het eers op 21 Januarie 1784 amptelik van die Here XVII verneem dat die „vredens praeliminairen" geteken is.[66)] Dit was egter nie voor 26 Desember 1784 dat die Goewerneur amptelik in kennis gestel is dat finaal vrede tussen Brittanje en Nederland gesluit is nie. Hierdie vredesverdrag is op 20 Mei 1784 geteken.[67)]

Wanneer 'n mens die optrede van Goewerneur Joachim van Plettenberg gedurende hierdie oorlogsjare in oënskou neem, kom jy tot die gevolgtrekking dat hy onder die omstandighede gedoen het wat hy kon. Met die ontvangs van die oorlogstyding het hy gou opgetree en die nodige maatreëls getref om die Kaap so goed as moontlik te verdedig. Die latere aankoms van so baie vreemde troepe, het 'n groot verantwoordelikheid op Van Plettenberg se skouers geplaas. Daar die Hollandse garnisoen ver in die minderheid was, moes die Goewerneur sorg dra dat geen verskille tussen die regering en die hoofde van hierdie troepe, tot ernstige wrywing lei nie. Die Goewerneur was egter baie takvol en het enige wrywing tussen die Hollanders en Franse verhoed. Dit getuig die voorval wat in 1783 plaasgevind het toe die Franse hoof van die troepe, brigadier Conway, geweier het om toe te laat dat die Kaapse Regering beslag lê op sekere goedere wat deur 'n Franse skip hiernatoe gebring is, alhoewel die Kaapse regering die reg daartoe gehad het. Liewer as om op hulle reg

---

65) C568 Uitg.Br.No.139, Kaapse Regering, 15.12.1783,pp.788-800.
66) C469 Ink.Br.: Meerman van der Goes, 9.10.1783, pp. 25-27.
67) C469 Ink.Br.: Here XVII, 12.7.1784, p.625.

University of Cape Town

te staan, het die Goewerneur besluit om die saak net daar te laat staan en volledig hieromtrent aan die Here XVII te rapporteer.[68)]

Ook in sy optrede teenoor die burgers wat geweier het om picquetwag te hou, was dit miskien beter dat die Goewerneur liewer te sag as te hard opgetree het omdat daar juis in daardie tyd baie ontevredenheid en woelinge onder die burgers was.

University of Cape Town

68) C75 Resolutien, 26.3.1783, pp. 290-295.
C75 Resolutien, 31.3.1783, pp. 299-311.

# HOOFSTUK IV.

## DIE ONTWIKKELING VAN DIE UITVOERHANDEL MET NEDERLAND. 1771-1780.

In die eerste hoofstuk is daarop gewys dat op die tydstip wat Joachim van Plettenberg hoof van die Kaapse regering geword het, het die ekonomiese toekoms taamlik donker gelyk.[1) ] Gelukkig het daar toe juis 'n mate van uitkoms gekom.

In hierdie tyd is begin met die bou van die nuwe hospitaal. Baie boumateriaal moes vanaf Nederland gestuur word. Terselfdertyd het die Here XVII ook besluit om die Kaapse garnisoen te versterk deur groot getalle manskappe na die Kaap te stuur. Die doel was om die manskappe hier te hou, en as daar van die uitkomende skepe by die Kaap aankom wie se bemannings uitgedun is deur siekte en dood, moes daar van hierdie manskappe gebruik word om op die skepe te plaas.

Die skepe waarmee die troepe en boumateriaal vervoer sou word, moes volgens bevel van die Here XVII onmiddellik na Nederland terugkeer. Om te verhoed dat die skepe leeg terugkeer en om die vervoerkoste van die manskappe en boumateriaal so laag as moontlik te hou, word die Goewerneur beveel om die skepe met Kaapse produkte te laai.[2)]

Die Here XVII was ook begerig om Kaapse koring in te voer omdat Pole wat altyd die graanskuur van Holland was, teen 1772 so deur oorlog verwoes was, dat dit nie in die behoefte van Nederland kon voorsien nie. Die Europese oeste was ook swak.[3)]

---

1) Vide supra, pp. 3-4.
2) C463 Ink.Br. Here XVII, 18.10.1771, pp.184-187.
   Walker: op.cit., pp.93-94.
3) Cf. Thunberg: Travels I, 1770-1773, pp. 231-232.

Die aanvraag vir koring was groot en die Here XVII het gereken dat as hulle groot hoeveelhede koring goedkoop van die Kaap kon kry, dit met 'n goeie wins in Europa verkoop kon word.

Die Here XVII beveel vir Van Plettenberg dat die produkte wat eerste in aanmerking moet kom, koring, rog en gars moet wees, en dan wol, wyn, brandewyn, huide en talk (hardevet). Die Here XVII skryf dat van die sewe laasgenoemde produkte, slegs klein hoeveelhede gestuur moet word, sodat daar eers besluit kan word of dit die moeite werd sal wees om groot hoeveelhede daarvan in te voer.

Die Here XVII vertrou dat die Kaapse regering sy bes sal doen om produkte van die beste kwaliteit teen die laagste pryse in te koop sodat die Kompanjie aangemoedig kan word „om, ten voordeele van die Caabse colonie, te continueeren en uyt te bryden een tak van commercie, waarvan wy wel in voorige jaaren, meer dan eens, preuves hebben genomen, doch waar van wy genoodzaakt zyn geweest af te zien, ten deele om dat de qualiteit van sommige goederen niet beantwoorden aan onze verwagting, en ten deele om dat andere tot zulke hooge pryzen kwaamen te staan, dat die by verkoop hier te lande geen voordeel konden geeven."

Die Kaapse regering is gewaarsku dat geen koring na Nederland uitgevoer moet word voordat in die behoeftes van die Kaap en Indië voorsien is nie.[4)]

Hierdie aanbod van die Here XVII het op 'n baie ongeleë tyd gekom. Daar het 'n droogte in 1771 geheers wat die oes baie nadelig getref het en volgens die Kaapse regering was die oes „mediocere" in vergelyking met die vorige jaar s'n.[5)]

Daarby was die Franse juis besig om groot hoeveelhede meel, vleis en wyn in te laai vir die oorlogskepe en magasyne van Mauritius, toe die brief van die Here XVII deur die gesaghebber

---

4) C463 Ink.Br.: Here XVII, 18.10.1771, pp. 184-187.
5) C557 Uitg.Br.: Kaapse Regering, 13.1.1772, pp. 35-76.
C463 Ink.Br.: Landdros van Swellendam, 24.2.1772, pp.89-90.

Joachim van Plettenberg ontvang is. Aangesien die oes nie so goed was nie, was die pryse van die produkte hoog.[6)]

Die Kaapse regering het self ook nog nie genoeg koring ontvang vir eie gebruik en om aan die eise van Ceylon en Batavia te voldoen nie. Die regering sou probeer om darem ten minste een skip gelaai met Kaapse produkte terug te stuur.[7)]

Om dit moontlik te maak, was die Kaapse regering verplig om 'n plakkaat uit te vaardig wat die verkoop van koring, rog, gars, biskuit, meel en hardevet aan skepe van die Kompanjie of enige ander vreemde nasie se skepe, ten strengste verbied.[8)] Ook is die boere beveel om aan die „negotie-comptoir" te kom opgee hoeveel tarwe, rog en gars hulle nog aan die Kompanjie kon lewer.[9)]

Dit het spoedig geblyk dat die Kaapse regering selfs nie eens vir die een skip 'n vol vrag sou kon kry nie. Die Kaap kon nie meer as 150 laste[10)] koring uitvoer nie. Saam met die 30 leers wyn, monsters van gars, talk en rog was die vrag te klein om met 'n groot skip terug Nederland toe te stuur. Daar is toe van 'n kleiner skip gebruik gemaak.[11)]

Die Kaapse regering het die Here XVII verseker dat die hoë pryse van Kaapse produkte deur „buijten gewone toevallen" (swak oes en Franse vloot) veroorsaak is. As die oes in die toekoms groot is, sal koring, rog, gars en wyn teen die vasgestelde pryse en slegs nog goedkoper gekry kan word.[12)]

Die begin van 'n groter uitvoer na Nederland het swak aangevang. Die totale uitvoer na Nederland het slegs f22,557 bedra. Daar is 2997 muddens koring en 122 leers wyn uitgevoer.[13)]

---

6) Theal: op.cit. pp. 141-142.
7) C64 Resolutien, 11.4.1772, pp. 227-233.
8) C684 Placcaat Boek, 11/13 April 1772, pp. 421-422.
9) C684 Origineel Placcaat Boek, 11/13 April 17772, pp.425-426.
10) Daar is 18½ sakke in 'n las.
11) C557 Uitg.Br.: Kaapse Regering, 20.5.1772, pp. 680-682.
12) Ibid.
13) C557 Uitg.Br.: Kaapse Regering, 18.12.1772, pp.984-986.

University of Cape Town

Die Kaapse regering het die Here XVII versoek om in die toekoms wanneer hulle skepe met troepe en boumateriaal na die Kaap stuur, die skepe op so 'n tyd uit Nederland sal laat vertrek, sodat hulle in die begin van die maand Desember hier sou wees. Dit is dan vir die burgers baie makliker om hulle graan Kaap toe te bring, omdat die oes dan net ingesamel is. As die skepe te laat kom, het die boere reeds hulle orige koring verkoop.

Daar kon ook nie aan die Here XVII se eis vir huide en velle voldoen word nie. Die boere het net genoeg vir eie gebruik en vir die plaaslike leerlooierye. Die Kompanjie se slagters lewer ook net genoeg vir die Kompanjie se plaaslike gebruik en vir die voorsiening van die skepe.

Die Kaapse regering voel egter verplig om die Here XVII „uijt naam der gezamentlijke ingezetenen deezes lands, die weegens deese onverdiende weldaad met de diepste gevoelens van dankbaarheyd en erkentenisse zijn aangedaan, op het aller onderdanigst te danken....." [14]

Alhoewel hierdie eerste besending van Kaapse produkte klein was, skryf die Here XVII dat die produkte van „vrij goede qualiteyt" bevind is. Die Here XVII beweer dat die onderneming „ver boven onse verwagting is uijtgevallen". [15]

In 1773 het die vooruitsig om graan en wyn na Nederland uit te voer, baie rooskleurig gelyk. Hierdie jaar was die graan- sowel as die wynoes baie goed, en die Kaapse regering was vol vertroue dat ten volle aan die Nederlandse eis vir produkte voldoen sou kon word. Aan die „dispencier" Adriaan van Schoor is dan ook vroegtydig kennis gegee om genoeg koring, rog en gars teen die „civielsten" pryse in te koop. [16]

---

14) C557 Uitg.Br.: Kaapse Regering, 20.6.1772, pp.757-766.
15) C463 Ink.Br.: Here XVII, 26.10.1772, pp. 845-847.
16) C64 Resolutien, 24.11.1772, pp. 441-442.

University of Cape Town

Daar is dan ook in hierdie jaar heelwat meer uitgevoer. Die waarde van die uitvoer na Nederland het f74,285 bedra. Daar is 137 lêers wyn en 13,061 mud koring uitgevoer.[17]

Die graan en die produkte was van 'n goeie gehalte en die Here XVII was baie ingenome daarmee.

Die Here XVII was veral baie ingenome met die graan. Hulle beveel die Kaapse regering om in 1775 , 30,000 mud koring na Nederland te stuur.[18] As die graanboere genoeg kon produseer, was daar 'n kans om groot hoeveelhede graan na Nederland uit te voer. Die Politieke Raad was baie ingenome met die plan en het besluit om alles in hulle vermoë te doen om aan die eis van die Here XVII te voldoen.[19]

Die Here XVII het die Kaapse regering toegelaat om enige produk wat die Kompanjie tot groot voordeel sou strek, na Nederland uit te voer. Dit moes slegs „een geringe quantiteijt en alleen ter preuve wees." Daarom is net twee lêers Madeirawyn en 'n klompie huide gestuur.[20]

In 1774 is 131 lêers wyn en 12,630 mud koring uitgevoer. Die totale waarde van die uitvoer na Nederland het 71,568 bedra.[21]

Nie minder as vier skepe het in 1776 Kaapse produkte na Nederland vervoer nie. Daarom is daardie jaar vir die groot bedrag van f106,393 uitgevoer. Daar is 23,490 mud koring en 115 lêers wyn uitgevoer.[22] Dit was veral die koringboere wat groot voordeel uit hierdie uitvoer getrek het. Daarby het die Kaapse regering op 17 Februarie 1776 'n brief van die Here XVII ontvang waarin die Kaapse regering die reg gegee word om koring op retoerskepe te laai, indien daar plek was.[23]

---

17) C558 Uitg.Br.: Kaapse Regering, 18.12.1773, pp.1025-1026.
18) C464 Ink.Br.: Here XVII, 20.10.1773, pp.158-159.
19) C66 Resolutien, 25.4.1774, pp. 175-177.
20) C559 Uitg.Br.: Kaapse Regering, 18.6.1774, pp. 774-777.
21) C559 Uitg.Br.: Kaapse Regering, 16.12.1774, pp. 993-995.
22) C561 Uitg.Br.: Kaapse Regering, 27.12.1776, pp. 920-923.
23) C465 Ink.Br.: Here XVII, 10.10.1775, pp. 137-138.

University of Cape Town

In 1776 het die uitvoer na Nederland sy klimaks bereik. Tot dusver was die Here XVII baie tevrede met die produkte wat uitgevoer is. Ongelukkig begin daar nou klagtes kom oor die swak gehalte van sekere produkte.

Alhoewel die koring gewoonlik van 'n goeie gehalte was, ontvang die Kaapse regering klagtes dat die graan wat in 1775 in Nederland aangekom het, met kalanders besmet was.[24)]

Veral is ernstige klagtes ingebring teen die gehalte van die Kaapse wyne.

Die Constantiawyn was baie beroemd in Europa en was van 'n hoë gehalte. Vanaf 1774 het 'n reeks klagtes van die Here XVII begin instroom oor die swak gehalte daarvan. Veral was dit die geval in 1776. Die Here XVII skryf:

> „De in dit jaar van de Caab aangebragte Constantia wynen zyn in het algemeen van een slegte qualiteyt geweest maar voor al van het merk I.V.S. de witte wyn van dat merk in het bysonder is allerslegts geweest. De verkoop prysen verscheelen ook teen veel by die van voorige jaaren men meend duydelyk te kunnen bespeuren dat deselve aangevuld is met Steenwyn......" 25)

Die ses lêers brandewyn wat in 1774 uitgevoer is, moes weens die swak gehalte daarvan, teen 'n verlies verkoop word.

Daarby was elke lêer van dieselfde soort wyn ook nie altyd van dieselfde gehalte nie. Dit blyk duidelik uit 'n verslag van die Kamer Zeeland aan die Kaapse Regering. Volgens die verslag is 16 lêers wit Steenwyn verkoop. Elke lêer is apart opgeveil en uit die onderstaande tabel kan duidelik gesien word hoe verskillend van gehalte die lêers wyn was:-

Die inkoopsprys was f67.

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| Lêer No.6 | Verkoop vir | f185 | : Wins | f117: 5: 0 |
| " " 5 | " " | f170 | : " | f102: 5: 0 |
| " " 1 | " " | f 90 | : " | f 22: 5: 0 |
| " " 2 | " " | f80 | : " | f 12: 5: 0 |
| " " 3 | " " | f 65 | : Verlies | f 2: 15: 0 |
| " "16 | " " | f40.5 | : " | f27: 10: 0 |

26)

24) C177 Bylagen, 1776, pp. 107-110.
C465 Ink.Br.: Here XVII, 27.7.1775, p. 171.
25) C465 Ink.Br.: Here XVII, 23.12.1776, pp. 699-700.
26) C177 Bylagen, 1776, pp. 104-105.

University of Cape Town

Die swak gehalte van die Kaapse wyne, het baie daartoe bygedra om die Here XVII so min Kaapse wyn te laat eis. Om hulle ekonomiese posisie te verbeter, het die wynboere probeer om wyn op hulle eie rekening na Nederland te stuur in skepe van die Kompanjie.

Die Goewerneur het die inisiatief in hierdie saak geneem. Hy het vir Johannes Albertus Myburgh genader en gevra „of de wyngaardeniers wel eenige wynen soude willen oversenden, na het Vaderland en aan de Edele Compagnie de vragt betaalen...." Myburgh het geantwoord dat hy maar alte graag so iets sou wou doen as hy net wis hoeveel vraggeld hy moes betaal.[27]

Op 15 Februarie 1776 gee die Goewerneur aan die Politieke Raad te kenne dat sommige ingesetenes graag wyn op hulle eie rekening na Nederland sal wil stuur.[28] Daar is toe aan die Here XVII geskryf dat die boere toegelaat moet word om wyn op hulle eie rekening na Nederland te stuur in Kompanjieskepe „wanneer de gevallen mogten exteeren, dat men 't sij door manquement van tarwe, of andere toevallen, buijten staat mogte sijn, de fluijten, hoekers ofte scheepen, die ter overbrenging van manschappen; herwaerds gesonden sijn, daarmeede ten vollen te kunnen afladen."[29]

In 1777 was daar so 'n kritieke tekort aan matrose, sodat die Here XVII geen skepe na die Kaap kon stuur nie. Die Here XVII skryf toe dat hulle in hierdie omstandighede nie op die saak kon ingaan nie.[30]

Die Here XVII het die saak eers in 1778 oorweeg. Hulle vind die „propositie al te generaal" om daarop voorasnog 'n finale antwoord te gee. Die Here XVII wou eers weet hoe groot die jaarlikse oes is; uit hoeveel soorte wyn die oes bestaan,

University of Cape Town

---

27) C742 Kaapsche Geschillen, pp. 123-124.
28) C68 Resolutien, 13.2.1776, pp. 93-95.
29) C561 Uitg.Br.: Kaapse Regering, 1.3.1776, pp. 243-244.
30) C565 Ink.Br.: Here XVII, 9.4.1777, pp. 927-928.

en hoeveel van die verskeie soorte wyn elke jaar na Nederland uitgevoer is, „ten eynde wy na het bekomen van die informatien nader zouden kunnen zien of en hoever de voorschreeve propositie buyten praejuditie van die Maatschappy tot stand te brengen zou zyn."[31]

Dit is aan Pieter Hacker opgedra om 'n rapport hieromtrent op te stel. Op 16 Februarie 1779 is die rapport voor die Politieke Raad gelê.

Pieter Hacker verklaar dat volgens die opgaafrolle die jaarlikse produksie 3,244 lêers wyn is. Jaarliks word 945 lêers wyn deur die Kompanjie ingekoop, en bly daar 2,300 lêers oor vir die ingesetenes.

Die verskillende soorte wyn wat geproduseer word, is Kaapse witwyn, Pontakwyn, rooi en wit Muscadellewyn, wit Steenwyn en Madeirawyn. Hoeveel van elke soort gepars word, is nie moontlik om te sê nie. Ook is dit nie moontlik om te sê hoeveel wyn elke jaar na Nederland uitgevoer kan word nadat die Kompanjie voorsien is nie, omdat „er voor eerst nooijt vasten staat op het gewasch te maaken is, en als zij geleegenheijd hebben, haar wijnen aan de vreemde natiën te verkoopen, of hier uijt te slijten, 'er als dan voor hun geen voordeel is, om voor haar reecq. wijnen naar het Vaderland te zenden."[32]

Hierdie rapport is na die Here XVII gestuur, maar daar is nooit 'n antwoord daarop ontvang nie. Dit mag aan die uitbreek van die oorlog te wyte wees, maar as 'n mens die rapport van Hacker lees, skyn dit nie asof hy meen dat daar 'n redelike kans is om 'n suksesvolle uitvoerhandel te ontwikkel nie.

Dat die boere werklik geïnteresseerd was in die ontwikkeling van 'n eie uitvoerhandel in wyn, word bewys deurdat in die Burgerpetisie van 1779 gekla word dat niks verder aan die saak gedoen is nie. Johannes Myburgh het verklaar dat hy in 1778

---

31) C466 Ink.Br.: Here XVII, 3.4.1778, pp. 344-345.
32) C71 Resolutien, 16.2.1779, pp. 105-110.
C312 Memorien en Rapporten No. 9, 16.2.1779, pp. 61-63.

juis sy wyn agtergehou het om dit op eie rekening na Holland toe te kan uitvoer sodra die nodige verlof daartoe verkry kon word.[33)]

In die begin van 1777 was die kanse vir uitvoer nie baie rooskleurig nie. Weens die droogte en laat reëns was die wyn- en graanoes baie swak. Geen koring is op die retoerskepe gelaai voordat daar nie sekerheid verkry kon word hoe groot die oes presies was nie.[34)]

Intussen was daar ook heelwat vertraging met die wegstuur van skepe na die Kaap. Van die Here XVII is 'n brief ontvang waarin die Kaapse regering in kennis gestel word dat weens die skaarsheid van manskappe om die skepe te beman, dit onseker is hoeveel skepe Kaap toe gestuur sal word. Die regering moet die nodige maatreëls tref indien een of meer skepe kom.[35)]

Tevergeefs het die Kaapse regering 'n plakkaat uitgevaardig op 25 Maart 1777 waarin alle boere kennis gegee word om te kom opgee hoeveel koring hulle het om uit te voer na Nederland.[36)] Die koringoes was so swak dat die boere nie genoeg koring kon lewer om een skip vol te maak nie.[37)]

Die waarde van die uitvoer na Europa het dus skerp gedaal weens die swak oeste. Die waarde daarvan was slegs f32,704 teenoor f106,000 van die vorige jaar. Slegs 5,000 mud koring is uitgevoer teenoor 23,000 van die vorige jaar. Die uitvoer van wyn het min of meer dieselfde gebly. Daar is in 1777 110 lêers wyn teenoor 115 lêers wyn van die vorige jaar uitgevoer.[38)]

Die uitvoer na Nederland in 1778 was nog swakker as die vorige jaar. Volgens Thunberg het die Kaap in 1777 'n groot droogte deurgemaak en veral was die koringoes baie swak. Waar 10 mud koring in vorige jare vir 10 rds. verkoop is, het 'n vrag nou die ongeëwenaarde prys van 33 rds. behaal.[39)]

---

33) C742 Kaapsche Geschillen, pp. 123-124.
34) C69 Resolutien, 14.1.1777, p. 41.
35) C465 Ink.Br.: Here XVII, 12.11.1776, pp. 471-474.
36) C69 Resolutien, 25.3.1777, pp. 141-142.
37) C562 Uitg.Br.: Kaapse Regering, 3.5.1777, pp. 466-468.
38) C562 Uitg.Br.: Kaapse Regering, 29.11.1777, pp. 719-721.
C561 Uitg.Br.: Kaapse Regering, 27.12.1776, pp. 920-923.
39) C.P.Thunberg: Travels IV, 1776-1779, pp. 270-271.

University of Cape Town

Die koringoes was inderdaad so swak dat die Kaapse regering aan die Here XVII skryf, „dat het nog zeer onzeeker is, of en in hoeverre den van Batavia gedanen eysch van 700 lasten van 't ged:e graan, zal kunnen werden voldaan; zulks men zig dan ook niet alleen onvermogens bevind om het fluijtschip De Hoop met een lading tarwe naar 't Vaderland te kunnen afzenden, maar ook niets daar van, met de resp:ve retourscheepen deezes jaars zal kunnen afsteeken."[40)]

Al was die graanoes ook goed, sou dit niks gebaat het nie, aangesien die Kaapse regering reeds op 21 September 1777 'n brief van die Here XVII ontvang het, waarin aan die regering geskryf word dat weens die ernstige tekort aan seeliede om die skepe te beman, dit nie moontlik sou wees om skepe na die Kaap te stuur om produkte op te laai nie.[41)]

Slegs 90 lêers wyn en 'n bietjie Constantiawyn is na Nederland uitgevoer ter waarde van f8,910.[42)]

Vir die jaar 1779 het sake vir die uitvoer heelwat rooskleuriger gelyk. Volgens 'n brief van die Here XVII op 21 September 1778 ontvang, word die Kaapse regering in kennis gestel dat drie skepe verwag kon word.[43)] Daarby was die graanoes baie belowend. Die Kaapse regering was oortuig dat ten volle aan die Batafse eis voldoen sou kan word en ook nog 'n groot hoeveelheid na die Vaderland uitgevoer sou kon word.[44)]

Daar was vier skepe beskikbaar maar slegs drie kon vol produkte weggestuur word weens 'n tekort aan graan.[45)]

Die waarde van die uitvoer toon 'n geweldige styging, naamlik 79,540 guldens in vergelyking met 8,910 guldens van

---

40) C563 Uitg.Br.No.10: Kaapse Regering, 25.1.1778, pp.40-41.
41) C465 Ink.Br.: Here XVII, 9.4.1777, pp. 927-928.
42) C563 Uitg.Br.No.114: Kaapse Regering, 28.12.1778, pp. 670-672.
43) C466 Ink.Br.: Here XVII, 3.4.1778, pp. 342-344.
44) C564 Uitg.Br.No.3: Kaapse Regering, 16.1.1779, pp.19-20.
45) C71 Resolutien, 16.2.1779, pp. 114-116.
C564 Uitg.Br.No.12, Kaapse Regering, 22.1779, pp.81-83.

University of Cape Town

die vorige jaar. Die groot vermeerdering in die waarde van die uitvoer was te danke aan die feit dat byna 16,000 mud koring en 133 lêers wyn uitgevoer is. Wat die wyn betref was dit die grootste aantal lêers wyn wat sedert 1771 na Nederland uitgevoer is.[46]

Die uitvoermoontlikhede na Nederland vir die jaar 1780 het weer baie rooskleurig gelyk. Die Politieke Raad het aan die Here XVII laat weet „dat het jongste graangewasch door 's Heeren zeegen weederom zeer favorabel is uijtgevallen...." Dit sal daarom moontlik wees om heelwat graan uit te voer.[47]

Slegs twee skepe was beskikbaar. Die Here XVII het verklaar dat daar weer 'n ernstige tekort aan seeliede was om die skepe te beman.[48] Gevolglik kon nie die helfte soveel uitgevoer word as die vorige jaar nie. Dit het veroorsaak dat die waarde van die uitvoer gedaal het tot 51,719 guldens.[49]

Nadat Groot Brittanje op 20 Desember 1780 teen Nederland oorlog verklaar het, het alle handel tussen Nederland en die Kaap tot stilstand gekom.

Die Here XVII het soms aansienlike winste gemaak op hierdie produkte wat in Nederland opgeveil is. Die volgende produkte is in 1774 in Nederland verkoop:

> Koring: 5230 mud. Die inkoopsprys was f20,710:16:0 en die verkoopsprys was f55,821:16:0. Dit is 'n wins van f35,111 of 169½%[50]
>
> Wyn: 16 leers wit steenwyn. Dit is ingekoop teen f1,084:4:8 en verkoop teen f2,000:5:0. Dit beteken 'n wins van f916:8:0 of 84%.
> Daar is ook 2 leers Kaapse Madeirawyn verkoop. Die inkoopsprys was f135:8:0 en is verkoop teen f323:6:8; Een leer wit Muskadelwyn is gekoop teen f107:6:8, maar is weer verkoop teen f350:8:0.

Die Kompanjie het soms verliese ook gely. So is 6 lêers brandewyn gekoop teen f644:4:8 maar is verkoop teen f402.[51]

---

46) C564 Uitg.Br.No.129: Kaapse Regering, 4.12.1779,pp.876-7.
48) C466 Ink.Br.No.93: Here XVII, 26.7.1779, pp.860-861.
47) C565 Uitg.Br.No.4: Kaapse Regering, 22.1.1780, pp.49-50.
49) C566A Uitg.Br.No.1: Kaapse Regering, 8.1.1781, pp. 5-7.
50) C177 Bylagen 1776, pp. 88-89.
51) C177 Bylagen 1776, pp. 100-101.

University of Cape Town

Die handelsverkeer tussen Nederland en die Kolonie het nie altyd glad verloop nie. Daar was faktore wat daartoe bygedra het om die handel wisselvallig en ongereeld te maak.

Die laat aankoms van skepe was 'n baie stremmende faktor. Die Kaapse regering het die Here XVII reeds in die begin van die nuwe uitvoerhandel gevra om die skepe so te stuur dat hulle in die begin van Desember by die Kaap aankom.[52] Hierdie vertoë het nie veel gehelp nie, en die skepe het nog steeds eers teen Aprilmaand of later hier aangekom.

Die boere was gewoonlik teen hierdie tyd lankal klaar met oes. Daar was maar min van hulle wat skure of solders gehad het waarin hulle die koring kon stoor. Elke boer het gewoonlik probeer om so gou as moontlik van sy koring ontslae te raak.[53] Gevolglik was daar nie altyd genoeg graan om die skepe vol te laai nie.

Die alternatief was dat die Kompanjie die koring moes opkoop en wegbere totdat die skepe kom. Die Kompanjie se pakhuise kon net 18,000 mud koring hou. Die Kaapse regering het dus voorgestel dat meer pakhuise gebou moet word om die koring te stoor totdat die skepe gekom het.[54] Die Here XVII het egter nie kans gesien om sulke onkoste aan te gaan nie.[55]

Daar is ook nie elke jaar eweveel skepe na die Kaap gestuur nie. In 1773 is twee skepe en in 1774,1775 en 1776 is geen skepe gestuur nie. In 1779 was vier skepe beskikbaar, maar die Kaapse regering kon net skepe met produkte wegstuur weens 'n

---

52) C557 Uitg.Br.: Kaapse Regering, 20.6.1772, pp. 757-766.
53) C560 Uitg.Br.: Kaapse Regering, 29.5.1775, pp. 626-631.
54) C557 Uitg.Br.: Kaapse Regering, 20.6.1772, pp. 757-766.
55) C465 Ink.Br.: Here XVII, 12.11.1776, pp. 560-662.

University of Cape Town

gebrek aan produkte vir die derde skip.[56)]

Hierdie ongereeldheid van die aankoms van skepe, het die boere in 'n ongemaklike posisie geplaas omdat hulle nooit seker was of daar genoeg skepe sou opdaag om hulle produkte weg te neem nie. Die Here XVII was nie by magte om iets hieraan te doen nie omdat die gebrek aan seeliede die oorsaak was waarom die skepe ongereeld gestuur of glad nie gestuur is nie.[57)]

Wanneer 'n mens die uitbreiding van die handel met Nederland in oënskou neem, kom jy onwillekeurig tot die gevolgtrekking dat dit nie so 'n groot sukses was as wat 'n mens sou verwag het nie.

Soos gesien is, het die aanbod op 'n baie ongeleë tyd gekom. Die oes was swak, en die Franse was besig om groot hoeveelhede produkte teen hoë pryse in te koop. Nieteenstaande die drastiese maatreël van die Kaapse regering om die uitvoer van produkte te belet nie, kon nog nie genoeg verkry word om die skepe weer terug te stuur nie.

Alhoewel 'n swak begin gemaak is, het die uitvoer gestyg tot 1776. Tot 1776 was die Here XVII heeltemal tevrede met die gehalte van die produkte. Van toe af begin daar klagtes inkom.

In 1777-1778 het die uitvoer geweldig gedaal. Ten eerste omdat geen skepe beskikbaar was nie, en ten tweede omdat die oes baie swak was. Vanaf 1779 is weer heelwat uitgevoer totdat die uitbreek van die oorlog dit beëindig het.

Alhoewel die uitbreiding van die handel gehelp het om die koloniste te verlos van hulle surplus produkte, veral die koringboere, kom die vraag by 'n mens op of die boere se ekonomiese

---

56) C558 Uitg.Br.: Kaapse Regering, 19.4.1773, pp. 469-473.
C558 " " " 6.7.1773, pp. 827-829.
C559 " " " 1.2.1774, pp. 48-51.
C559 " " " 18.6.1774, pp. 774-777.
C66 Resolutien, 13.10.1774, pp. 766-767.
C67 " 3.1.1775, pp. 58-59.
C68 " 19.2.1776, p. 100.
C 465 Ink.Br.: Here XVII, 12.11.1776, pp. 471-474.
C465 " " 9. 4.1777, pp. 927-928.
C564 Uitg.Br.: Kaapse Regering, 2.2.1779, pp. 81-83.
C71 Resolutien, 16.2.1779, pp. 114-116.

57) C465 Ink.Br.: Here XVII, 12.11.1776, pp. 471-474.
C466 Ink.Br.: No.93: Here Xvii, 26.7.1779, pp.860-861.

University of Cape Town

toestand aanmerklik verbeter het. Het dit die koloniste verlos uit die toestand van kroniese depressie, of is Walker geregverdig om die volgende aanmerking te maak. Hy skryf dat alhoewel daar gedurende die sewentiger jare meer na Nederland sowel as die Ooste uitgevoer is, het hierdie vermeerderde uitvoer nie aan die koloniste die verwagte voorspoed besorg nie. Waarom nie?

Om dit te begryp, moet 'n mens die vermeerderde uitvoer beskou teen die agtergrond van die algemene ekonomiese toestand van die Kaapkolonie.[59)]

University of Cape Town

59) Walker : op.cit., pp. 93-94.

# H O O F S T U K V.

## DIE EKONOMIESE TOESTAND VAN DIE KAAP-KOLONIE 1771-1779.

Toe Jan van Riebeeck in 1651 deur die Here XVII na die Kaap gestuur is, was die doel van die sending alleen om die Kaap as 'n verversingspos in te rig. Hy en sy klompie nedersetters moes genoeg vars groente en vleis produseer om die verbygaande Hollandse skepe te voorsien. Vanaf die stigting van die Kolonie was die hoofbronne van die ekonomiese bestaan van die koloniste geleë in die landbou, veral wyn- en graanboerdery, en later veeteelt. In 1771, honderd-en-twintig jaar later, was dit nog steeds die hoofbronne van die ekonomiese bestaan van die burgers, alhoewel handel, hoofsaaklik aan die Kaap, ook bygekom het.

Met die uitgee van die eerste vrybriewe aan die vryburgers in 1657, het die Kompanjie sy ekonomiese beleid uiteengesit. Die koloniste moes hulle produkte teen 'n vasgestelde prys aan die Kompanjie verkoop. Eers nadat ten volle aan die behoeftes van die Kompanjie voorsien is, kon aan die vreemde skepe verkoop word. Alle uitvoerhandel was in die Kompanjie se hande.[1)]

Die onmiddellike probleem was om genoeg te produseer vir die behoeftes van die Kaap sowel as van die skepe van die Kompanjie. Gie skryf:

> „Jan van Riebeeck en sy onmiddellike opvolgers het hulle tevergeefs beywer om die produksieprobleem op te los. Die Here XVII....het kolonisasie en emigrasie aangemoedig, en eindelik onder Simon van der Stel het die produksie die aanvraag gedek." 2)

---

1) S.F.N.Gie: Geskiedenis van Suid-Afrika I, 1795, pp. 70-71.
2) Gie: Op.cit., pp. 158-159.

Solank as die Kaap net genoeg geproduseer het vir sy eie behoeftes en die vreemde skepe, het dit goed gegaan en het die ekonomiese beleid van die Kompanjie goed gewerk. In die begin van die agtiende eeu kom daar 'n groot verandering. Die produksie begin die aanvraag oortref. Dit was dan ook die begin van die periodieke depressies.

Sou die Kompanjie nou besef dat die veranderde omstandighede 'n drastiese hersiening van sy ekonomiese beleid noodsaak? Gie stel die vraag of die Kompanjie nou gereed sou wees om te erken dat die Kaap nie langer alleen 'n verversingspos vir sy skepe is nie, maar ontwikkel het „tot 'n kolonie met sy eie ekonomiese lewensvoorwaardes."[3]

Dat die Kompanjie dit nie besef het nie is duidelik. Dwarsdeur die agtiende eeu is dieselfde ekonomiese beleid gevolg. Toe die Kaap so ver ontwikkel dat daar 'n oorproduksie was, moes die Kompanjie vryhandel toegestaan het, sodat die koloniste van hulle produkte ontslae kon raak. Hiertoe kon die Kompanjie nie kom nie. De Mist sê dat in 1758 „beschouwde men het toestaan van een vryen vaart en handel als een te gewigtig stuk, om zich daar op, voor als noch uit te laaten."[4]

Hierdie vashou aan 'n uitgediende ekonomiese beleid was dan ook nie sonder sy bittere gevolge vir die Kaapkolonie nie.

Dit het dus as welkome nuus gekom toe verneem is van die kanse vir die uitbreiding van die handel met Nederland. Die boere het stellig gereken dat daar nou geleentheid was om uit die kroniese depressie verlos te raak, wat al weer erg toen die sestiger jare begin druk het.

In die jaar 1770-1771 was die waarde van die totale uitvoer f120,499:14:0. Daar is 387 lêors wyn en 11,916 mud koring uitgevoer.[5] Gedurende hierdie jaar is nog geen produkte

---

3) Ibid.
4) V.R. Soc., III, De Mist: Memorie over de Caab, pp. 16-17.
5) C557 Uitg.Br.: Kaapse Regering, 29.2.1772, pp. 254-255.

na Nederland uitgevoer volgens die nuwe skema nie.

Die volgende jaar het die uitvoer vermeerder tot f152,306: 3: 8 [6]. Dit was die eerste jaar dat begin is om produkte na Nederland uit te voer. In 1773 styg die waarde van die uitvoer tot f198,498: 11: 0. [7] en in 1774 tot f223,778:4:0. [8] In 1776 was die waarde van die uitvoer f213,982: 8: 0. [9]

In 1778 het die uitvoer skerp gedaal weens die droogte en swak oeste. Die totale bedrag vir die uitvoer het slegs f111,318: 15: 8 bedra. [10] In 1779 was die waarde van die uitvoer heelwat meer, naamlik f214,382: 15: 8. [11]

Wanneer 'n mens die uitvoerlyste beskou, is dit baie opmerklik dat terwyl meer en meer koring uitgevoer is, die uitvoer van wyn min of meer dieselfde bly en daarby betreklik min is.

In 1772 is 16,137 mud koring uitgevoer na Europa en die Ooste, terwyl die regering 23,168 mud koring van die boere ingekoop het. [12] In 1773 is ongeveer 27,335 mud koring na Europa en die Ooste gestuur, terwyl daardie jaar 40,552 mud deur die Kaapse regering ingekoop is van die burgers. [13] In 1774 is altesaam 32,250 mud uitgevoer terwyl 40,124 mud ingekoop is. [14] In 1776 het die uitvoer gestyg tot 35,300 mud en is 43,575 mud ingekoop van die burgers. [15] In 1778 bereik die uitvoer van koring 'n laagtepunt en bedra slegs 12,384 mud. [16] Dit is veroorsaak deur die droogte van 1777-1778. In 1779 styg die uitvoer van koring weer tot 31,234 mud. [17]

---

6) C557 Uitg.Br.: Kaapse Regering, 18.12.1772, pp. 984-986.
7) C559 " " " 18.12.1773, pp.1025-1026.
8) C559 " " " 16.12.1774, pp. 993-995.
9) C561 " " " 27.12.1776, pp. 920-923.
10) C563 " " " 28.12.1778, pp. 670-672.
11) C563 " " " 4.12.1779, pp. 876-877.
12) C64 Resolutien, 26.11.1772, pp. 436-438.
13) C65 " 7.12.1773, pp. 400-403.
14) C66 " 6.12.1774, pp. 375-377.
15) C68 " 10.12.1776, pp. 359-361.
16) C563 Uitg.Br.No.114: Kaapse Regering, 28.12.1778, pp.670-672.
17) C564 " No.129: Kaapse Regering, 4.12.1779, pp. 876-877.

University of Cape Town

Die waarde van die koring wat uitgevoer is, was meer as 2/3 van die totale uitvoer, byvoorbeeld in 1772 was die waarde van die koring wat uitgevoer is f96,811 terwyl die totale waarde van die uitvoer f152,506 bedra het.[18] In 1773 het die uitvoer van koring f132,870 bedra teenoor f198,498 van die totale waarde.[19] In 1774 was dit f168,231 teenoor f223,778 van die totale waarde.[20]

Wat die wynboere betref, was hulle bepaald nie so gelukkig om so 'n groot afset te hê soos die koringboere nie. In 1772 is 464 leers wyn uitgevoer met die waarde van f44,216.[21] In 1773 is 429 lêers uitgevoer ter waarde van f41,050.[22] In 1774 was die wynuitvoer 420 lêers ter waarde van f39,150.[23] In 1778 is die laagtepunt van die wynuitvoer bereik toe slegs 300 lêers uitgevoer is ter waarde van f29,370.[24] Die grootste aantal lêers wat in die sewentiger jare uitgevoer is, was 493 en is in 1779 uitgevoer. Die waarde daarvan was f45,936.[25]

Het hierdie vermeerderde uitvoer van die sewentiger jare die ekonomiese voorspoed gebring wat verwag is? Walker sê:

> „During the seventeen seventies Cape exports to Europe and the Indies increased; but expanding trade did not bring the burghers the prosperity they had expected."[26]

Laat ons dus die posisie van die graan- en wynboere ondersoek om te sien watter faktore daar toe bygedra het om die boer se ekonomiese posisie swak te hou, nieteenstaande die groter uitvoer van die sewentiger jare.

Volgens die syfers wat genoem is, het dit duidelik geblyk dat groot hoeveelhede graan uitgevoer is. Die koringboere het dus nie met groot surplusse opgeskeep gesit nie.

---

18) C557 Uitg.Br.: Kaapse Regering, 18.12.1772, pp. 984-986.
19) C558 " " " 18.12.1773, pp.1025-1026.
20) C559 " " " 15.12.1774, pp. 993-995.
21) C557 " " " 18.12.1772, pp. 984-986.
22) C558 " " " 18.12.1772, pp.1025-1026.
23) C559 " " " 16.12.1774, pp. 993-995.
24) C563 " " " 28.12.1778, pp. 670-672.
25) C563 " " " 4.12.1779, pp. 876-877.
26) Walker: op.cit., pp. 93-94.

University of Cape Town

Daar was egter ander faktore wat die koringboere se ekonomiese posisie ernstig benadeel het.

Die vergoeding wat die boere vir hulle koring gekry het wat hulle aan die Kompanjie gelewer het, was hopeloos te min. Die Kompanjie het vir elke vrag van tien mud wat gelewer word, 24 rds. betaal, nadat die tiende wat aan die Kompanjie verskuldig was, afgetrek is. Hierdie graan is of plaaslik deur die Kaapse regering verbruik, of na die Ooste gestuur.

Vir alle koring wat die boere bring om na Nederland gestuur te word, is slegs 18 rds. vir 10 mud betaal. Nieteenstaande die lae prys, is ook nog die tiende geëis. Die Here XVII het in 1772 as volg hieromtrent aan die Kaapse regering geskryf:

> „Te meer also wij uit U.E. schryvens besluiten de tarwe die het voordeeligste product voor ons is by een adventageus gewasch onder de 100 guldens het last aan boord te staan sal komen; wanneer de maatschappy in sig selve nog het voordeel der tiende heeft." 27)

Dit het groot ontevredenheid onder die boere verwek. Verskeie vooraanstaande burgers o.a. Marten Melk en Thomas Frederick Dreyer het die Goewerneur gaan spreek hieroor. Hulle het gesê dat om die tiende te eis van die koring wat teen 18 rds. die 10 mud gekoop word, „zulks te hard, en zoo zy begreepen geensints de intentie van U Wel Edele Groot Agtb. (d.w.s. Here XVII) kon zijn...." Na „veele debatten" het die 28) Goewerneur toegestem om nie die tiende verder te eis nie.

Oor hierdie lae pryse van koring het die burgers baie gekla. In die Burgermemorie van 1779 kla die burgers dat hulle 'n prys vir hulle koring ontvang, „waarvoor 't egter den Colonist niet mogelijk is, dezelven op den duur te leeveren." 29)

---

27) Ek onderstreep.
C463 Ink.Br.: Here XVII, 26.10.1772, pp. 845-848.
28) Van Reenen: Memorie over de Caab, 1779, pp. 14-16.
29) Van Reenen: Op. cit., pp. 2-3.

In 'n memorie aan die Politieke Raad, laat 'n groot aantal vooraanstaande burgers hulle as volg oor die lae koringprys uit:

> „(de prijs) qualijk toereikende is om aan den landbouwer zijne onkosten te vergoeden, vooral voor die hunne producten met een ver transport moeten aanvoeren....." 30)

Die boer se produksiekoste sowel as die vervoerkoste was baie hoog. 'n Wa het nie minder as 170 rds. en 'n ploeg nie minder as 50 rds. gekos nie. Slawe het 300 rds. elk gekos. Die koring moes met ossewaens vervoer word „langs zandige en moeilyke weegen." 31)

Goewerneur van Plettenberg maak ook melding van die swaar onkoste waarmee die boere te kampe gehad het. Hy skryf as volg aan die Here XVII:

> „De natuurlyke gesteldheid van dit land ontbloot van eenige vaarbaare rivieren, de noodsaakelykheid mede brengende, dat alles per as moet worden vervoerd, en andere bykomende omstandigheden die den ommeslag insonderheid voor den akkerman en wyngaardenier, in allen opsigte veel grooter en uijtgebreyder doet zyn, als by de boeren in het Vaderland word vereyscht veroorsaaken dat die ingezeetenen aan buyten gewoone swaare ongelden onderworpen zyn, het aanschaffen van al het noodwendige als daar zyn wagens, ploegen, eggen, vaatwerk, een goede quantiteit hoorn en andere vee, soo tot spys, als tot arbeid en mesting der landen nodig bekwame lyfeygene, die doorgaans tegen soo exorbitant veel geld in de buyten districten werden verkogt, dat men verbaast moet zyn, over dit bestaan der ingezeetenen, op het onzeeker leven van een slaaf of slaavin, en welke men ter deeser plaatse met regt een noodsaakelyk kwaad mag noemen..." 32)

---

30) C316 Memorien en Rapporten 1784, pp. 55-83.
31) Van Reenen: Op. cit., pp. 2-3.
32) C744 Kaapsche Geschillen, pp. 15-18.

Stavorinus sê dis veral die boer wat ver van die Kaap gewoon het, wat swaar getref is deur hierdie lae prys. Hy sê:

> „Storft er onder wege een of meerder ossen, of breekt er iets aan den wagen, dan is alles verlooren wat zij voor hun graan zouden moeten ontvangen." 33)

Die koringboere het ook gekla oor die korrupsie van die amptenare. Daar is beweer dat die „dispencier", Adriaan van Schoor, wat verantwoordelik was vir die inkoop van die graan, sedert die begin van die uitvoerhandel met Nederland veel meer koring teen 18 rds. die 10 mud koop en minder teen 24 rds. die 10 mud as in die verlede toe geen koring na Nederland uitgevoer is nie. Sy verskoning was dat die meeste van die koring vir Europa bestem was, maar tog is dieselfde hoeveelheid koring nog jaarliks na Batavia gestuur. 34)

Hierdie bewering word deur Van Schoor in sy verantwoording heftig ontken, en hy noem dit 'n „opgeraapte onwaarheid". 35) As 'n mens egter in gedagte hou dat die administrasie van die Kompanjie deurtrek was met korrupsie, is dit nie onmoontlik dat so iets kon plaasgevind het nie.

Die wynboere was nog slegter daaraan toe as die koringboere. Alhoewel die koringboere lae pryse vir hulle produkte ontvang het, het hulle darem 'n afsetgebied gehad. Die wynboere het nie alleen ook lae pryse ontvang nie, maar selfs met 'n groot surplus opgeskeep gesit.

Die jaarlikse wynproduksie vir die vyf jaar gereken tot Mei 1779 was 4,442. 36) Volgens 'n memorandum van Pieter Hacker was die jaarlikse produksie 3,244 vir die vyf jaar 1775-1779. 37)

Die wyn wat die meeste geproduseer is, was die Kaapse witwyn. Hiervoor het die boere 27 rds. per lêer van die Kompanjie ontvang. Die Kaap het ook goeie wyn geproduseer soos

---

33) J.S.Stavorinus: Reize II, 1774-1778, pp. 315-320.
34) Van Reenen: Op.cit., pp. 14-16.
35) C744 Kaapsche GGeschillen, pp. 227-232.
36) C.Beyers: Die Kaapse Patriotte, p. 109.
37) C71 Resolutien, 16.2.1779, pp. 105-110.

University of Cape Town

byvoorbeeld Pontakwyn, rooi en wit Muskadelwyn, wit Steenwyn en Kaapse Madeirawyn.[38] Die Constantiawyn was beroemd ook in Europa. Vir goeie Pontakwyn is 80 rds. die lêer betaal. Vir rooi Steenwyn is 80 rds. die lêer betaal en vir Kaapse Madeirawyn is 30 rds. die lêer betaal.[39]

Die uitvoer na Nederland wat die koringboere van hulle surplus koring verlos het, het nie dieselfde voordeel aan die wynboere besorg nie.

Wanneer 'n mens die uitvoersyfers van wyn nagaan, d.w.s. gewone Kaapse witwyn wat die meeste geproduseer is, blyk dit dat daar selde meer as 100 lêers uitgevoer is na Nederland. Vanaf 1772-1776 is gemiddeld 91 lêers gewone Kaapse witwyn uitgevoer. Vir dieselfde periode is gemiddeld 27 lêers per jaar ander soort wyn uitgevoer naamlik rooi en wit Steenwyn, Pontak- en Madeirawyn. Dit is gemiddeld 118 lêers per jaar van alle soorte wyn.[40]

Vir die laaste vyf jaar, naamlik 1771-1781 was daar 'n dalende neiging en is hoofsaaklik gewone Kaapse witwyn uitgevoer. Die gemiddelde uitvoer was 101.4 leers per jaar.[41] Aangesien die jaarlikse produksie tussen 3,000 en 4,000 leers was en hiervan 945 lêers deur die Kompanjie opgekoop is, is die burgers gelaat met 'n surplus van ongeveer 2,300 waarvan hulle ontslae moes raak.[42]

In tye van oorlog wanneer groot vlote by die Kaap aangekom het, het die boere geen moeite ondervind om hulle wyn te verkoop nie. In vredesjare soos 1771-1780 het dit nie so maklik gegaan om 'n afsetgebied vir hulle wyn te vind nie. Die boere was

---

38) C312 Memorien en Rapporten No.9, 16.2.1779, pp. 61-63.
39) C744 Kaapsche Geschillen, p. 267.
40) C557 Uitg.Br.: Kaapse Regering, 18.12.1772, pp. 984-986.
C558 " " " 18.12.1773, pp.1025-1026.
C559 " " " 16.12.1774, pp. 993-995.
C561 " " " 20. 1.1776, pp. 88-90.
C561 " " " 27.12.1776, pp. 920-923.
41) C562 Uitg.Br.: Kaapse Regering, 29.11.1777, pp. 719-721.
C563 Uitg.Br. No.114, Kaapse Regering, 28.12.1778, pp.670-2.
C564 Uitg.Br. No.129, Kaapse Regering, 4.12.1779, pp.876-7.
C566A Uitg.Br. No.1: Kaapse Regering, 8.1.1781, pp. 5-7.
C566B Uitg.Br. No.61: Kaapse Regering, 28.6.1782, pp.1038-9.
42) C312 Memorien en Rapporten No.9, 16.2.1779, pp. 61-63.

University of Cape Town

genoodsaak om hulle wyn aan die pagter te verkoop omdat hy die alleenreg besit het om wyn by die kleinmaat te verkoop. Hy het nie teen 'n vasgestelde prys gekoop nie, maar teen 'n prys waaroor hy en die boer kon ooreenkom. In tye van goeie oeste, het die wynpagter die wyn baie goedkoop van die boere gekoop. In 1773-1774 en in 1775-1776 was die prys wat die boere ontvang het baie laag, naamlik 11 en 16 rds. per lêer.[43]

Wat was dan die oorsaak van hierdie swak afset? Waarom het die Kompanjie nie ook groot hoeveelhede wyn opgekoop en na Europa en die Ooste gestuur nie? Die rede was dat die Kaapse wyn van 'n baie swak gehalte was. Daar is reeds in die vorige hoofstuk gewys op die klagtes van die Here XVII oor die gehalte van die Kaapse wyn en brandewyn. Ook van Batavia waarheen die meeste Kaapse wyn uitgevoer was, is klagtes ontvang.

As die wyn van 'n beter gehalte gewees het, sou die uitvoer aanmerklik meer gewees het. Dit blyk baie duidelik uit 'n brief wat die Kaapse regering van die Bataafse regering ontvang het. Die brief lui onder andere:

> "Den wijn eijsch in dit jaer (1778) groot drie hondert leggers of een hondert meer als voorleeden jaer eens deels omdat de soorte beter voldaan hebben, andersdeels omdat wy vertrouwen dat dezelve in qualiteit nog sullen verbeteren om ons in staet dezelve tak van handel met de Caabsche colonij te vermeerderen."[44]

Die regering van Bengale het ook in 1777 geskryf dat drie lêers en 75 halfaam wyn sleg bevind is met hulle aankoms in Bengale.[45]

Daar was ook ander faktore wat bygedra het tot die swak ekonomiese posisie van die wynboere.

Dit het soms gebeur dat een of ander groot wynboer wynpagter geword het. Die pagter verkoop dan eerste sy eie wyn, en koop min wyn van die ander boere. Een vooraanstaande wynboer

University of Cape Town

---

43) C744 Kaapsche Geschillen, pp. 257-258.
44) C466 Ink.Br.No.91: Raad van Batavia, 12.10.1778, pp.395-6.
45) C69 Resolutien, 1.4.1777, pp. 144-145.

wat terselfdertyd pagter was, was Marten Melk. Volgens Stavorinus het Marten Melk in een jaar f100,000 wins van die wynpag gemaak.[46] Dat 'n boer ook wynpagter kon word, het tot ernstige ontevredenheid gelei, sodat die boere in 1774 'n versoekskrif tot Goewerneur van Plettenberg gerig het.

Hulle vra „dat het voortaan aan geen wyngaardenier meer mogte werden gepermitteerd, aanneemer ofte pagter der generaale pagt van de Caabse wijn te mogen zijn, dewijl zulx tot merkelyke prejudicie der andere wyngaardeniers was streckende, en wel principaal, wanneer de voorsz: generaalen wijnpagt quam te vallen in handen van den tegenwoordigen pagter Marten Melk, geconsidereerd denselven van zijne......plaatsen, thans bereets zoo veel wyn quam te perssen, dat reets nu in dit en 't gepasseerde jaar, niets van de ingesetenen hadde ingekogt, en door het steeds aanplanten van nog meer wijnstocken, ook in 't vervolg geen wijnen van de wijngaardeniers zoude behoeven in te koopen."[47]

Die Politieke Raad besluit egter dat die versoek van die wynboere nie toegestaan kan word nie, omdat dit tot nadeel van die Kompanjie se belange sou strek.[48]

Die wynboere het gekla dat die keldermeester wat verantwoordelik was vir die inkoop van wyn vir die Kompanjie, die boere ook ernstig benadeel. Die burgers kla in hulle memorie van 1779:

> „3. Dat toen de wyn omtrent 7 of 8 jaaren geleeden op een hoogen prys, namentlyk van 40 ryksdaalders de legger, was, veel meer wyn voor 27 rds. is geleeverd worden, dan wanneer de wyn naderhand op een laage prys was gedaald als zynde toen veel minder wyn aan de Edele Compagnie geleeverd geworden........"[49]

Hulle kla ook dat wanneer daar 'n goeie wynoes gemaak is, die keldermeester hulle dwing om hulle beste rooi maagwyn waarvoor hulle van vreemdelinge 80 tot 90 rds. die lêer ontvang,

---

46) Stavorinus: op.cit., pp. 51-55.
47) C66 Resolutien, 6.12.1774, pp. 383-394.
48) C67 Resolutien, 10.1.1775, p.64.
49) Van Reenen: op.cit., pp. 10-12.

vir 27 rds. aan die Kompanjie te verkoop.[50]

Die keldermeester het bogenoemde aantygings ontken en laasgenoemde beskuldiging 'n „aller malitieust, lasterlyk articul" genoem, „eene laster, so groot so evident fals...."[51] As 'n mens in aanmerking neem dat korrupsie nie iets vreemd in die administrasie van die Kompanjie was nie, het die boere waarskynlik heelwat grond gehad vir hulle klagtes.

'n Groter getal skepe het gedurende die jare 1770-1779 Tafelbaai binnegeseil as die vorige jare. Die aantal skepe vir hierdie jare was respektiewelik 78, 94, 118, 113, 126, 120, 123, 112, 117, 113. Hierdie skepe was Nederlandse, Engelse, Deense, Franse, Portugese, Pruisiese en Sweedse skepe.[52] Hierdie groter toeloop van skepe het wel vir die boere 'n groter afset vir hulle wyn gegee as wat hulle in die vyftiger en sestiger jare geniet het, maar dit het nie veel gedoen om die wynboer se ekonomiese posisie te verbeter nie. 'n Bewys hiervan is dat in 1774, toe die grootste aantal skepe die Kaap besoek het, naamlik 126, die boere in daardie jaar hulle wyn vir 16 en 11 rds. die leer verkoop het.[53]

'n Mens kom dus tot die gevolgtrekking dat alhoewel daar 'n effense verbetering van die ekonomiese posisie van die Kaap vanaf 1770 ingetree het, daar glad nie 'n toestand van voorspoed geheers het nie. 'n Voorval wat dit baie goed illustreer, het in 1779 plaasgevind.

Op 2 September 1779 verklaar die onafhanklike fiskaal Mr. Willem Cornelis Boers dat die brandewynpagter Willem de Kruger nog 2833: 16: 0 rds. skuldig bly op die brandewynpag. Hy het met de Kruger hieroor gepraat. Hierop het De Kruger gesê dat hy „alle mogelijke devoiren hadde aangewend, om die penningen op intrest te neemen; dog dezelve mits de tegenswoordige

---

50) Van Reenen: op.cit. pp. 10-12.
51) C744 Kaapsche Geschillen, pp. 258-259.
52) C. Beyers: op.cit., p. 238.
53) C744 Kaapsche Geschillen, pp. 257-258.

schaarsheijd aan contanten, nergens had kunnen bekomen."[54)]

Vir die koringboere het die sewentiger jare weinig vermeerderde voorspoed gebring. Faktore soos lae pryse, afgee van tiendes, hoë vervoerkoste veroorsaak deur swak paaie en ver afstande, asook hoë produksiekoste veroorsaak deur die hoë pryse van landbougereedskap en slawe het alle voordele wat 'n groter uitvoer vir hulle meegebring het, gekanselleer.

Die wynboere het ons gesien, was nog swakker af as die koringboere. Nie alleen was die prys van die wyn laag nie, maar daar was nie eens altyd die geleentheid om hulle wyn selfs teen 'n baie lae prys van die hand te sit nie. In teenstelling met die uitvoer van koring, is slegs geringe hoeveelhede wyn na Nederland en die Ooste uitgevoer. Daar is op gewys dat hierdie swak uitvoer van die wyn grotendeels te wyte was aan die swak gehalte van die Kaapse wyn.

Die grondoorsaak van die Kolonie se swak ekonomiese posisie was egter die uitgediende ekonomiese beleid van die Kompanjie.

De Mist stel dit so. Hy verklaar in sy memorandum oor die Kaap dat die eweredigheid tussen produksie en verbruik verlore gegaan het, „en de commercieele maximes der O. I. Maatschappy, schynen niet te hebben toegelaaten, zodanige vryen onbelemmerden handel aan de colonisten te gunnen, waar door dit verlooren evenwigt weder zoude kunnen hersteld, en den vermeerderden aanteelt dier producten, al meer en meer geencourageerd worden."[55)]

Goewerneur Van Plettenberg het werklik die ware toestand van die koloniste ingesien. Deurdat die koloniste nie toegelaat is om 'n eie uitvoerhandel te dryf nie, moes hulle van hulle oortollige produkte ontslae raak deur dit aan die vreemde nasies se skepe te verkoop. Hoe wisselvallig hierdie mark was, word baie duidelik deur Goewerneur Van Plettenberg beklemtoon. Hy sê:

---

54) C71 Resolutien, 2.9.1779, pp. 355-358.
55) De Mist: Memorie over de Caab, V.R.Soc.III, pp. 16-17.

University of Cape Town

> „Daar nu het af en toeneemen van de welvaart deeser Colonie meer dan eenige andere volkomen afhangt van de tegen of voorspoed in den landbouw, en deese in eene meerdere of mindere maate word beloond door het aankomen of wegblyven der vreemde natie scheepen, en het vertier dat deselve te weeg brengen, het geen, gelyk bevoorens reeds is gesegt, nooit grooter is als in tyden van oorlog tusschen Vrankrijk en Engeland; waar door sy over het geheel is bloot gesteld aan die wisselvalligheeden, die niet te voorzien zijnde ook niet kunnen werden voorgekomen....."

Goewerneur van Plettenberg sê dat 'n plan uitgedink behoort te word om die landman te beskerm „....teegens eene noodlottige onsekerheyd waar in men nu steeds blyft fluctueeren;" en ook om die landman „gerust te stellen weegens het debiet der landsproducten voor billyke en geëevenreedigde prysen....."

Van Plettenberg gee aan die hand dat 'n oplossing gevind moet word om die Kolonie 'n bestendige ekonomiese grondslag te gee. Hierdie oplossing moes gevind word „...langs opentlyke en gebaande paaden...." wat daarheen gelei het. Onbevooroordeelde mense moes die plan uitwerk, „waarvan het belang der Maatschappy en het welzijn deeser volkplanting gesaamentlyk den grondslag uitmaken, in dat vertrouwen, dat daar uw Wel Edele Groot Achtbaare meermaalen blyken hebben gegeeven hoe de welvaart deeser Colonie en desselfs inwoonderen, hoogst deselve na aan het hart gaat, de daar toe strekkende middelen en arrangementen, door Uw Wel Edele Groot Achtbaare wel souden werden goedgekeurt, en ondersteunt."[56)]

Dat dit onmoontlik was om langs die „opentlyke en gebaande paaden" van die Kompanjie se ekonomiese beleid, 'n oplossing vir die vraagstuk te soek, blyk duidelik uit die oplossing wat die Goewerneur aanbeveel het. Hy beveel drastiese hervorminge aan wat baie ver afwyk van die bestaande ekonomiese beleid.

Hy sê daar is twee hoofweë oop vir die Kompanjie om die ekonomiese toestand van die Kolonie te verbeter.

---

56) C744 Kaapsche Geschillen, pp. 15-18.

Die Kompanjie moet die hele handel van die Kolonie beheer. Dit beteken dat die Kompanjie jaarliks al die landsprodukte d.w.s. koring, gars, rog, ertjies, boontjies, hardevet, wyn en brandewyn, teen 'n vasgestelde prys opkoop. Dit moet dan teen 'n vasgestelde prys aan die Kaapse inwoners verkoop word en ook aan die skepe van die vreemde nasies teen 'n prys wat volgens die omstandighede vasgestel moet word. Al die produkte wat oorskiet, moet dan na Nederland vervoer word met skepe wat spesiaal vir hierdie doel afgesonder is.

Alle buitelandse benodighede van die Kolonie moet deur die Kompanjie alleen vanaf die Ooste en Europa Kaap toe gebring en alleen deur die Kompanjie verkoop word. Maar van Plettenberg sê:

> „Alschoon nu dit plan, in de theorie wel het plausibelst voorkomende, een aansienelijke winst voor de Compagnie beloven mag, en uit dien hoofde sekerlyk ook door wylen zyn Excellentie den Heere Gouverneur Generaal van Imhoff, by desselfs instructif, deese Regeering aanbevoolen is, vermeent de ondergeteekende dat het selve, in de executie aan zulke veelvuldige swarigheeden onderworpen soude zyn, dat daar meede het bedoelde but (d.w.s.: doel; 'aim') geensints bereikt; en nog het welzyn deeser colonie, nog het voordeel der Compagnie, bevordert souden werden."

Van Plettenberg verklaar dat die Kolonie reeds so uitgebrei is dat daar groot oeste elke jaar gemaak word. Dit sou dus die Kompanjie 'n ontsaglike klomp geld kos om die oes op te koop en weer van die hand te sit. Daarby sou die koring- en wynboere, deurdat hulle nou seker is van 'n vaste mark, probeer produseer soveel as wat hulle kan. Die Kompanjie verkeer dan in gevaar om met sommige van die goedere wat van 'n minderwaardige gehalte is, te bly sit.

Dit sal ook altyd 'n moeilike kwessie bly om alle private invoer op die duur te belet. Dit sou net aanleiding

University of Cape Town

gee tot smokkelhandel. Daarby kom baie van die skepe dikwels by die Kaap aan om juis 'n bietjie private handel te drywe. Dus as alle private handel belet word, sou die skepe wegbly en die aanvraag na landbouprodukte sou daal.

Aangesien hierdie Kolonie tog nooit in 'n handelstasie sal ontwikkel nie, sou dit vir die belange van die Kompanjie die beste wees om slegs die speseryhandel in sy hande te hou en „voor het overige aan de ingeseetenen deeser volkplanting vryheid verleende, soo wel in de producten des lands na buiten, als goederen naar buiten, het zy Europische, het zy Indische, binnen de Colonie negotie te dryven, mits dat daar omtrent behoorlyke maatregulen genoomen, en soodanige voorwaarden vastgesteld worden, die den koophandel selve aanmoedigende, te gelyk de Maatschappy eenen sekeren winst souden aanbrengen."

Die Goewerneur gee dus die volgende wenke aan die hand vir die oplossing van die ekonomiese moeilikhede:

Artikel 1.

Die Kompanjie moet die reg behou om soveel van die landbouprodukte as wat die Kompanjie nodig het, teen dieselfde prys as die huidige, jaarliks in te koop. Ook moet die Kompanjie die reg behou om die uitvoer van produkte te verbied as die oeste swak was, of in sulke tye wat dit nodig mag wees dat die Kompanjie eers voorsien moet word.

Artikel 2.

Dat alle tiendes van graan wat die koloniste aan die Kompanjie moes afstaan, afgeskaf word. In die plek daarvan moet 'n belasting gehef word op elke vrag graan wat deur die „barriere des casteels" gaan, eweredig volgens die soort graan, of dit koring, gars, rog ens. is. Van Plettenberg sê:

"......zynde de ondergeteekende verseekert, dat deese soort van tol op eenen gelyken voet gedraagen werdende, de Compagnie meer aanbrengen sal dan de soogenaamde thiende, waar meede doorgaans groote agterhoudentheid werd gepleegt."

Artikel 3.

Elkeen behoort toegelaat te word om die landsprodukte wat hoofsaaklik uit koring en wyn bestaan, aan die vreemde nasies te lewer sonder om daarop enige beperkings te plaas, aangesien die pag van die invordering van die belasting op alle wyn wat uitgevoer word en die voorgestelde graanbelasting genoeg inkomste sal oplewer.

Artikel 4.

Op elke lêer wyn wat die vrye koloniste op eie rekening met die skepe van die Kompanjie na Nederland wil stuur, moet ook 'n belasting van 5 rds. gehef word.

Artikel 5.

Dat aan die burgers van die Kaap toegelaat moet word om twee of meer vaartuie aan te hou. Hulle moet dan toegelaat word om langs die Ooskus van Afrika tot by Zanzibar en op Madagascar slawe te gaan koop. Die slawe moet dan publiek opgeveil word. 'n Belasting van 5 rds. moet op elke slaaf wat verkoop word, gehef word.

Artikel 6.

As die burgers vaartuie na Europa stuur, moet die vragte slegs uit produkte van die Kaap bestaan. Op pad soheentoe mag by geen ander hawens aangegaan word nie. Slegs Nederlandse hawens mag binnegeseil word. Die vrag kan dan daar verkoop word soos die Here XVII sal bepaal.

Artikel 7.

Daar moet toegelaat word dat alle Europese ware deur skepe van die Kompanjie, vreemde nasies en die van die burgers ingebring word. Op elke artikel wat ingevoer word, moet invoerreg betaal word. 'n Lys moet opgestel word van die goedere wat vanaf Europa ingevoer mag word.

University of Cape Town

Artikel 8.

Soortgelyke lys moet opgestel word van artikels wat die koloniste van die Ooste mag invoer. Die lys kon bestaan uit „diversse soorten van lywaaten, kajaten-timmerhout en duygen, bind-rottingen, ryst, coffyboonen, suyker, thee en porcelynen....." Hierdie ware kon natuurlik nie almal op dieselfde voet belas word nie.

Artikel 9.

Om te verseker dat die in- en uitvoerregte betaal word, moet aan die Fiskaal opgedra word om „licente-brieven" uit te reik vir alle inkomende en uitgaande produkte en handelsartikels.

Artikel 10.

Om te verhoed dat die burgers wat produkte met hulle eie skepe uitvoer en weer Europese ware invoer, monopolieë vorm, stel die Goewerneur voor dat die invoerders „ten minsten viermaalen in het jaar, publicque verkooping te houden, soo niet van al het geene aan handen sal zyn, en met een ordentlyk voordeel kan worden afgeset, ten minsten van soodanige saaken, als minst hier aan de Caab en in de buiten districten kunnen werden ontbeert bestaande in houtwerken, yzer, smeekoolen, vaatwerk en metselsteenen, op dat een ieder gerieft werde met het geene tot voortsetting van zyn kostwinning nodig sal hebben." 57)

Wanneer 'n mens hierdie tien voorstelle deurlees, kom jy tot die gevolgtrekking dat die Goewerneur drasties afwyk van die bestaande ekonomiese beleid. Alhoewel hy in artikel 1 die nodige voorsorg tref dat die Kompanjie sal voortgaan om teen die lae en vir die boer onbetalende pryse landbouprodukte in te koop, nogtans stel hy verder ruime handelsvryheid voor.

57) C744 Kaapsche Geschillen, pp. 60-66.

University of Cape Town

In artikel 2 doen hy 'n goeie voorstel aan die hand wanneer hy die afskaffing van die tiendes op koring bepleit.

Veral artikels 5 en 6 was 'n baie revolusionere voorstel. Hy bepleit dat die burgers hulle eie vaartuie kan aanhou om langs die Ooskus van Afrika en met Nederland handel te dryf. Dit sou vir die burgers baie beteken het as die Here XVII soiets wou toelaat aangesien die burgers dan ontslae kon raak van hulle oortollige produkte en dus die oorsaak van depressies verwyder.

Van Plettenberg gaan nog verder deur te bepleit in artikels 7 en 8, dat die burgers ook toegelaat moet word om sekere artikels (waaronder die vernaemste negosiegoed) van Europa of die Ooste in te voer deur hulle eie, of Kompanjie of vreemde skepe. In artikel 10 gee hy ook aan die hand goeie maatreëls wat sal verhoed dat die wat goedere invoer, die inwoners van die land sal uitbuit.

In hierdie tien artikels probeer Van Plettenberg om die belange van die Kompanjie en die burgers te versoen. Die Kompanjie se belange word enersyds voldoende beskerm en andersyds word die burgers ook ruime geleentheid gegee om hulle ekonomiese posisie te verbeter. Die gees waarin hierdie artikels opgestel is, wys duidelik die Goewerneur se simpatieke houding teenoor die koloniste se ekonomiese toestand. Hy raak ook die kern van die oorsaak van die burgers se swak ekonomiese posisie. Hy besef dat hulle swak ekonomiese posisie nie soseer te wyte is aan die korrupsie van die amptenare nie, maar soos Beyers dit uitgedruk het aan 'n ekonomiese stelsel wat nie "meer harmonies genoeg aanpas by die veranderde tye en omstandighede nie."[58)]

Die vraag is nou of die Kompanjie ook die saak in hierdie lig sou beskou.

---

58) C. Beyers: Op.cit. P. 202.

Toe die Here XVII Goewerneur Van Plettenberg se rapport ontvang, is dit saam met die Burgermemorie na 'n paad kommissarisse verwys wat daaroor moes rapporteer. Die Kommissarisse se verslag, en soos dit deur die Here XVII aangeneem is, lui as volg:

> „Sy meenen dat het een seer naauwkeurig ondersoek soude vereyschen, of het voor de Compagnie, ja voor de generaale commercie van onse republicq voordeelig sy, om de Caab de Goede Hoop tot eene handelplaats te maaken, daar deselve in haare origine niets anders als eene ververschingsplaats der Nederlandsche Oost-indische Compagnie is beschouwd, waarom dan ook alle daar gedreeven wordende particulieren handel (except in producten) slegts oogluykende geschied.
>
> En soo lange dit principe niet is geconstateerd kan altans in der suppliancen 18 en 19 voorstel, om enige vaartuygen naar Europa en Indië te senden, niet worden getreeden.
>
> De Colonie dan beschouwende sodanig als sy in haare origine is geweest, en waar inne tot hier toe geene verandering is gemaakt, te weeten als eene ververschingplaats, moet het but (doel) daar van zyn, om soo veele en soo goede producten aldaar te bekomen, als men soude kunnen van noden hebben......" 59)

Nadat die Kaap reeds 130 jaar gelede gestig en sedert die agtiende eeu reeds tot 'n kolonie ontwikkel het, kom die Here XVII nog met die verklaring voor die dag dat die Kaap nog altyd as 'n verversingspos beskou word en as sodanig behandel moet word.

Die H.O.I.K. is bang om vryhandel toe te staan omdat hulle bevrees is dat die Kompanjie se belange daaronder mag ly. Nog altoos wanneer daar probeer is om hervormings te weeg te bring, het dit gestuit voor die „onveranderd systema van bestuur, dat by de O.I. Maatschappy altyd had plaats gehad, en dat van alle commercieele, en vooral van alle geoctrooijeerde associatien, onafscheidelyk is, namentlyk, dat, van eene altyd duurende bereekening van eigen voordeel, het daar toe dienstbaar maaken van de industrie, arbeid en vermogens, van

---

59) C745 Kaapsche Geschillen, Bylaag 12, pp. 121-124.

al wat haar omgeeft, en het plaatsen van de middelen van geluk en welvaart der individus, en van de voordeelen uit eenen vryen handel, ook voor anderen moetende gebooren worden; in een verwyderd aspect......"[60)]

Die ongesonde toestand van sake op ekonomies gebied, moes maar so voortduur. Geen toeskietlikheid kon van die Kompanjie verwag word nie. Die afset sou onseker bly, oorproduksie sou daar wees en die daarmee gepaardgaande kroniese depressie. Gie is dus heeltemal geregverdig om die Kompanjie die volgende verwyt teen die hoof te slinger:

> „Waar die ekonomiese moontlikhede van die Kaap in die agtiende eeu so beperk was, tref egter die geregverdigde verwyt die Kompanjie, dat sy politiek selfs die kanse wat daar was nog kleiner gemaak het. Die grootste ekonomiese vryheid was juis hier dringend noodsaaklik, en die grootste ekonomiese gebondenheid was die reël." 61)

---

60) De Mist: op.cit., pp. 17-18.
61) Gie: op.cit., p. 162. Ek onderstreep.

## H O O F S T U K  VI.

## DIE INVLOED VAN DIE OORLOG OP DIE EKONOMIESE LEWE VAN DIE KAAP.

Die uitbreek van die vyandelikhede tussen Brittanje en Frankryk en later ook tussen Brittanje en Nederland, het weer 'n tydperk van ongekende voorspoed en weelde vir die Kaapse koloniste ingelui. Teen die einde van 1779 het die eerste groot Britse vloot Tafelbaai binnegeseil.[1] Van toe af het 'n gestadige stroom Britse en Franse skepe by die Kaap aangekom.

Die vooruitsig dat daar nou weer baie geld gemaak sal kan word, het spoedig pryse van produkte laat styg, en selfs vir die pag op die uitvoer van wyn, is meer geld aangebied as tevore. Die Politieke Raad skryf hierdie vermeerdering toe „op 't voorui jtzigt, dat mits d' ontstane troubles tusschen Engeland en Vrankrijk een grooter getal scheepen dier beijde natiën alhier verwagt en daardoor een sterkeren uijtvoer der voorsz: dranken te gemoed gezien wierd, 't geen dan ook door de verschijning, zo wel van d' Engelsche en Fransche Koning-scheepen, als der Engelsche Compagnies en Fransche part:e scheepen, zodanig is uijtgevallen."[2] Die grootste voorspoed het eers begin na die aankoms van die Franse troepe en ander regimente wat deur die Kompanjie gehuur is.[3]

Nie alleen het die Britse en Franse skepe en later die groot aantal vreemde troepe voorspoed aan die Kaapse koloniste besorg nie, maar ook die steeds toenemende skeepsverkeer van die vreemde nasies, het hulle deel tot die voorspoed bygedra.[4]

---

1) C645 Dagregister, 29 Julie 1779, pp. 98-99.
2) C565 Uitg.Br.No.27: Kaapse Regering, 9.3.1780, pp. 168-171.
3) Vgl. Hoofstuk IV.
4) C. Beyers: Die Kaapse Patriotte, p. 239.
Theal: Op.cit., pp. 192-193.

Hierdie skielike voorspoed het prag en praal en weelde tot die geringste inwoner laat deurdring. In sy beskrywing van die ekonomiese toestand van die Kolonie na die uitbreek van die oorlog tussen Nederland en Brittanje, skryf die Goewerneur as volg:

> „Voor soo verre het uiterlyk aansien kan strekken tot een grondslag ter beoordeling van de reëele gesteldheid waarin de Colonisten sig bevinden, een iegelyk veel eer een allervoordeeligst denkbeeld van deese Colonie moet opvatten...." 5)

Selfs met die landbouers het dit voor die wind gegaan. Van Plettenberg beskryf hulle posisie as „seer florissant en voorspoedig." 6) Walker se ook: „Cape Town blossomed forth as Little Paris...." 7)

Die Kaapse regering het spoedig die druk van die hoë lewenskoste begin voel. Daar is besef dat die hoë pryse van lewensmiddele te wyte was aan die groot toeloop van Franse sowel as vreemde skepe. Om hulleself, hulle bondgenote en die inwoners van die Kaap te beskerm, is twee lede van die Raad afgevaardig om 'n pryslys op te stel van „alle eetwaaren en andere landsproducten, waarvoor dezelve geduurende den teggenwoordigen oorlog, zullen kunnen werden geleevert....." Die twee lede van die Raad sou bygestaan word deur die Burgerrade en Oud-Burgerrade. 8)

Die kommissie het bevind dat die pryse gestyg het weens die buitengewone mark. Dit het sekere ingesetenes aangemoedig om produkte op te koop en op te gaar, om dan weer teen 'n groot wins aan die vreemde nasies te verkoop. Op hierdie wyse het dit meegehelp om die produkte skaars en duur te maak. Die volgende pryse word voorgestel:

---

5) C744 Kaapsche Geschillen, pp. 10-11.
6) Ibid.
7) Walker: op.cit., pp. 108-109.
8) C73 Resolutien, 28.6.1781, pp. 391-394.
C704 Memorien en Instructien 1775-1782, 28.6.1781, p.309.

University of Cape Town

1. Koring moet nie vir meer as f9 per mud of 30 rds. per 10 mud aan die vreemdelinge verkoop word nie.
2. Fyn koringmeel moet aan die inwoners sowel as die vreemdelinge vir nie meer as 2 stuiwers die pond en 4 rds. die 100 pond verkoop word nie.
3. Gars moet nie vir meer as 1½ rds. per mud aan die vreemde nasies verkoop word nie.
4. Gewone Kaapse wyn moet nie vir meer as 45 rds. aan die vreemde nasies verkoop word nie, waaronder gereken is die 5 rds. wat aan die pagter afgegee moet word. Aan die ingesetenes van die Kaap moet die wyn nie duurder as 5 rds. die halfaam verkoop word nie.
5. Brandewyn moet nie vir meer as 65 rds. aan die vreemdelinge verkoop word nie, waarby gereken is die 5 rds. wat aan die pagter betaal moet word.
6. Skaapvleis moet teen een stuiwer en beesvleis teen twee stuiwers die pond verkoop word. Kalfs- en lamvleis bly uitgesonderd.
7. Talk moet nie vir meer as 8 rds. die 100 pond verkoop word nie.
8. Stertvet moet nie vir minder as 4 pond vir 6 stuiwers verkoop word nie, aan die ingesetenes sowel as aan die vreemdelinge.
9. Botter moet teen 9 stuiwers die pond verkoop word.
10. Kaapse seep moet nie vir meer as 8 stuiwers die pond aan die ingesetenes sowel as die vreemdelinge verkoop word nie.

Die kommissie beveel aan dat die wynprys eers van 1 September 1781 geldig moet wees. Die Politieke Raad het hierdie voorstelle goedgekeur.[9)]

---

9) C73 Resolutien, 10.7.1781, pp. 413-424.
C313 Memorien en Rapporten 1781, No.38, 10.7.1781, pp.457-463.
C685 Origineel Placcaat Boek, 10/11 Julie 1781, pp.126-130.

Dat hierdie prysvasstelling nie in die smaak van die wynboere, wat gedurende die depressiejare die meeste gely het, geval het nie, is seker. In 'n versoekskrif aan die Politieke Raad, geteken deur 57 Drakensteynse boere, verklaar hulle aan die Raad „hoe wij ondergeteekende met groot leedweesen zijn aangedaan, over de onlangs gepubliceerde placcaat der gepasseerde maand Julij, waarin gespecificeerd werd de prijsen van 's landsproducten, dewelke daarin op een verlaagden prys gesteld werden, als wel voornamentlyk de wijnen....."

Die wynboere verklaar dat hulle onkoste baie hoog is. Yster kos 13 rds die 100 pond; 'n wa wat in vredestyd 150 rds. gekos het, kos nou 200 rds.; 'n rol seil wat eers 9 rds. gekos het, kos nou 25 rds. Hulle versoek dat die wynprys afgeskaf moet word, het egter op dowe ore geval.[10)]

Die Kaapse regering het hom deeglik misgis indien hy gereken het dat die boere hulle sou neerlê by die vasgestelde pryse. Te lank het die koloniste in die wurggreep van 'n depressie verkeer, om vir hulle neer te lê by die prysregulasies, en hulle juis nou die kans het om hulleself te verryk. Namate die produkte nog skaarser geword het, het die pryse nog steeds gestyg.[11)]

Selfs die burgerslagters aan die Kaap het volgens klagtes wat die Goewerneur bereik het, die inwoners meer as die vasgestelde prys vir vleis laat betaal. 'n Plakkaat is toe uitgevaardig wat die inwoners beveel om dadelik by die Fiskaal te rapporteer enige „schandelijke knevelarijen" wat teenoor hulle gepleeg word.[12)]

---

10) C73 Resolutien, 9.10.1781, pp. 530-541.
11) Vergelyk 'n versoekskrif van Bresler, entrepreneur van die Franse hospitaal. C280 Requesten en Nominatien, No.102, 29.7.1783, pp. 370-379.
C75 Resolutien, 29.7.1783, pp. 486-496.
12) C74 Resolutien, 10.6.1782, pp. 609-614.
C685 Origineel Placcaat Boek, 10/16 Junie 1782, pp.226-230.

Die groot aanvraag na die Kaapse produkte, het nie alleen voorspoed vir die Kolonie gebring nie, maar het spoedig ernstige tekorte van die vernaamste produkte laat ontstaan, wat die Kaapse regering ernstige hoofbrekens besorg het.

Reeds in 1782 was daar al tekens van 'n tekort aan wyn en brandewyn.

In 'n versoekskrif aan die Politieke Raad verklaar Maasdorp, die wynpagter, dat hy „in den weinigen tijd van circa vier maanden van dit loopend jaar, zo door het afzetten van een groote quantiteit wijnen aan de veele aanweezende vreemde naties scheepen, als den sterken dagelijksen vertier onder de ingezeetenen dezer plaatse in deezen teegenswoordigen tijd, dat zig zoo veel vreemdelingen hier koomen te bevinden, en de consumptie dus ook grooter zijnde, reets bijna zoo veel wijnen meer hebbende vernegotieerd, als hy anders ordinair gewoon is te debiteeren......."

Weens die skaarste aan wyn, kon hy nie genoeg inkoop van die boere nie. Om hom uit sy verleentheid te help, is wyn uit die Kompanjie se wynkelder aan hom verstrek. 13)

Die Kompanjie het ook reeds 'n tekort aan wyn en brandewyn ondervind. Die boere is gewaarsku dat indien hulle nie genoeg aan die Kompanjie lewer nie, die regering „genoodzaakt zal zijn zodanige middelen in 't werk te stellen als men ten eijnde d' Edele Compagnie in opzigte van de voorsz: bij haar benodigde dranken buyten verleegentheijd te houden...." 14)

Toe die boere dan ook nie genoeg wyn en brandewyn aan die Kompanjie lewer nie, het die regering nie gehuiwer om die uiterste maatreël in sulke gevalle toe te pas nie, naamlik: „aan alle ende een ijgelijk t' interdiceeren en verbieden, om aan de scheepelingen der hier passeerende scheepen, 't zij

---

13) Ek onderstreep.
C74 Resolutien, 23.4.1782, pp. 489-495.
C279 Requesten en Nominatien, 23.4.1782, pp. 218-221.
14) C685 Origineel Placcaat Boek, 9.7.1782, pp. 242-243.

der Edele Compagnie, ofte vreemde natiën, of wie het verders zoude mogen zijn, eenige wijnen, om van hier te werden vervoerd, te vercoopen ofte op eenige andere wijse te veraliëneeren...."

Om die boere in 'n mate te vergoed, is die prys van wyn aan die Kompanjie gelewer, met 10 rds. verhoog.[15)]

In 1783 was die tekort aan brandewyn so kritiek, dat die brandewynpagters 'n versoekskrif aan die Politieke Raad gerig het. Hulle verklaar dat hulle die vorige jaar brandewyn teen „zeer excessive prijsen" van die boere moes koop, maar weens die aanhoudende skaarste, kan hulle glad nie meer brandewyn van die boere te koop kry nie.

Die regering kon ook self geen brandewyn van die boere te koop kry nie. Die Raad gaan toe tot die drastiese stap oor om al die brandewyn wat die boere na die Kaap bring, op te kommandeer.[16)]

'n Belangrike rede vir hierdie tekort aan wyn en brandewyn, was die onwettige verkoop daarvan aan die skepe in Valsbaai. Die boere het gedurende die tydperk 1 Februarie en 31 Augustus, wanneer dit verbode was om wyn Kaap toe te bring, omdat die wyn te jonk en van swak kwaliteit was, direk na Valsbaai vervoer. Die Kompanjie het dit probeer belet, maar of daarin geslaag is, is te betwyfel.[17)]

'n Ernstige vleistekort het ook nie agterweë gebly nie.

Op 5 Junie 1781 het die gekontrakteerde slagters van die Kompanjie 'n versoekskrif aan die Politieke Raad gerig. Hulle verklaar dat weens die groot verbruik van vleis deur die skepe, die Hottentot-regiment en Franse skepe, dit al hoe

---

15) C74 Resolutien, 27.8.1782, pp. 745-748.
C685 Origineel Placcaat Boek, 27/28 Augustus 1782, pp. 254-258.
16) C75 Resolutien, 4.2.1783, pp. 56-64.
C280 Requesten en Nominatien 1783, No.25, pp. 83-87.
C685 Origineel Placcaat Boek, 4/19 Feb.1783, pp.286-290.
17) C74 Resolutien, 21.5.1782, pp. 571-575.
C684 Origineel Placcaat Boek, 12/13 Nov.1765, pp.305-9.
C685 Origineel Placcaat Boek, 21/23 Mei 1782, pp. 210-19.

University of Cape Town

moeiliker word om vee in die hande te kry. Hulle het die Raad versoek om hulle toe te laat om vee te ruil met die kaffers. Die Politieke Raad was egter nie bereid om dit toe te laat nie.[18]

In Junie 1782 maak die Kaap weer 'n ernstige vleis-krisis deur. Die gekontrakteerde slagters lê weer 'n versoek-skrif voor die Politieke Raad. Hulle verklaar dat die vleis-skaarste verder vererger is deur pes onder die vee, droogtes en sprinkane wat die weiveld vernietig het. Veerowery maak dit ook vir die boere onmoontlik om hulle veeteelt behoorlik voort te sit. Die Politieke Raad word versoek om die boere of enige iemand anders wat daartoe bekwaam is, toe te laat om vee te ruil met die kaffers.

Hiertoe was die Politieke Raad nie bereid nie, maar het liewer 'n prysverhoging van vleis aan die Franse troepe gelewer, toegestaan.

Die vasstelling van die pryse van slagskape, het tot gevolg gehad dat die boere 'n buitengewone hoë prys vir hulle beeste geëis het.[19]

In 1783 was die Politieke Raad weer genoodsaak om prysverhogings toe te staan. In 'n versoekskrif aan die Politieke Raad verklaar die gekontrakteerde slagters dat weens die aanhoudende skaarste aan vee, kan hulle die nodige vee slegs van die boere koop teen „enorme hooge prijsen."

Die Politieke Raad besluit dan ook „dat door d' excessive groote consumptie die 'er seedert den ontstaanen oorlog met Engeland, door de hier gepasseerde swaar bemande Fransse koningscheepen en de troupen die op de onder derselver

---

18) C74 Resolutien, 5.6.1781, pp. 372-376.
C278 Requesten en Nominatien No.41, pp. 126-128.
19) C74 Resolutien, 10.6.1782, pp. 614-627.
C279 Requesten en Nominatien No.51, pp.268-274.
C685 Origineel Placcaat Boek, 14/16 Mei 1782, pp.198-202.

University of Cape Town

convoij naar India vertrockene transport zijn g' embarqueert geweest, als meede de hier aangeweest zijnde scheepen van andere vreemde natiën is gewaakt, mitsgaders de considerabele quantiteijt van't vleesch dat aan de Fransche en Luxembourgse troupen heeft moeten worden verstrekt, het slagtbaar vee thans seer schaars en niet dan tot zeer hooge prijsen te bekoomen sijnde, 't versoek der supp:lten dus op de billijke gronden is gefundeert en dierhalven meriteert dat daarop reguard werde genoomen......"

Die Politieke Raad laat hulle dus nou toe om vir die skepe van vreemde die volgende pryse te vra; twintig rds. vir een bees en 20 schelling vir een skaap.[20]

Alhoewel wyn en vleis reeds vroeg in die oorlog skaars geword het, was dit nie voor 1783 dat daar 'n ernstige tekort aan koring ontstaan het nie. Dit was te wyte aan 'n swak oes, weens die droogte. Sommige boere het nie eens hulle brood en saadkoring gewen nie.[21]

Teen Augustus was daar so 'n kritieke tekort dat die Politieke Raad verplig was om aan die broodbakkers koring uit die Kompanjie se magasyn te verstrek. Terselfdertyd is die prys van koring verhoog tot 100 guldens vir 10 mud koring.[22]

Die koringboere het nie genoeë geneem met die prysvasstelling nie. 'n Versoekskrif geteken deur 33 koringboere van Tygerberg en Koeberg is voor die Politieke Raad gelê. Hulle wys daarop dat al die boerderybenodighede, „in een considerablen hoogten van pryzen gesteegen zijn....."

Hulle versoek die Goewerneur dat as daar reeds genoeg koring in die magasyn vir verbruik aan die Kaap is, aan hulle toegestaan moet word om hulle koring te verkoop soos hulle dit

---

20) C75 Resolutien, 15.7.1783, pp. 472-479.
    C280 Requesten en Nominatien No.100, 15.7.1783, pp.362-5.
21) C567 Uitg.Br.: Kaapse Regering, 13.2.1783, pp. 168-169.
22) C75 Resolutien, 12.8.1783, pp. 510-511.
    C685 Origineel Placcaat Boek, 12/13 Augustus 1783, p.318.

University of Cape Town

die voordeligste vind. Al die jare toe die prys van graan laag was, was die bakkers nooit bekommerd daaroor nie.

Die Politieke Raad wou hieroor geen besluit neem nie.[23)]

Teen 16 Maart 1784 was daar so 'n kritieke tekort aan koring dat die Politieke Raad twee Burgerrade, Hendrik Oostwald Eksteen en Johannes Smuts, aangestel het om al die koringplase na te gaan wat onder die Kaapse distrik val. Hulle moes noukeurig opneem hoeveel koring daar nog op die plase was, en hoeveel nog aan die Kompanjie gelewer sou kon word na aftrek van die brood- en saadkoring.

Die Landdros van Stellenbosch en twee Heemrade moes dieselfde doen op die koringplase in die Stellenbosche en Drakensteinse distrik.[24)]

In hulle rapport aan die Politieke Raad verklaar die twee Burgerrade dat hulle al die koringplase geleë aan die Tyger- en Koeberge, aan die duskant van die Mosselbanksrivier en in die Swartland, besoek het. Dit is 'n totaal van 58 plase. Daar is altesaam 8,270 mud koring gevind. Na aftrek van die brood- en saadkoring, sal 1,364 mud beskikbaar wees om te verkoop.

Volgens die rapport van die Landdros van Stellenbosch, Daniël van Rijneveld, en die Heemrade is bevind dat nadat die brood en saadkoring afgetrek is, nie meer as 1,735 mud koring aan die Kompanjie beskikbaar sal wees nie.[25)]

Om die Kaapse inwoners dus teen 'n tekort van brood te beskerm, is die bak van alle „soete koek, krakelingen of ander kleengebak" verbied.[26)]

---

23) C75 Resolutien, 8.9.1783, pp. 547-553.
C280 Nominatien en Requesten No.116, 2.9.1783, pp.431-436.
24) C76 Resolutien, 16.3.1784, pp. 168-170.
C705 Memorien en Instructien 1783-1786, 30.3.1784, pp. 101-102.
C569 Uitg.Br.: Kaapse Regering, 30.3.1784, pp. 319-322.
25) C76 Resolutien, 27.4.1784, pp. 235-243.
C316 Memorien en Rapporten, 21.4.1784, pp. 273-275.
C316 Memorien en Rapporten, 24.4.1784, pp. 285-287.
26) C76 Resolutien, 18.5.1784, pp. 279-281.
C685 Origineel Placcaat Boek, 18/20 Mei 1784, pp.358-9.

Nie alleen het die Kaapse regering met ernstige tekorte aan wyn, koring en vleis te doen gehad nie, maar 'n ernstige tekort aan geld het gedreig om die regering te verlam.

Die uitbreek van die oorlog het groot uitgawes genoodsaak. Fortifikasies moes opgerig word en hier was duisende hulptroepe vir wie die Kaapse regering moes sorg. In die jaar 1779-1780 was die uitgawe van die Kaapse regering f604,850:3:0; in 1780-1781 was dit f733,157:11:8. In 1781-1782 styg die uitgawe tot f1,121,093:19:0. In 1782-1783 is steeds meer geld bestee en styg die uitgawes tot f1,592,288:11:0 en klim die uitgawes nog hoër in 1783-1784 tot f1,691,507:8:9.[27)]

Hierdie hoë uitgawes het die Goewerneur en die Politieke Raad spoedig voor 'n ernstige probleem geplaas, naamlik om genoeg geld in die hande te kry om die regeringsuitgawes te dek. Geen geld is meer van Nederland ontvang sedert die uitbreek van die oorlog nie. Alle Hollandse skepe was in die Nederlandse en Oosterse hawens vasgekeer. Die Kaapse regering het wel briewe aan die Kompanjie geskryf om geld te stuur, maar geen geld is gedurende die oorlog van Nederland ontvang nie.[28)]

Daar was reeds teen die einde van 1781 'n tekort aan geld sodat die Politieke Raad op 6 November besluit om geld van die ingesetenes te leen teen 'n rentekoers van ½% per maand.[29)]

Teen Maart 1782 het die finansiële posisie van die regering weer uiters kritiek geraak. Slegs 64,000 rds. is van die inwoners geleen. Hierdie geld saam met die geld wat per wissel na Nederland gestuur is, die pakgeld en ander gewone inkomste, was reeds so ver opgebruik dat slegs 34,684 rds. oorgebly het. Die Politieke Raad verklaar dat „by aldien niet in't

---

27) C72 Resolutien, 16.12.1780, pp. 386-392.
C73 Resolutien, 18.12.1781, pp. 779-788.
C75 Resolutien, 18. 2.1783, pp. 83-89.
C76 Resolutien, 9. 3.1784, pp. 133-142.
C77 Resolutien, 22. 2.1785, pp. 186-197.
28) C565A Uitg.Br.No.105: Kaapse Regering, 22.8.1781, p.548.
29) C73 Resolutien, 6.11.1781, pp. 647-648.

University of Cape Town

kort eenige der verwagt werdende Vaderlandsche scheepen zullen komen opdagen, uyt dewelke ten beheove desses Gouvernements eenige contanten zullen kunnen werden geligt, men geen middel zal weeten op wat wyze zy uyt de presente verleegentheyd te redden....."[30)]

Die regering se finansiële posisie was inderdaad ernstig. Daar is weer 'n keer probeer om geld van die inwoners te leen. Dit het egter misluk en daar is verklaar dat „niets van belang" verkry kon word nie.[31)]

Daar is toe probeer om die inwoners aan te moedig om geld per wissel na Nederland te stuur. Die Politieke Raad het self nie veel hoop gehad dat hierdeur genoeg geld ingekry sou word nie. Hulle skryf aan die Here XVII:

> „Maar vermits wij te gemoed zien ook door dit middel geen gelderen van belang te zullen bekoomen....." 32)

Toe daar teen 30 April 1782 nog geen geld van die koloniste verkry kon word nie, was daar geen ander weg vir die Here XVII oop as om tot die uiterste maatreël oor te gaan in sulke gevalle nie, naamlik die uitgee van ongedekte papiergeld. Die volgende waarde in papiergeld sou gedruk word.

Stuiwers:
Ses, twaalf, vier-en-twintig, ses-en-dertig.

Riksdaalders:

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| Een | vier | agt | vyftien | dertig. |
| Twee | vyf | tien | twintig | veertig. |
| Drie | ses | twaalf | vyf-en-twintig | sestig. |

Daar is beloof dat alle papiergeld weer vir silwer ingeruil sou word sodra die regering silwergeld van die Here XVII sou ontvang.

Die Politieke Raad beveel die ingesetenes om die „pergamentgeld als een deugdzamen munt in alle handeling t'

30) C74 Resolutien, 26.3.1782, pp. 390-393.
31) C685 Origineel Placcaat Boek, 26.3.1782, p.182.
C74 Resolutien, 9.4.1782, pp. 414-416.
32) C685 Origineel Placcaat Boek, 9.4.1782, p.186.
C566B Uitg.Br.No.23: Kaapse Regering, 15.4.1782, pp.822-4.

University of Cape Town

acceptoeren; ende zulx gelijk hierboven is gezegd ter tyd toe dezelve wederom bij d' Edele Compagnie zal werden ingewisselt, invoegen niemand zig zal mogen vervorderen, dezelve munt, op wat voorwendsel ofte praetext het zoude mogen zyn te weygeren in betaling aan te neemen....."[33)]

Later is ook besluit om papiergeld ter waarde van twee stuiwers uit te gee „tot gemak van het gemeen....."[34)]

Spoedig was daar baie papiergeld in omloop. Teen Oktober 1782 was reeds papiergeld ter waarde van 694,534 in omloop.[35)] Volgens die rapporte wat aan die Politieke Raad voorgele is, was daar reeds papiergeld ter waarde van 745,400 rds. gedruk. Op 18 Mei 1784 is die laaste rapport oor die druk van papiergeld voor die Politieke Raad gelê.[36)] Tot op daardie datum is papiergeld ter waarde van ongeveer 875,000 rds. gedruk.

In die algemeen het die regering nie veel las gehad van mense wat geld vervals nie. Net eenkeer in 1782 word daar in die resolusies melding gemaak van die vervalsing van papiergeld.[37)]

Dat so 'n grootskaalse uitgee van ongedekte papiergeld sy invloed op die ekonomiese lewe van die Kolonie sou laat geld, is seker. Gie maak egter die volgende opmerking hieromtrent:

> „Hoe gunstig die ekonomiese posisie skielik geword het, blyk uit die feit dat die regering in hierdie tyd papiergeld ter waarde van 900,000 rds. kon uitgee - s o n d e r n a d e l i g e g e v o l g e v i r d i e k o l o n i s t e."[38)]

So eenvoudig soos Gie die saak stel, was dit darem nie. Le Vaillant kom veel nader aan die waarheid. Hy skryf:

---

33) C74 Resolutien, 30.4.1782, pp. 508-511.
C685 Origineel Placcaat Boek, 30 April/6Mei 1782,pp.190-4.
34) C685 Origineel Placcaat Boek, 25/26 Junie 1782, p.238.
35) C566B Uitg.Br.No.86: Kaapse Regering, 8.10.1782,pp.110-111.
36) C76 Resolutien, 18.5.1784, pp. 287-289.
37) C74 Resolutien, 3.9.1782, pp.75 6-757.
C685 Origineel Placcaat Boek, 3/4 Sept.1782, pp. 262-263.
38) Gie: op.cit., pp. 212-213.

University of Cape Town

> „Schoon de Kaap niet aangetast was en zelfs niet aangetast is geweest zoo lang de vyandelijkheden duurden, had zij egter reeds enige der plaagen van den oorlog ondervonden. De vrees voor de Engelsche vlooten had belet gemunt geld daar henen te zenden. In weinig tyds war 'er gebrek aan gereede penningen; de eetwaaren steigerden in prys en de verlegenheid wierd algemeen. In dit gebrek meende de Hollandsche Maatschappij papierengeld te moeten maaken. Maar deeze nood-munt, die geene andere borgtogt of zeekerheid had dan het vertrouwen in de tekenaars, was een kwaad bij een ander kwaad gevoegd. De meeste inwooners van de binnenlanden weigerden die halstarrig en veele van hun vreezende in papier betaald te zullen worden, bragten geen eetwaaren in de stad. Hierdoor wierd alles duurer en het gebrek kwam weldra tot het uiterste." [39]

Op 15 Julie 1783 lê die gekontrakteerde slagters 'n versoekskrif voor die Politieke Raad waarin hulle kla dat die veeboere silwergeld eis en weier om papiergeld in ontvangs te neem. Die gevolg is dat hulle teen 'n verlies van 25% papiergeld vir silwergeld moet verruil.[40]

Ook die burgerslagters kla dat hulle groot moeilikheid ondervind om slagskape in die hande te kry, weens „den tegenzin, dien den landbouwer en vleesbezitters voor 't papier hebben, dat zij tot betaaling ontfangen en voor haarlieden naar hun voorgeven met al te veel ongemak en resico verbonden zijn zal..."[41]

Die burgerbakkers spreek hulle in krasse taal uit teen die papiergeld. In hulle versoekskrif aan die Politieke Raad skryf die bakkers van „den zeer dalende staat en diesvolgende verder elendige toestand van het papieremunt, waaruyt onherstelbare schaade en nadeelen spruijten voor 't algemeen generaalijk, en voor de bakkers in 't byzonder."

Die bakkers verklaar dat die waarde van papiergeld 20% minder as silwergeld is. Die landbouers verkies silwergeld vir die betaling van koring, en weier die betaling van ander geld.

---

39) Le Vaillant: Reize III, 1780-1784, p. xii.
40) C75 Resolutien, 15.7.1783, pp. 472-479.
C280 Requesten en Nominatien No.100, 15.7.1783, pp.362-5.
41) C75 Resolutien, 29.7.1783, pp. 483-486.
C280 Requesten en Nominatien No.103, 25.7.1783, pp.380-1.

University of Cape Town

Daar is ook sommige persone wat deur die ruiling van koringmeel en beskuit sulke hoë winste maak, dat hulle vir 'n vrag koring van 10 mud 36 rds. silwer, of 40 rds. waarvan die helfte silwer is of 50 rds. waarvan een-derde silwer is, betaal.[42]

Op hierdie beskuldigings het 33 koringboere van die Tyger- en Koebergdistrik geantwoord. Hulle verklaar dat hulle papiergeld sal aanneem „onder dien mits dat Uw Wel Edele Gestrengen en E.E. Achtb: goedgunstig soodanige ordre gelieve te beroemen dat soo min ambagtsman, negotiant of verder hij zij wie dat hij zal zijn moogen eenig onderschijd te sullen moogen maeken tusschen het papiere en silwere mund....."[43]

Aangesien die Politieke Raad van alle kante oorval is met versoeke om in hierdie saak op te tree, het die Raad, om enige verdere misbruike te voorkom, die volgende maatreëls getref:

1. Die uitvoer van alle kontantgeld word verbied.
2. Alle wynverkopers, bakkers en slagters mag nie weier om papiergeld aan te neem as betaling nie.
3. Dieselfde geld vir alle handelaars in negosiegoed.
4. Geen boer mag weier om papiergeld aan te neem as betaling vir landbouprodukte nie.
5. Geen verhuurder van huise of geboue mag weier om papiergeld aan te neem as betaling vir die huur nie.
6. Alle ambagsliede mag nie papiergeld as betaling weier nie.[44]

Hierdie plakkaat het blykbaar 'n goeie uitwerking gehad, want die Goewerneur het nie weer klagtes ontvang oor papiergeld nie. Die aankoms van groot hoeveelhede silwergeld in 1784, was

---

42) C280 Requesten en Nominatien No.104, 5.8.1783, pp.384-9.
43) C75 Resolutien, 8.9.1783, pp. 547-553.
C280 Requesten en Nominatien No.116, 2.9.1783, pp.431-5.
44) C75 Resolutien, 16.9.1783, p. 586.
C685 Origineel Placcaat Boek, 16/23 Sept.1783, pp326-34.

University of Cape Town

die faktor wat hoofsaaklik daartoe bygedra het om die vertroue in die papiergeld te herstel.

Op 20 April 1784 is 850,000 guldens ontvang. Alle papiergeld met die waarde van 1 rds., 36, 24, 12, 6 en 2 stuiwers moes vir silwergeld ingeruil word.[45] Op 20 Augustus 1784, is 'n verdere f350,000 van Nederland ontvang. Alle papiergeld ter waarde 6 en 8 rds. moes vir silwergeld ingeruil word.[46]

Nog 'n faktor wat bygedra het tot die instandhouding van die waarde van die papiergeld, was die goeie ekonomiese posisie van die Kolonie. Daar was 'n goeie mark vir die produkte, en dit het baie daartoe bygedra om die papiergeld nie sy waarde te laat verloor nie.[47]

Dat hierdie ongekende voorspoed wat die Kolonie deurgemaak het, te danke was aan 'n tydelike faktor, naamlik oorlog, het meer as een helderdenkende burger besef. Hierdie ekonomiese voorspoed het nie ontstaan deur 'n verandering van die Kompanjie se ekonomiese bêleid of gesonde ekonomiese groei nie. Sodra die oorlog ophou, sou die voorspoed verby wees, en die jare van depressie, lae pryse en surplusse sou die boere weer in die gesig staar.

Nieteenstaande dat daar nog in 1784 voorspoed geheers het nie, het 'n groep invloedryke burgers 'n versoekskrif voor die Politieke Raad gelê. Hulle is ten volle bewus dat die voorspoed waarin hulle op die oomblik lewe, slegs tydelik is. Hulle skryf:

> „Dat, hoe zeer deze hoofdplaats zederd deze laaste jaaren op een buitengewoone wijze heeft gefloreert, door het aanweezen van zoo een groot getal van troepes, en het aankomen van vreemde schepen, egter deze bloei niet zal

45) C76 Resolutien, 20.4.1784, p. 221.
C685 Orig.Plac.Boek, 27 April/3Mei 1784, pp.354-355.
46) C469 Ink.Br.: Here XVII, 29.3.1784, pp. 477-478.
C76 Resolutien, 24.8.1784, p.540.
C685 Orig.Plac.Boek, 24/27 Augustus 1784, pp. 366-367.
47) Gie: op.cit., pp. 212-213.

University of Cape Town

> kunnen voortduren, zoo ras dit extra-ordinair geval komt te cesseeren....."

Hulle erken dat die landbouer in die laaste jare sy produkte teen goeie pryse kon verkoop. Tog moet onthou word dat „dit meerder debiet ook is veroorzaakt door de extraordinaire equipagien der oorlogende mogendheeden, en dus insgelijks toevallig geweest...."

In die winste wat die boere gemaak het gedurende die oorlog, sien hulle niks anders as 'n nuwe voorbode van armoede nie. Die boere kan nadat hulle hul skuld afbetaal het, hulle geld nêrens anders belê nie. Hulle steek dus die geld in hulle plase om hulle boerdery te vergroot. Dit veroorsaak 'n groter produksie. Indien die aanvraag vir produkte nie eweredig styg nie, beteken hierdie vermeerderde produksie 'n verlaging van die prys van produkte.

Die burgers kla dat weens die swak verbindingsweë met die binneland, kan hulle nie hulle produkte daar verkoop nie, en kan die binnelandse boere vir die Kaapse burgers nie van die nodige hout voorsien nie. Hulle verklaar „dat gelijk het een algemeene regel is, dat de landbouwer niet kan bestaan, ten zij hij de vrugten van zijnen arbeid en van het land op een genoegzame wijze kan te gelde brengen, het den suppl. ook voorkomt klaarblijkelijk te zijn, dat ook deze Colonie, die alleen uijt landbouwers bestaat, op den duur niet zal kunnen subsisteeren, zonder een bestendig vertier geëvenredigd aan de quantiteit der producten....."

Die onrus en woelinge onder die burgers skryf hulle toe aan „dit wezentlik gebrek in een constitutie." Die ekonomiese stelsel wat vanaf die begin van die stigting van die Kolonie toegepas word, is uitgedien en moet afgeskaf word. Hulle versoek daarom die Kaapse regering om voorspraak by die Here XVII te doen om aan „deeze Colonie zulke meerdere uijtwegen, als nodig zijn tot een beter en bestendig vertier harer producten en enigsins bestaan kunnen met de andere belangens

der Edele Compagnie goedgunstig gelieven open te stellen." Hulle vra dat toegelaat sal word dat hulle hul produkte oorsee mag gaan verkoop.

Die Goewerneur en die Raad het hulle verbasing uitgespreek oor die inhoud van die versoekskrif. Hulle verklaar dat die Kolonie „nimmer in beeter en florissanter staat" was as waarin dit op die oomblik verkeer nie, maar hulle besluit nietemin om hierdie versoekskrif na die Here XVII te stuur.[48]

In hulle finale besluit oor die petisies van die burgers, neem die Here XVII hierdie versoekskrif in aanmerking. Die Here XVII besef die billikheid van die burgers se bewering dat die ekonomiese stelsel aan die Kaap goed gewerk het solank die aanbod nie die aanvraag oortref het nie, maar dat 'n hersiening van die ekonomiese beleid nou nodig is omdat die Kolonie meer produseer as waarvoor daar 'n aanvraag bestaan.

Die Here XVII sien egter nog nie kans om die groot mate van handelsvryheid toe te staan wat Goewerneur Van Plettenberg bepleit nie, maar besluit om „in deesen een middenweg te beproeven."

Al die wyn, graan en ander produkte wat oorbly nadat die Kompanjie voorsien en soveel produkte as moontlik aan die vreemde skepe verkoop is, kan aan die Kompanjie verkoop word. Om te sorg dat op „eenen billyken en reedelyken voet" te werk gegaan word, moet die Goewerneur 'n raad benoem bestaande uit drie kompanjiesdienare en drie burgers. Hierdie lede moet uit die Raad van Justisie benoem word.

Hierdie raad moet jaarliks die prys vasstel van die oortollige produkte. Die Here XVII laat hom egter die volgende waarskuwing ontval:

University of Cape Town

---

48) C76 Resolutien, 17.2.1784, pp. 91-94.
C316 Memorien en Rapporten 1784, 17.2.1784, pp.55-63.

> „Zullende by het bepaalen van die prysen tot een grondslag moeten worden gelegd, dat het voorsz: middel enkel dienen moet om den colonist van desselfs overtollige producten te ontlasten en niet om deselve hier in te doen vinden eenige redenen om het selve boven het voorseide vertier en de voorseide gewone leverantie te verkiesen." 49)

Daar kan met veiligheid aangeneem word dat die pryse van oortollige produkte so laag vasgestel sou word dat dit bepaald nie die boere sou aangemoedig het om hulle produkte aan die Kompanjie te verkoop nie.

So het die geskiedenis, wat die Kaap betref, homself herhaal. Soos in die verlede, was dit weer 'n oorlog tussen Brittanje en Frankryk wat die Kaap uit sy depressie gelig en onbekende voorspoed besorg het. Groot vlote van beide nasies het hulle ankers in Tafelbaai gewerp. Met die toetrede van Nederland tot die oorlog is 'n groot besettingsmag na die Kaap gestuur.

Die groot aanvraag vir die Kaapse wyn, koring en vleis het die pryse in die hoogte laat skiet. Die lewenskoste het enorm gestyg, en die Politieke Raad het daartoe oorgegaan om prysbeheer toe te pas in 'n poging om die pryse van lewensmiddele binne perke te hou.

Die groot skaarstes wat ontstaan het aan wyn, koring en vleis, getuig dat die boere, in teenstelling met die vredesjare, nie genoeg kon produseer om in die groot aanvraag te voorsien nie.

Daar is op gewys dat waar daar gevaar bestaan het dat die Kompanjie se belange sou ly onder die tekorte, daar nie geskroom is om tot die uiterste maatreël oor te gaan nie, naamlik die uitvoer van alle produkte te belet.

Die groot besettingsmag het groot uitgawes meegebring, en gevolglik moes later papiergeld uitgegee word. Alhoewel die papiergeld in die begin las gegee het, het dit die ekonomiese toestand nie ernstig benadeel nie.

---

49) C745 Kaapsche Geschillen, pp. 164-168.

Die einde van die oorlog het gekom, en 'n groep invloedryke burgers, wat besef het dat die voorspoed slegs aan 'n tydelike faktor, oorlog, te danke was. Hulle het besef dat die maer jare weer sou begin sodra die oorlog beëindig is.

In hulle versoekskrif bepleit hulle dat die uitgediende ekonomiese stelsel van die Kompanjie, verander moet word, sodat dit moontlik sou wees om van hulle surplus produkte ontslae te raak. Nieteenstaande die Here XVII die billikheid van hulle versoek besef het, kon die Here XVII nog nie daartoe oorgaan om vryhandel aan die koloniste toe te staan nie - die enigste oplossing wat daar vir die koloniste se moeilikheid was.

Die Kompanjie het nog steeds vasgehou aan die reeds verouderde ekonomiese beleid van die sewentiende en agtiende eeu, naamlik die merkantilistiese stelsel. Hiervolgens is vryhandel as iets uit die bose beskou. Gie sê:

> „Dit is kensketsend van die verstokte konserwatisme van die eertyds lewenskragtige organisasie, dat die bewindhebbers prinsipieel geweier het om hulle stigting, wat deur hulle eie maatreëls tot 'n kolonie met sy eie ekonomiese voorwaardes ontwikkel het, as sulks te beskou." [50]

Dit was nie alleen die konserwatisme van die Here XVII wat verhoed het dat hulle die kolonie se vraagstuk op die regte wyse oplos nie. Reeds lank was die Kompanjie in die skuld gedompel. In 1778 was die skuld reeds $7\frac{1}{2}$ miljoen gulde en in 1783 was dit $26\frac{1}{2}$ miljoen gulde. Sedert 1782 is geen diwidende meer uitbetaal nie. Die oorlog het gelei tot die ondergang van die Kompanjie. Die Britse vloot het 'n groot aantal skepe van die Kompanjie buitgemaak. Die gevolg was dat die eens magtige Kompanjie by die Nederlandse staat om geldelike ondersteuning moes smeek om die dreigende bankrotskap af te wend. [51] Gevolglik was die Here XVII magteloos om 'n helpende hand uit te steek om die koloniste se finansiële posisie te versterk, want daarvoor

---

50) Gie: Op.cit., pp. 158-159.
51) Gie: Op.cit., pp. 211.

University of Cape Town

was die Kompanjie se finansiële toestand self te benard. Van die belofte om die burgers se surplus produkte op te koop, het ook niks gekom nie, want daarvoor was die Kompanjie te bankrot.

So het die Kaap maar voortgegaan op die ou stelsel. Vir nog 'n paar jaar het dit goed gegaan, maar in 1791 het die depressie met al sy bittere gevolge, verpletterend op die Kaap neergesak. By hulle aankoms in Suid-Afrika in Junie 1792 skilder die twee kommissarisse, Nederburgh en Frykenius, die toestand as volg:

> „Het grootste gedeelte der ingezeetenen geruineerd in hunne finantien....., de rollen van de Raad van Justitie by elke zitting opgevuld met citatien tot betaling van schulden - executien op executien gestapeld, sonder dat de nood der crediteuren toeliet aan de debiteuren enig uitstel te verleenen - het numerair (geld) uit de Colonie als verbannen - de vaste goederen daardoor hunne waerde byna geheel verliesende - de vermogende sowel als onvermogende met eene totaale ruine bedreigd - een algemeen gemor, misnoegen en verbittering tegen de Regeering... zig allerweegen openbaarende." 52)

Dit was die uiteindelike gevolg vir die Kaap van die Kompanjie se vashou aan 'n uitgediende ekonomiese beleid!

University of Cape Town

52) Soos aangehaal deur Gie: op.cit., p.215.

# HOOFSTUK VII.

# BESLUIT.

## JOACHIM VAN PLETTENBERG AS GOEWERNEUR.

Toe Goewerneur Joachim van Plettenberg op 14 Februarie 1785 die sleutel van die kasteel aan sy opvolger, Cornélis Jacob van de Graaff oorhandig,[1] het die Kolonie op militêre en ekonomiese gebied daar heelwat anders uitgesien as veertien jaar tevore.

Op militêre gebied, het die Kolonie se verdediging in 1771 in 'n hopelose vervalle toestand verkeer. Die garnisoen was baie verswak en die vestingwerke weens die swak instandhouding daarvan, het so verval dat dit byna onbruikbaar was. Afgesien van 'n klompie kanonne wat die Here XVII gestuur het, is weinig verder gedoen om die vestingwerke, die garnisoen en die verdediging as geheel te versterk in die jare 1771-1779. Die versterkings wat die Here XVII vir die garnisoen gestuur het, het niks gehelp nie omdat van daardie troepe gebruik gemaak is om die uitkomende skepe van seeliede te voorsien.

Dit was eers met die uitbreek van die oorlog tussen Frankryk en Brittanje dat die Here XVII vir Gilquin uitgestuur het om 'n deurtastende ondersoek in te stel na die Kolonie se verdediging. Hy het die Kolonie se verdediging in 'n haglike toestand bevind.

Teen 'n Britse aanval sou die Kaap magteloos gewees het. Gelukkig het die Franse besettingsmag die Kaap betyds bereik ter beskerming teen die Engelse. Later is ook nog gehuurde

---

1) C77 Resolutien, 14.2.1785, pp. 138-144.

regimente na die Kaap gestuur.

Die moontlikheid dat die Kaap deur 'n vyandelike moondheid verower kon word, het byna 'n werklikheid geword. Dit het die Here XVII na die vrede laat besluit om in die vervolg 'n garnisoen van 2,000 man hier te hou, vestingwerke in Kaapstad en Simonstad op te rig. Daarom is in die plek van Goewerneur van Plettenberg 'n bekwame militêr as gesagvoerder aangestel.[2]

Voorwaar 'n groot verskil in 1785 in vergelyking met die toestand wat in 1771 op militêre gebied geheers het.

Op ekonomiese gebied was die toestand net so ooglopend verskillend.

Die Kolonie se ekonomiese toestand was teen 1770 bepaald baie donker. Die pryse van landbouprodukte was laag. Die boere het opgeskeep gesit met groot oorskotte.

In 1772 het daar 'n mate van uitkoms gekom. Om die skepe wat troepe en boumateriaal vervoer het, nie leeg na Nederland te laat terugkeer nie, moes hulle met Kaapse produkte gelaai word.

Hierdie vermeerderde uitvoer, het ook nie groter voorspoed gebring nie. Alhoewel die graanboere van hulle oorskot ontslae kon raak, moes hulle die koring teen sulke lae pryse van die hand sit, dat hulle, volgens hulle eie getuienis, nie op die duur daarmee sou kon volhou nie.

Deurdat so min wyn verskeep is, kon die wynboere nie eens van hulle surplus ontslae raak nie. 'n Poging om op eie rekening wyn na Nederland uit te voer, het op niks uitgeloop nie.

Alhoewel die boere se ekonomiese posisie teen 1779 ietwat verbeter het, was dit nog baie ver van rooskleurig. Die koms van groot oorlogsvlote, die groot besettingsmagte

2) Gie: Op.cit. p.213.

University of Cape Town

en die aanloop van baie vreemde skepe vanaf 1780 het oornag die Kaap uit sy kroniese depressie geruk en ongekende voorspoed en weelde gebring. Na die oorlog het die voorspoed nog 'n paar jaar voortgeduur weens die groot garnisoen wat aangehou is, en die grootskaalse bouery van vestingwerke.

Die voorspoed wat teen 1785 geheers het, was nie te danke aan gesonde ekonomiese groei nie, maar slegs aan 'n tydelike faktor, naamlik oorlog. Om te verhoed dat die Kolonie weer teruggly in 'n depressie na die oorlog, was dit dringend noodsaaklik dat die uitgediende ekonomiese stelsel van die H.O.I.K. drasties verander word.

'n Verandering is reeds deur die burgers in die Burgermemorie van 1779 en deur Goewerneur Joachim van Plettenberg in sy verantwoording aan die Here XVII bepleit. In 1784 is deur 'n groep invloedryke burgers ook 'n memorie voor die Politieke Raad gelê waarin 'n verandering van die Kompanjie se ekonomiese beleid versoek word. Die kern van al hierdie memories was handelsvryheid.

Hoe onsimpatiek die Kompanjie teenoor die belange en ontwikkeling van die Kolonie gestaan het, blyk uit die antwoord van die Here XVII op al hierdie memories. Alhoewel die Here XVII die billikheid van die burgers se versoek besef dat 'n verandering van die ekonomiese beleid nodig is, weier hulle om handelsvryheid toe te laat omdat „uit de invoering van het selve vrij nadeelige gevolgen in meer dan een opsigt voor de Maatschappy souden kunnen spruijten."[3)]

Hierdie onsimpatieke houding van die Kompanjie teenoor die belange van die Kolonie tref 'n mens gedurende al die jare van Goewerneur van Plettenberg se bestuur. Die Kompanjie het eiebelang vooropgestel. Elke verandering en verbetering wat

---

3) C745 Kaapsche Geschillen: pp. 121-124.

deur die Goewerneur en die koloniste voorgestel is, is geweier indien daar gevaar sou bestaan dat die Kompanjie se belange daaronder sou ly. Treffend word dit geïllustreer deur die Kompanjie se weiering om die wynboere toe te laat om hulle surplus wyn uit te voer op hulle eie rekening, nieteenstaande die feit dat die Kompanjie dit self nie wou koop nie.

Die slegte verhouding wat tussen die Kaapse regering en die koloniste bestaan het, was grotendeels te wyte aan die gevolge van hierdie selfsugtige ekonomiese beleid van die Kompanjie. Hierdie verdeeldheid en ontevredenheid onder die koloniste het selfs tot die picquetwag deurgedring. Die minagting wat Johannes Roos en sy volgelinge die gesag van die Goewerneur en Politieke Raad betoon het, het beslis sy ontstaan by die woelinge en gisting onder die burgers gehad.

Oënskynlik lyk dit asof die ekonomiese en militere probleme waarvoor Van Plettenberg in 1771 te staan gekom het, teen 1785 opgelos is. Hierdie verandering op ekonomiese en militere gebied, is bepaald nie te danke aan Goewerneur Van Plettenberg se administratiewe bekwaamheid, of aan enige towerformule wat hy uitgevind het vir die oplossing van die Kolonie se vraagstukke nie. Hierdie verandering moet toegeskryf word aan omstandighede heeltemal buite sy beheer.

Op militêre gebied is nieteenstaande Ryk Tulbagh en Van Prehn se rapport, weinig gedoen om die Kolonie se verdediging te versterk. Dit was die dreigende Engelse aanval wat die Here XVII laat besluit het om die Kaap te versterk. Die volvoering van hierdie taak is dan ook nie eens aan Van Plettenberg opgedra nie, maar aan sy opvolger Van de Graaff.

So was dit ook op ekonomiese gebied. Dit was nie deur Goewerneur van Plettenberg se bemiddeling dat skepe na die Kaap gestuur is om landbouprodukte na Nederland te vervoer nie.

University of Cape Town

Die uitbreiding van die handel met Nederland het sy ontstaan hoofsaaklik te danke gehad aan die begeerte van die Here XVII om die onkoste van die vervoer van soldate en boumateriaal laag te hou.

Die voorspoed van die oorlogsjare was eweneens te danke aan faktore heeltemal buite sy beheer. Die oorlog met sy groot vlote, groot besettingsmagte, en die aanloop van soveel vreemde skepe, het die voorspoed geskep.

As goewerneur, was dit Van Plettenberg se eerste en vernaamste plig om die belange van die Kompanjie te beskerm. Dit het hy ook gedoen. Hy het nie geaarsel om drastiese maatreëls te tref waar daar gevaar bestaan het dat die Kompanjie se belange sou ly nie.

In 1772 toe die boere hoë pryse vir hulle produkte ontvang het weens die aanwesigheid van 'n groot Franse eskader wat produkte ingeskeep het vir die eiland van Mauritius, het Van Plettenberg nie geaarsel om die verkoop van alle produkte aan die vreemdelinge te belet totdat eers in die behoeftes van die Kompanjie voorsien is nie.

Toe die boere in 1774 die Goewerneur versoek om nie 'n wynpagter aan te stel wat 'n wynboer is nie, het hy geweier. Dit sou teen die belange van die Kompanjie wees, nieteenstaande die wynboere groot voordeel daaruit sou getrek het gedurende daardie jare van kroniese depressie.

Selfs gedurende die oorlog het die Goewerneur etlike kere die verkoop van produkte aan vreemdelinge belet totdat daar in die Kompanjie se behoeftes voorsien is. Die Kompanjie het daarby heelwat laer pryse vir die burgers se produkte betaal.

Hiermee wil nie voorgegee word dat Goewerneur Van Plettenberg onsimpatiek teenoor die koloniste se belange gestaan en hom net vir die belange van die Kompanjie beywer het nie.

University of Cape Town

Dit was op Goewerneur van Plettenberg se inisiatief dat aan die Here XVII geskryf is dat die wynboere toegelaat moet word om wyn op hulle eie rekening na Nederland uit te voer. Hy het besef dat die wynboere nie so gelukkig was om van hulle surpluswyn ontslae te raak soos die koringboere nie.

Veral blyk sy simpatieke houding teenoor die koloniste in sy rapport aan die Here XVII oor die vooroorlogse ekonomiese toestand van die koloniste. Hy besef dat die swak ekonomiese toestand van die Kolonie te wyte is aan die uitgediende ekonomiese beleid van die Kompanjie. Daaarom beveel hy drastiese veranderinge aan wat in die praktyk op vryhandel sou neerkom.

Daar was verskeie klagtes van korrupsie in sy administrasie. Wat Van Plettenberg self betref, was hy streng eerlik. By hom was daar geen sprake van homself te verryk ten koste van die burgers nie. Nooit het hy hulle regte onder sy voete vertrap nie. Tereg kon hy aan sy „Heeren Meesters" skryf dat hy „in zynen boesem een gerust geweeten dragende, dat in de waarneming der aan hem toevertrouwde gewigtige bediening, van Hoofdgebieder deeser Volkplanting, willens of weetens niets gedaan heeft, waar door een billyk ongenoegen van Uwe Doorluchtigste Hoogheid en Uw Wel Edele Groot Achtbaare op sig soude hebben gehaald; veel min dat door het najaagen van een vuyl gewin, ofte eenigerhande ongeoorloofde oppressie der colonisten geleegentheid soude hebben gegeeven aan het misnoegen en veeler kwalyk beraadene, ingeseetenen: Dan wel reeden en oorsaak; tot de verderflyke partyschappen, die seedert eenige tyd, ter deeser plaatse de overhand hebben genomen, en nog gevonden worden."[3]

---

3) C744 Kaapsche Geschillen, pp. 86-88.

Die burgers was nie persoonlik teen die Goewerneur gekant nie. In een van die anonieme geskrifte wat onder die burgers versprei is, word van die Goewerneur gesê, „een Heer bij ieder onser bekend voor minsaam en vriendelyk."[4]

Die burgers se ontevredenheid was tot 'n groot mate gemik teen die amptenare. Anders as Ryk Tulbagh wat amptelike onderdrukking en afpersing en oneerlike praktyke tot 'n minimum afgebring het, het Van Plettenberg nie so 'n wakende oog oor die korrupsie van die amptenare gehou nie. 'n Sprekende bewys hiervan is dat die Goewerneur versuim het om op te tree teen die twee handelshuise waarin verskeie hooggeplaatste amptenare, onder andere, Damiaan Hugo Staring, lid van die Politieke Raad, beherende aandeel gehad het. Hierdie twee handelshuise het 'n monopolie gehad in goedere soos hout, teer en seil. Hulle het die boere buitensporige pryse gevra vir hierdie artikels. Alhoewel Goewerneur Van Plettenberg hulle eenkeer gewaarsku het teen die hoë pryse, het die pryse nog steeds hoog gebly.[5]

University of Cape Town

Dit is baie duidelik dat Goewerneur Van Plettenberg nie so 'n knap administrateur as sy voorganger was nie. Hiervoor is verskeie redes.

Hy was te jonk en sonder die nodige ondervinding om so 'n belangrike betrekking soos die Goewerneurskap van die Kaap te beklee. Anders as Ryk Tulbagh wat op die onderste sport van die leer begin het en na jare van toegewyde diens tot die hoogste sport bevorder is, is Van Plettenberg slegs na sewe jaar diens, in die hoogste betrekking aangestel. Gevolglik was hy nog te onervare om die Kolonie te administreer soos sy voorganger.

Daarby was hy ook behalwe Boers, die jongste in die Politieke Raad. Dit is dus nie onmoontlik dat hy deur die

---

4) C.Beyers: op.cit., Bylaag B, pp. 214-216.
5) C744 Kaapsche Geschillen, p.73.

ander amptenare beïnvloed kon gewees het nie, aangesien hulle almal reeds baie ouer as hy was.

Om korrupsie of wanpraktyke uit sy administrasie te suiwer, was 'n besliste en ferme optrede nodig. Hierdie eienskap het hy kortgekom. Alhoewel die burgers van hom as persoon gehou het, het hulle ongetwyfeld geen vertroue in hom gehad om hulle moeilikhede voor hom te lê nie. Daarom dat hulle hul direk na die Here XVII gewend het.

Hierdie gebrek aan vertroue het Van Plettenberg diep getref. Hy het ook gevoel dat dit vir hom tevergeefs sou wees om te probeer om die stormagtige waters tot bedaring te bring. Hy vra daarom sy ontslag as Goewerneur omdat hy van mening is „dat de heerschende verdeeltheid onder 's lands gesamentlyke inwoonders door eenen anderen, Gouverneur eerder en beeter sal kunnen gestuit en weggenomen worden, als door den ondergeteekenden, die van veele niet als onsydig genoeg word aangesien om te kunnen verwagten, dat zyne pogingen, ter herstelling der van hier geweekene eensgesindheid, van eene gewenschte vrugt souden zyn."[6)]

In April 1784 het die Goewerneur 'n brief ontvang waarin die Here XVII skryf dat hulle „op het verzoek van weegens den Heer Gouverneur van Plettenberg gedaan een gunstig reguard genoomen, en hem dierhalven behoudens qualiteit en rang ontslagen....."[7)]

Op 29 Maart 1785 het hy finaal van die Politieke Raad afskeid geneem. Hy het die Raad versoek om nie op die dag van sy vertrek die gebruiklike seremonies te laat plaasvind nie omdat „niet alleen 's Edele Compagnies militie neevens de burgerije soo te voet als te paard maar nu ook het thans alhier in guarnisoen leggend Switsers regiment van Meuron in

6) C744 Kaapsche Geschillen, pp. 86-88.
7) C469 Ink.Br.: Here XVII, 5.12.1783, p. 207.
C76 Resolutien, 20.4.1784, pp. 225-226.

University of Cape Town

de wapenen soude moeten koomen, hieromtrend bij zijn Edele was gevallen deese bedenkelijkheid, dat sig thans alhier komen te bevinden, diversse vreemde officieren van distinctie, aan dewelke daardoor geleegendheid soude werden gegeeven oculaire inspectie van ons magt te neemen, het geen hij Heere Van Plettenberg bij de teegenswoordige gesteldheid van tijden niet behoorde te geschieden, en daarom best geoordeld had van de voorsz: gebruijklijke honneurs te desisteeren; te meer nadien zijn Edele uijt hoofde eener onpasselijkheid, waarvan de gevolgen nog niet in 't geheel waaren gecesseerd zig liefst met den minsten omslag naar desselfs voorseide transport boden zoude willen begeeven....."[8)]

Enersyds weens die groot aantal vreemde troepe, en andersyds weens die verdeeldheid en woelinge, waarna die onderstreepte reëls verwys, wat nog onder die boere geheers het, wou Van Plettenberg liewer stil vertrek.

So het Joachim van Plettenberg, nadat hy byna veertien jaar lank aan die hoof van die Kaapse regering gestaan het, teen die einde van Maart 1785 as Chef en Admiraal van de Retoervloot na Nederland vertrek.

8) C77 Resolutien, 29.3.1785, pp. 272-273.

University of Cape Town

# LITERATUUR- EN BRONNELYS.

## I. LITERATUUR.


BEYERS, COENRAAD: Die Kaapse Patriotte 1779-1791, Kaapstad, 1929.
GIE, S. F. N.: Geskiedenis van Suid-Afrika of Ons Verlede, Deel I - 1795, Vierde Uitgawe, Stellenbosch, 1942.
MACMILLAN, W. M.: Bantu, Boer and Briton, London 1929.
MARAIS, J. S.: Maynier and the First Boer Republic, Cape Town, 1944.
STARING, MR. A.: Damiaan Hugo Staring, Zutphen, 1948.
THEAL, G.M. : History of South Africa under the Administration of the Dutch East India Company 1652-1795, Vol. II, London, 1897.
VAN DER MERWE, P. J.: Die Noordwaartse Beweging van die Boere voor die Groot Trek, Den Haag, 1937.
VAN DER MERWE, P. J.: Die Trekboer in die Geskiedenis van die Kaapkolonie, Kaapstad, 1938.
VAN DER MERWE, P. J.: Trek. Studies oor die Mobiliteit van die Pioniersbevolking aan die Kaap, Kaapstad,1945.
WALKER, ERIC A.: A History of South Africa (Second Edition), London, 1947.


## II. LETTERKUNDIGE BRONNE.

### Land- en Reisbeskrywings.


BARRINGTON, GEORGE: An Account of a Voyage to New South Wales, London, 1810.
BRINK, CAREL FREDERIK: Nieuwste en beknopte Beschryving van de Kaap der Goede Hoop, ens., Amsterdam, 1778.
CONRADIE, PETRUS: Nieuwe algemene Beschryving van de Kaap de Goede Hoop, (twee deelen), Amsterdam en Harlingen, MDCCLXXVII.
COOK, JAMES: A Voyage towards the South Pole, and round the World performed in His Majesty's ships The Resolution and Adventure, 1772, 1773, 1774, and 1775, (two volumes), 3rd edition, London, MDCCLXXIX.
DAMBERGER, CHRISTIAN FREDERICK: Travels in the Interior of Africa from the Cape of Good Hope to Morocco 1781-1797, London, 1801.
FORSTER, GEORGE: A Voyage round the World in his Brittanic Majesty's Sloop, Resolution, commanded by Capt.James Cook, during the Years 1772, 1773, 1774 and 1775, (two volumes), London, MDCCLXXVII.
HOOKER, SIR JOSEPH D. (Editor): Journal of the right hon. Sir Joseph Banks, London and New York, 1896.
HUYSERS, ARY: Beknopte Beschryving der Oostindische Etablissementen, Utrecht, 1789.
JAMES, SILAS: A Narrative of a Voyage to Arabia, India, etc. performed in the Years 1781, 1782, 1783 and 1784, London, 1797.
JAUFFRET, LOUIS FRANCOIS: Travels of Rolando, (4 volumes) London, 1804.

KINDERSLEY, MRS. NATHANIEL EDWARD: Letters from the Island of Teneriffe, Brazil, the Cape of Good Hope and the East Indies, London, 1777.

LE VAILLANT, FRANCOIS: Reize in de Binnenlanden van Afrika, langs de Kaap de Goede Hoop, in de jaaren 1780-1785, Leyden en Amsterdam (vyf dele) 1791-1792.

LORD VISCOUNT HOWE: Letters to. First Lord of the Admiralty, on the subject of a late determination, at the cock-pit in a Prize Cause, London, 1787.

LUZAC, E.: Hollands Rijkdom, behelzende den oorsprong en de vermeerdering van den Koophandel en Scheepvaart (4 volumes), 1780-1783.

MASSON, FRANCIS: An Account of three Journeys from Cape Town into the Southern Parts of Africa (From the Philosophical Transactions of the Royal Society, Vol. 66 London 1776).

MIDDLETON, CHARLES THEODORE: A new and Complete System of Geography containing a full, accurate, authentic and interesting Account and Description of Europe, Asia, Africa, and America, Vol. I, London, 1778.

MUNRO, INNES: A Narrative of the Military Operations on the Coromandel Coast, against the combined Forces of the French, Dutch and Hyder Ally Cawn, from the year 1780 to the Peace 1784; in a series of Letters, London, 1789.

PATERSON, WILLIAM: A Narrative of four Journeys into the Country of the Hottentots and Caffraria in the years 1777, 1778 and 1779, London, 1789.

RAYNAL, L'ABBE GUILLAUME THOMAS: Wysgeerige en Staatkundige Geschiedenis van de Bezittingen en den Koophandel deur Europeaanen in de beide Indien (10 dele), Amsterdam, MDCCLXXVII.

SAINT-PIERRE, JACQUES HENRI, BERNADIN, DE: A Voyage to the Island of Mauritius, the Isle of Bourbon, the Cape of Good Hope, etc., London 1775.

SONNERAT, PIERRE: Reize naar de Oost-Indien en China 1774-1781 (4 dele), Leyden, MDCCLXXV.

SPARMAN, A.: Reize naar de Kaap de Goede Hoop, de Landen van den Zuidpool, en rondom de Waereld; ens. (twee dele), Leyden, 1787.

STAVORINUS, J. S.: Reize van Zeeland over de Kaap de Goede Hoop en Batavia, naar Samarang, Macasser, Amboina, Suratte, enz. Gedaan in de Jaaren MDCCLXXIV tot MDCCLXXVIII, ens. (twee dele), Leyden, MDCCXCVIII.

THUNBERG, C. P.: Travels in Europe, Africa and Asia performed between the Years 1770 and 1779, (four volumes), 2nd edition, London, 1795.

WHARTON, CAPT. W. J. L. (Editor): Captain Cooks Journal during his First Voyage Round the World made in H.M. Bark "Endeavour" 1768-1771, London, 1893.

## III. ARGIVALE BRONNE.

### A. Uitgegewe.

Algemeen:

DE MIST, J.A.: Memorie over de Caab (The Van Riebeeck Society, III), Kaapstad, 1920.

HISTORISCH GENOOTSCHAP: Bydragen en Mededeelingen van het Memorien van den Gouverneur Van de Graaff over de Gebeurtenissen aan de Caab de Goede Hoop in 1780-1806, (Vyftiende deel), 's Gravenhage, 1894.

University of Cape Town

JEFFREYS, KATHLEEN M.: Kaapse Argiefstukken 1778-1783 (7 Dele), Kaapstad 1926, 1927, 1928, 1930, 1931; Pretoria, 1935, 1938.
NAUDE, S. D. Kaapse Plakkaatboek Deel III (1754-1786), Kaapstad 1949.
THEAL, G. M.: Belangrijke Historische Dokumenten Deel III, Kaapstad, 1911.

### Fairbridge-Versameling. (Openbare Biblioteek, Kaapstad).

VAN REENEN, JACOBUS; ARTOYS, BAREND JACOB; ROOS, TIELEMAN; HEYNS, NICOLAAS GODFRIED: Memorie Gedaan Maken, ens., Amsterdam, 1783.

## B. Onuitgegewe.

### Argiewe Gebou Kaapstad.

### Raad van Politie. 1771-1785.

C63 - C77 Resolutien, 1771-1785.
C172- C186 Bylagen tot de Resolutien, 1771-1785.
C268- C282 Requesten en Nominatien, 1771-1785.
C307- C317 Memorien en Rapporten 1771-1785.
C462- C470 Inkomende Brieven 1771-1785.
C485 Inkomende Secrete Brieven, 1763-1790.
C486 Inkomende Secrete Brieven, 1764-1787.
C487 Inkomende Secrete Brieven, 1779-1789.
C488 Particuliere Brieven, van en aan Gouverneurs Swellengrebel, Tulbagh, Van Plettenberg, 1747-1776.
C489 Particuliere Brieven van en aan Gouverneur Van Plettenberg, 1776-1784.
C490 Brieven Heeren XVII en Heeren Gedeputeerdens 1782-1784.
C556- C570 Uitgaande Brieven, Raad van Politie, 1771-1785.
C579- C581 Uitgaande Secrete Brieven, 1771-1785.
C639- C647 Dagregister, 1771-1785.
C663 Scheeps- en andere Journaalen, Deel 4, 1774-1778.
C684- C685 Origineel Placcaat Boek, 1771-1785.
(Met die bestudering van hierdie plakkate is slegs van die argiefuitgawe gebruik gemaak - Kaapse Plakkaatboek Deel III).
C704 Memorien en Instructien, 1775-1782.
C705 Memorien en Instructien, 1783-1786.
C742- C745 Kaapsche Geschillen Dele 1-4, 1779-1785.